


Weg!
Ry & Sleep

Oordgids 2018

100 kampplekke
reg oor Suid-Afrika



Foto's



Kontaknommers



GPS-punte



Geriewe

Baljaar Heeljaar

BY FOREVER VAKANSIEOORDE

Forever is sonder twyfel die koning van pret en avontuur, en elke Vakansierusoorde bied 'n unieke verskeidenheid aktiwiteite en avonture vir die hele gesin – van putt-putt en bootritte tot staproetes en perdry. Of jy nou vertrek op 'n familievakansie, 'n romantiese wegbreek of sommer net 'n lekker naweek saam met boesemvriende – daar is 'n Forever Vakansieoord vir elke geleentheid!

FOREVER IS EEN VAN DIE TOP VAKANSIEGROEPE IN DIE LAND, MET MEER AS 20 VAKANSIEBESTEMMINGS WAT WYD EN SUID OOR DIE HOOF PROVINSIËS VERSPREID LÊ. Forever Vakansieoorde spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.

BESPREEK VANDAG NOG 'N LEKKER VAKANSIE BY ENIGE FOREVER VAKANSIEOORD!



Loskopdam



Badplaas, A Forever Resort



Plettenberg, A Forever Resort



Warmbad, A Forever Resort



Blyde Canyon, A Forever Resort



Swadini, A Forever Resort



Gariiep, A Forever Resort



Tshipise, A Forever Resort



BESPREEK VANDAG AANLYN!
www.foreversa.co.za



Help 'n bietjie daar

Ek en my kollegas is reisjoernaliste. Nié reisagente nie. Ons het egter 'n effense idee hoe dit moet voel om laasgenoemde te wees, want daar beland weekliks tientalle e-posse by ons wat almal min of meer dieselfde strekking het: "Waar kan ons gaan kamp naby (bestemming) waar dit netjies is met 'n warmwaterswembad en skoon badkamers? Dit moet 'n lekker plek wees en die pad moet mooi wees en hoeveel kos dit en watter nommer moet ons bel en is daar mense wat ons kan help met die tent?" (sic)

Dis nie dat ons onwillig is om te help nie, maar dit is nogal 'n tydrowende besigheid en dan moet ons boonop raai oor wat jou idee van 'n "lekker" plek is.

Die 2018-weergawe van ons immergewilde *Oordgids* maak dus die lewe vir ons almal makliker. Vanjaar het ons besluit om 100 kampplekke reg oor Suid-Afrika te kies om jou te help besluit waar jy volgende gaan kamp. Of dit nou vir Paasnaweek, die wintervakansie, 'n vinnige wegbreeknaweek of 'n oornagplek langs die pad is, tussen dié uitgesoekte oorde behoort jy geholpe te raak, waarheen jy ook al op pad is.

Onthou, die *Oordgids* is nie 'n ranglys nie... nommer 24 is nie noodwendig beter as nommer 25 nie. Dit is bloot 'n lys van 100 oorde versprei oor al nege provinsies wat ons beïndruk het toe ons oor die laaste klompie jare daar gekamp het. Dit wissel van supergesinsoorde met waterwurms, trampoliens, minigolfbane en vakansievermaak tot stil wegkruipplekkies en alles tussenin.

By elke oord vertel ons jou hoe dit lyk, wat daar is, waar dit is en hoeveel dit kos asook die kontakbesonderhede vir wanneer jy wil bespreek. Nou kan jy jou jaar behoorlik beplan en nie wonder oor wat op jou wag by jou volgende kampsbestemming nie.

Veilige reis!

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

Weg! Ry & Sleep **Oordgids** 2018

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER cyril.klopper@media24.com

KYLE KOCK kyle.kock@media24.com

UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND, OWEN WILLOUGHBY

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD

MEDEWERKERS MARLIE FREITOS DOS SANTOS, ZIGI EKRON, FRANÇOIS HAASBROEK, SVEN HUGO, DIRK KOK, HELENUS KRUGER, LIANA MOCKE, CHARLES THOMPSON, WILLEM VAN DER BERG, NEELS VAN HEERDEN, SOPHIA VAN TAAK

HOOF: MEDIA24 DRUKMEDIA ISHMET DAVIDSON

HOOF: LEEFSTYL RAJ LALBAHADUR

HOOFBESTUURDER: MAANDELIKSE TYDSKRIFTE

NERISA COETZEE

FINANSIËLE BESTUURDER MUNEER ADAMS

SIRKULASIEHOOF LEONI VOLSCHEK

SIRKULASIEBESTUURDER RIAAN WEYERS

riaan.weyers@media24.com

ADVERTENSIEVERKOPE

SAKEBESTUURDER: ADVERTENSIES

DANIE NELL

danie.nell@media24.com

JEANINE KRUGER ☎ 082 342 2299

jeanine.kruger@media24.com

LIZEL PAUW ☎ 082 876 8189 lizel.kok@media24.com

NICK FITZELL ☎ 071 430 6311 nick.fitzell@media24.com

SANETHA MEINTJES ☎ 084 416 5797

sanetha.meintjes@media24.com

SHARLENE SMITH ☎ 083 583 1604 sharlene.smith@media24.com

THEA THOMAS ☎ 078 450 7771 tthomas@media24.com

ADVERTENSIES: UITLEG MEGAN LUITERS

TEKSVERSORGER BRIGITTE BLANCKENBERG

PRODUKSIE KERRY NASH en GERDA ENGELBRECHT

BEMARKING ROXANNE CLOETE roxanne.cloete@media24.com

KOMMERSIËLE BESTUURDER LISE COETSEE

KOMMERSIËLE HOOF: PROJEKTE FRANÇOIS MALAN

AANLYNWINKEL KELYN DONOUGH

kelyn.donough@media24.com

KONTAK ONS

DONVÉ MYBURGH ☎ 021 443 9830

donve.myburgh@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES *Weg Ry & Sleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES 18de verdieping, Absa-gebou, h.v. Adderley- en Riebeeckstraat, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES *Weg Ry & Sleep*, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

Printed by
paarlmedia
A division of Novus Holdings
Drukwerk
PAARL MEDIA KAAP
'n Afdeling van
Novus Holdings
Tel. 021 550 2400
Alle regte voorbehou

ON THE DOT
ON THE DOT

© Kopiereg *Weg Ry & Sleep*. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24



Loftus Caravan City

SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!

Sedert 1988



***Volle reeks nuwe Sprite, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehaltegekeurde gebruikte woonwaens**
***Volle reeks veelterrein- en bagasiesleepwaens, kamp- en daktente.**
Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele
***Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

011-792-1456

Sensation
CARAVANS



Gypsey
Distinctly different

Sprite
LIGHT YEARS AHEAD



Republiekstraat 150, h/v Rabie Street, Fontainebleau, Randburg
www.loftuscaravans.co.za

Inhoud

WES-KAAP

1 KLIPHOEK-RIVIEROORD	14
2 DONKIESKRAAL-GASTELODGE-EN-PRIVATE-WILDRESERVAAT	15
3 ALGERIA	16
4 THE BATHS	17
5 IMHOFF-WOONWAPARK	18
6 MEDUSA-WOONWAPARK, SOETWATER	19
7 ATKV GOUDINI-SPA	20
8 ESELFONTEIN	21
9 OEWERZICHT	22
10 MONTAGU GUANO CAVE-OORD	23
11 L'AGULHAS-WOONWAPARK	24
12 LANG ELSIE SE KRAAL	25
13 ATKV HARTENBOS	26
14 GLENTANA-WOONWAPARK	27
15 FOREVER PLETTENBERGBAAI	28
16 KAROO- NASIONALE PARK	29
17 JOALANI-GASTEPLAAS	30

NOORD-KAAP

18 HONDEKLIPBAAI-WOONWAPARK	31
19 MCDUGALLSBAAI-WOONWAPARK	32
20 NAMASTAT	33
21 AUGRABIES- NASIONALE PARK	34
22 KALAHARI WATER-WOONWAPARK	35
23 OU SKOOL-GASTEHUIS	36
24 DUIN-IN-DIE-WEG-GASTEPLAAS	37
25 WITSAND-NATUURRESERVAAT	38
26 MELTON WOLD	39
27 MOTSWEDI-KAMPTERREIN	40

OOS-KAAP

28 NQWEBA	41
29 BERGWAGGA- NASIONALE PARK	42
30 VAN STADENSOORD	43
31 OCEANVIEW FOREST-OORD	44
32 PINE LODGE	45
33 ADDO-OLIFANTPARK	46
34 TRENNERS-HOTEL	47
35 DWESA-NATUURRESERVAAT	48
36 DIE PONT	49
37 CREMORNE-LANDGOED	50
38 INTABA-LODGE	51
39 KARNMELKSPRUIT-RIVIERKAMP	52

VRYSTAAT

40 BANKFONTEIN	56
41 FOREVER GARIEP	57
42 RIVIERA-GASTEPLAAS	58
43 ALDAM-LANDGOED	59
44 GLEN REENEN	60
45 THE DELL	61

KWAZULU-NATAL

46 ROCKY BAY	62
47 ATKV NATALIA	63
48 SILVERSTREAMS-WOONWAPARK	64
49 HIGHMOOR-RESERVAAT	65
50 DOLPHIN-VAKANSIEOORD	66
51 MAHAI	67
52 ATKV DRAKENSVILLE	68
53 RICHARDSBAAI-WOONWAPARK	69
54 SUGAR LOAF-WOONWAPARK	70
55 KAAP VIDAL	71
56 BAHATI-WOONWAPARK-EN-WILDPLAAS	72
57 THANGAMI-SAFARISPA	73
58 NATAL-SPA-WARMBRON-EN-ONTSPANNINGSOORD	74
59 SODWANA-NATUURRESERVAAT-EN-KAMPTERREIN	75
60 KOSIBAAIKAMP	76

NOORDWES

61 BOEREPLAAS-VAKANSIEOORD	77
62 UMFULA-OORD	78
63 ATKV BUFFELSPPOORT	80
64 BOSVELD-OASE	81
65 KLEIN-PARADYS	82
66 DUBE-RESERVAAT	83
67 BUSH 'N BUCK	84
68 MOUNTAIN SANCTUARY-PARK	85

GAUTENG


69	TSHIKWALO-LODGE	86
70	WILLEMSRUS	87
71	DINOKENG-OORD	88
72	ALMEGA-WOONWAPARK	89

MPUMALANGA

73	OLIFANTSRIVIER-LODGE	92
74	FOREVER LOSKOPDAM	94
75	ELANDSKLOOF-FORELPLAAS	95
76	FOREVER BADPLAAS	96
77	BERG-EN-DAL	97
78	SKUKUZA	98
79	KIAAT-BUNGALOWS-EN-WOONWAPARK	99
80	FOREVER MOUNT SHEBA	100
81	FOREVER BLYDECANYON	101
82	FOREVER SWADINI	102
83	SATARA	103

LIMPOPO

84	BONTLE-BOSKAMP	108
85	MABALINGWE-NATUURRESERVAAT	109
86	KORO-KORO	110
87	FOREVER WARMBAD	111
88	ATKV KLEIN-KARIBA	112
89	BOSFONTEIN-WOONWAOORD	114
90	WATERBERGOORD	115
91	SONDELA-NATUURRESERVAAT	116
92	MATAMBA-BOSKAMP	117
93	EDENPARK	118
94	ATKV EILAND-SPA	120
95	FOREVER PHALABORWA-SAFARIPARK	121
96	TSENDZE	122
97	SHINGWEDZI	124
98	PUNDA MARIA	125
99	FOREVER TSHIPISE	126
100	MAZHOU	128



VIND JOU NUWE KARAVAAN OF KAMPEERWA

En bewonder
elke hoek
en draai.




Besoek ons gebruikersvriendelike webwerf of Toep en vind jou volgende karavaan of kampeerwa in n kits sonder enige moeite. Maak ook gebruik van ons nuutste 360° Interior View funksie, en bewonder elke produk van binne. Verbeter jou soektog en vind jou ideale karavaan of kampeerwa by Carfind.co.za

Carfind.co.za







“
Kamp is die speserye en kruie
van die lewe – en kos vir die
siel. Dit gee die lewe geur en
maak dit opwindend en lekker.
– Dirk Kok



Ontdek ware luuksheid

ATKV-oorde is al vir jare sinoniem met ongeëwenaarde gasvryheid en asemrowende natuurskoon. Met die toevoeging van luukse villas by drie van die **ATKV-oorde**, kan jy alles wat ons oorde bied geniet sonder om enige gerief in te boet.

Magalies-villas | **ATKV-Bufferpoort**

Die luukse en moderne **Magalies-villas** by **ATKV-Bufferpoort** is nét waarna die kieskeurige gesin op soek is. Elke lugversorgde villa kan ses persone in drie slaapkamers akkommodeer, en twee badkamers bedien die eenheid. Die oopplan-kombuis, leefarea en patio met ingeboude braai bied die ideale plek vir onthaal.



<http://www.atkvoorde.co.za/buffelspoort-akkommodasie>

Slanghoek-villas | **ATKV-Goudini Spa**

ATKV-Goudini Spa spog met 22 **Slanghoek-villas** wat ses persone elk kan huisves. Met 'n kaggel in die leefarea, asook 'n onderdakbraai op die veranda, is hierdie villas toegerus vir elke geleentheid en seisoen. Elkeen van die drie slaapkamers het ook sy eie veranda om die natuurskoon van af te geniet.



<http://www.atkvoorde.co.za/goudinispaa-akkommodasie>

ATKV-Bufferpoort
Tel: 014 572 1000
www.buffelspoort.co.za


ATKV-Klein-Kariba
Tel: 014 736 9800
www.klein-kariba.co.za

ATKV-Goudini Spa
Tel: 023 349 8100
www.goudinispaa.co.za



Vishoek-villas | **ATKV-Klein-Kariba**

Die onlangs opgegradeerde **Vishoek-villas** by **ATKV-Klein-Kariba** bied luukse selfsorg-akkommodasie vir groepe van tot agt persone. Elkeen van die losstaande villas beskik oor lugversorging deur die hele eenheid, asook 'n groot stoep met 'n ingeboude braai.



<http://www.atkvoorde.co.za/klein-kariba-akkommodasie>

Vishoek-villas (Diamanté-suite) | **ATKV-Klein-Kariba**

Vir diegene wat op soek is na 'n romantiese wegbreek vir twee, is die **Diamanté-suite** ideaal. Die suite is ten volle toegerus, en spog selfs met 'n borrelbad en 'n buitelugstort. Ons verskaf graag volle spyseniering op versoek in die gerief van die eenheid.



<http://www.atkvoorde.co.za/klein-kariba-akkommodasie>

Kristalkamer | **ATKV-Klein-Kariba**

Hierdie semi-oopplan-eenheid is 'n heerlike wegbreekplek vir 'n paartjie. Die luukse eenheid het 'n koninggrootte-bed en 'n en suite-badkamer met 'n stort. Daar is ook 'n kombuis met 'n stoof en 'n semi-private stoep om op te braai.



<http://www.atkvoorde.co.za/klein-kariba-akkommodasie>



Jou top KAMP & KARAVAN GIDS

WANNEER JY AAN DIE BOSVELD, WOUD OF BERGE DINK, IS **FOREVER** DIE EERSTE NAAM WAT IN 'N MENS SE KOP OPDUIK!

Forever is een van die top vakansiegroepe in Suid-Afrika, met meer as 20 familie-vriendelike vakansiebestemmings wat wyd en suid oor ons ongelooflike land verspreid lê. So bring jou tent of karavaan, en kom ervaar Moeder Natuur op haar beste.

BADPLAAS, A FOREVER RESORT

Die familie-vriendelike oord is in die hartjie van 'n natuurreservaat geleë, en bied 'n wye verskeidenheid van pret vir jonk en oud.


www.foreverbadplaas.co.za



WARMBATHS, A FOREVER RESORT

Die idilliese oord nooi jou uit om te kom kamp onder die sterre. Slaan tent op in die middel van die bosveld, en verloor jouself in die stilte.

www.foreverwarmbaths.co.za



FOREVER

RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

SWADINI, A FOREVER RESORT

Kom kamp in die Drakensberge! D   bekroonde vakansie-oord is omring deur staproetes, natuurskoon en 'n skatkis vol avontuur.

www.foreverswadini.co.za



PHALABORWA, A FOREVER RESORT

Op die drumpel van die Kruger Nasionale Wildtuin – 'n karaktervolle Afrika-oord wat omring is deur ongerepte natuurskoon.

www.phalaborwasafaripark.co.za

GARIEP, A FOREVER RESORT

Slaan tent op langs die grootste dam in Suid-Afrika – 'n ideale familie-vriendelike oord, halfpad tussen die Kaap en Gauteng.

www.forevergariep.co.za



BLYDE CANYON, A FOREVER RESORT


Verloor jouself in die prentjie-mooi vistas oor die Drie Rondawels en Blyde Canyon, vind rus vir jou siel tussen die asemrowende koppies.

www.foreverblydecanyon.co.za

PLETTENBERG, A FOREVER RESORT

D   oord is in die hartjie van die Tuinroete gele  , op die rivieroewer, omring deur loofgroen woude en skouspelagtige berge.

www.foreverplettenberg.co.za



LOSKOPDAM, A FOREVER RESORT

D   kampeerterrein strek tot die oewer van die Loskop Dam, en bied 'n verskeidenheid van familie-pret en aktiwiteite.

www.foreverloskopdam.co.za

TSHIPISE, A FOREVER RESORT

Bekend vir sy heeljaar sonnige klimaat, ongerepte bosveld en majestieuse Boabab bome wat oral groei.

www.forevertshipise.co.za



WATERFALL SAFARI LODGE, A FOREVER LODGE

As dit rustigheid is waarna jou siel smag, is Waterfall net die plek vir jou. Breek weg uit die gejaagdheid van die stadslewe, en kom ontspan net.

www.waterfallsafarilodge.co.za

BESPREEK VANDAG AANLYN!

www.foreversa.co.za





Kliphoek-rivieroord

Velddrif



Net meer as 150 km van Kaapstad af, en skaars 10 km voor jy die drieling-dorpe Velddrif, Port Owen en Laaipek binnery, lê die Kliphoek-rivieroord op die oewer van die Bergrivier.

Dié oord lê in 'n voëlreservaat in die enorme mondingsgebied van die Bergrivier en ewe gewild onder voëlkykers van reg oor die wêreld, natuurliefhebbers, watersportentoesiaste en hengelaars.

Op Kliphoek haak jy af op een van 8 groot staanplekke naby die water. As bonus het jy jou eie groot koelte-afdak en private badkamer op jou staanplek.

Vier van die 8 groot staanplekke is in 'n ry langs mekaar naby die water en die ander vier net bo dit op 'n hoë terras. Tussen elke twee staanplekke is 'n netjiese badkamergebou

met 'n aparte badkamer, opwasplek en kuierstoepie vir elke staanplek.

Die koeltebome is skraps, maar jy het ook 'n groot afdak van teerpaal en skadunet (sowat 5 x 5 m, en 2,5 m hoog) op jou staanplek. Jy kamp op grond, maar onder die afdak is 'n permanente grondseil en van die staanplekke het ook grondseile tussen die afdak en badkamer.

Van die kampeerders maak hulle wa en tente voor die afdak staan en maak die koelte-afdak hulle kuierplek. Op enkele van die staanplekke is daar ook genoeg plek om jou wa of tent tussen die afdak en badkamer staan te maak. Maar hoe ook al, elke staanplek het baie plek.

Met die afdak aan die een kant van jou staanplek en die badkamer aan die ander kant is jy redelik privaat, al het jy

'n buurman reg langs. Die badkamer is nuut, modern, gerieflik en silwerskoon. Voor die badkamergebou langs jou daklose kuierstoepie is 'n bors-hoogte muur van 2,5 m tussen jou en die bure. Op die punt van dié muur is 'n kraan wat jy en die bure deel en waar jy die sand van jou voete kan afspoel as jy van die rivier af kom.

Om krag by jou wa te kry is daar 'n lae driepuntsok teen die badkamer se een muur.

Jy kry 'n los drombraaier wat jy kan skuif tot waar jy hom wil hê, maar onthou om jou eie rooster saam te bring.

Die vullisdromme staan agter die badkamergebou, uit die oog uit.

Die Bergrivier lê net 100 treë voor die voorste staanplekke en hier regoor die kampplek is 'n klein vasmeerplek vir bote en 'n palmtakafdak met sitplek op die oewer.

Kampplek 8 groot staanplekke op grond, elkeen met 'n groot koelteafdak met 'n grondseil.

Ablusiegeriewe Jou eie netjiese badkamer en opwasplek by jou staanplek.

Prys R600 per staanplek (6 mense).

Kontak 076 344 2891
✉ kliphoekinfo@kliphoek.co.za
📍 kliphoek.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad en net meer as 2 km goeie grondpad.

GPS S32.833307 E18.212939

Weg Ry & Sleep sê Hier word heelwat planne beraam – onder meer vir nog 8 staanplekke met badkamers, en 'n vlugbal- en minigolfbaan.

Donkieskraal-gastelodge-en-private-wildreservaat

Leipoldtville



Tussen Langebaan en Lambertsbaai in die Weskus strek die Sandveld soos 'n uitgerekte boontjie die binne-land in. Hier, drie uur se ry van Kaapstad af, kan jy in 'n stil, klein kampplek langs 'n kliprantjie vergeet van die stadsgeruis en jou 40 uur-werkweek.

Die Donkieskraal-kampplek is in 'n private natuurreservaat langs 'n groot aartappel-plaas. As jy die dag gelukkig is, verwelkom 'n wiegende kameelperd jou in die pad, nog voordat jy die grond-en-sandpad van 4,7 km tot by die kamphek klaar gery het. Vlak by die hek staan helderrooi en oranje speldekussings en jou staanplek is 150 m verder.

Jy kan nie net uit die bloute by Donkieskraal opdaag nie, want die kans is goed dat jy nie gaan plek kry nie. Hier is net vyf staanplekke.

Dit is onmoontlik om deur-mekaar te raak tussen die

hand vol staanplekke, maar elkeen is nietemin duidelik gemerk met 'n houtbordjie met die nommer daarop.

Donkieskraal het alles wat jy in 'n kampplek wil hê. Elke staanplek het 'n lieflike lappie gras, net genoeg koelte om vir die son tong uit te steek, jou kraan, vullisdrom (wat ongelukkig nie die naweek van ons besoek skoongemaak is nie), kragpunt (gewone huissok), lig en braaiplek. Die gemesselde braaiplek is kniehooë en jy moet jou rooster saambring.

Van die verste staanplek af is dit 50 m badkamer en opwasplek toe. Staanplek nr. 5 is die naaste en jy hoef net 20 m met jou vuil borde te loop na die opwasbakke langs die badkamers. Dis vlekvrystaalwasbakke, maar jy moet jou skotteltjie op die grond neersit, want hier is nie pakplek nie. Die badkamers is 'n reghoekige gebou met drie deure

aan die teenoorgestelde kant van die staanplekke. Die gesinsbadkamer is agter die eerste deur en daarna kry jy die vrouebadkamer en dan die mans s'n.

As jy die kinders 'n kampplek laat kies, kies hulle gewoonlik 'n plek met 'n swembad. Donkieskraal se swembad lok egter nie net die jong klomp nie. Jy't 'n lieflike uitsig oor die plaas en jy kan in die koel water ontspan terwyl jy die natuurskoon geniet.

Die saal is teen 'n koppie gebou en een van die mure is 'n rotswand. Op koue dae kan jy hier langs die kaggel sit en Saterdag kan jy die wedstryd op die TV kyk. Uit die saal loop 'n rotsseur waardeur jy omtrent heelpad regop kan stap tot by 'n kuierplek teen rotshange. Jy kan jou sit hier op 'n bankie kry en om 'n vuurput kuier.

'n Entjie verder teen die hange is chalets en voltydse tente.

Kampplek 5 staanplekke met gras, koelte, water, krag en braaiplek.

Ablusiegeriewe Eenvoudig, ruim en skoon.

Prys R120 p.p.p.n. (R90 vir pensioentrekkers; R60 vir kinders; gratis vir o.8's)

Kontak ☎ 072 220 0358

✉ info@donkieskraal.co.za

🌐 donkieskraal.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 4,7 km is grondpad en wissel van mooi grondpad en klipperige pad tot vasgetrapte sand wat jy met 'n gewone kar kan ry. Fynbos wat tot teen die pad groei, kan 'n woonwa krap wat breër as jou kar is.

GPS S32.292231 E18.536068

Weg Ry & Sleep sê

Bespreek vroegtydig, want Donkieskraal is gewild en dikwels vol bespreek. >





Algeria

Citrusdal



Met die eerste oog-opslag voel 'n paar dinge rondom Algeria nie pluus nie. Eerstens is die Franse naam ietwat ontuis tussen al die eg Afrikaanse name soos Lot se Vrou, Koerasieberg en Rondegat. En dan lê die kampterrein in 'n bloekombos, 'n uitheemse boom wat seker nie baie vriende het hier in die middel van 'n Suid-Afrikaanse bewaringsgebied nie.

Uitheems ofte nie, dié bome vorm 'n welkome blaredak wat die sonnetjie uit die grootste deel van die kampterrein hou wanneer hy op sy ergste bak.

Met die Rondegatrivier wat sterk deur die kampterrein vloei – en 'n paar sproeiërs tussen die staanplekke – kan dié dors bome ook maar na hartelus drink, en die gras bly heeljaar groen. Algeria is waarskynlik die Sederberg se gewildste kampplek, en jy moet maar sorg dat jou stuk-

kie gras vir vakansietye vroeg al bespreek is.

Hoe jy hier wil kamp, is jou keuse. Op staanplek nr. 17 tot 25 kan jy jou wa só trek dat jy byna net berg en vallei om jou sien, en dit voel asof jy behoorlik in die verlatenheid uitspan en rus.

Nader aan die rivier, op staanplek nr. 1-13 en 39-46, kan jy weer lekker beskut onder die bome opslaai, met hope groen gras waarop die kinders kan speel – en jou buurman se vuurtjie wat gesellig brand, nie te ver van jou af nie.

As jy nog sedert jou rugby-dae sukkel met 'n knie, is die staanplekke aan die verste punte van die terrein (nr. 1, 23 en 46) nie so goeie idee nie – dis 120-180 m van daar af tot by die naaste ablusieblokke.

Elke staanplek het 'n ruim ingeboude braaiplek plus jou kraan, kragpunt en tafel. Waar die ou betonbladtafels al die

gees gegee het, het Kaapse Natuurbewaring dit vervang met veselglastafels en bankies.

Bring jou eie rooster en iets waarin jy jou vullis kan gooi. Jy kan dit elke dag in die groot draadhok naby die ablusieblok gaan weggooi. Hier is ook aparte houters vir herwinbare goed soos glas en plastiek.

Daar is 'n klein ablusieblok naby die swemgat, en 'n groter een aan die teenoorgestelde kant, na die berg se kant toe.

Die geboue is skoon en warm water is volop. In die vrouekant is daar selfs 'n bad. Onthou om jou eie toilet-papier in te pak, want nie een van die drie kampplekke wat ons besoek het, het witgoud verskaf nie.

Agter ablusieblok nr. 1 is afsonderlike buitewasbakke vir skottelgoed en klere, maar los gerus die vuil kouse vir die huis, want met die doedinge hier kan jy beslis nie jou tyd mors met wasgoed was nie.

Kampplekke 48 staanplekke op grond en gras. Die meeste het skaduwee.

Ablusiegeriewe Een groot ablusieblok en 'n kleiner een wat netjies en skoon gehou word. Geen toiletpapier nie.

Prys R180-R340 afhangend van wanneer julle kamp. Eenmalige bewaringstarief van R60 p.p.

Kontak Kaapse Natuur-bewaring: ☎ 027 482 2610. Algeria-kantoor: ☎ 027 482 2403

Hoe lyk die pad? Teerpad tot 28 km ná Citrusdal, en 18 km grondpad.

GPS S32.374328 E19.057147

Weg Ry & Sleep sê Gooi 'n sak hout in jou wa voor jy kom. Hier is nie aldag hout te koop nie.

The Baths

Citrusdal



Vir dié soort oord moet 'n mens maar altyd bespreek, want dis gewild. Die staanplekke begin regs van die pad soos jy deur die hek ry. Die grondpaadjie klim 'n raps meer as 'n halwe kilometer teen die bultjie uit, maar dis smal en twee woonwaens kan nie verby mekaar skuur nie.

'n Stroompie loop links van die inrypad terug hek se kant toe, en weerskante van die water staan groot bome weerskante ingeryg. Buiten vir die klompie staanplekke regs van die pad is die res van die staanplekke onder die bome by die stroompie uitgelê.

Die twintig of wat staanplekke loop langs die stroom teen die berg op tot by die kantoor. Die staanplekke is nie ewe groot nie en wissel van enorme tot piepklein lappies waarop net 'n klein tent en jou kar sal pas.

Die ooraanbod van koelte

is goed en gaaf, maar dit beteken ook hier is min tot geen gras op die staanplekke. Die staanpleknommer is op die staanplek se kragboks, en dié werk met 'n gewone huissok. Jou lig is ook by die boks en jy kan hom self aan- en afskakel. Die kragbokse staan nie op elke staanplek op dieselfde plek nie en by sommige gaan jy 'n verlengkoord van minstens 10 m nodig hê. Die vullisdrom is byderhand, maar die krane kruip weg en jy sien min van hulle. Hier staan heelwat los staalbraaiers rond wat jy kan nader dra as joune nie saamgekom het nie. Onthou net jou rooster.

The Baths se badkamers lyk nuut en is van buite af eenvoudig en stylvol, maar binne luuks. Hier staan drie van hulle: een nader aan die onderpunt, 'n volgende een rondom die middelste staanplekke, en die heel grote aan die bopunt, digby die kantoor.

Die swembaddens is langs die kantoor en nogal 'n stywe entjie se stap as jy op een van die verste staanplekke kamp. Nietemin is dit een van die redes waarom 'n mens hier kamp: die warm water op jou lyf verfris jou soos min.

Die warm water loop by die vlak kant van die swembad in, en dis jammer, want dis ordentlik warm en vir die kleingood amper ongemaklik. Langsaan, buite die muur, is nog 'n swembad met kouer water, en nader waar die pad doodloop, 'n gebou met vier spabaddens.

As jy kans sien vir nog 'n entjie se stap, kry 'n koel-drink by die winkeltjie regoor die kantoor en neem die kinders na die paar poele in die berg – dis direk agter die gebou, by die sirkel. Hier is twee poele wat uit klip gebou is. Hulle is omtrent so groot soos 'n jacuzzi en van die warm water kom hierheen.

Kampplek 25 staanplekke van wisselende grootte, met min tot geen gras nie en hope koelte.

Ablusiegeriewe Nuut en netjies.


Prys R100 p.p. op weeksdag tot R300 per staanplek (2 mense) oor naweke.

Kontak ☎ 022 921 8026/7
✉ reservations4@thebaths.co.za
🌐 thebaths.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek, en skaflike grondpad in die oord.

GPS S32.735953 E19.040857

WegRy & Sleep sê Vir die kleingood is hier 'n houtklimraam en trampolien, asook 'n trampolien langs die warmwaterswembad. >





Imhoff-woonwapark

Kommetjie



Imhoff is skaars 650 m se stap van Kommetjie se Langstrand af en nie te ver van die aangrensende Noordhoekstrand nie. Dis nie 'n luukse of deftige oord nie, maar dit is netjies en lyk of dit goed bestuur word.

Hier is altesame 100 staanplekke in dié boomryke woonwapark, maar op 'n hand vol van hulle is voltydse inwoners. Van die hek af loop die pad in drie sirkels deur die park, en die staanplekke lê min of meer in drie groot sirkels langs en oorkant mekaar. Jy kamp op groen gras met grondkolle hier en daar.

Al is jy in die middel van die dorp en al hoor jy die verkeer op jou staanplek, kwetter en sing die voëls tussen al die park se hoë denne-, palm-, ander bome. Dit voel of jy in die natuur verdwyn.

Van die staanplekke is 'n goeie 12 x 15 treë en tussen die meeste staan daar ook

'n boompie of drie tussen jou en die bure. Van die staanplekke het ook 'n betonblad waarop jy jou wa kan trek. Vir jou braaivleisvuur het jy 'n vierkantige geboude braai-plek wat heuphoogte staan. Onthou egter 'n rooster.

Jy prop jou wa by 'n kragboksie (gewone huissok) in wat net bo die grond staan. Die drom is teen 'n houtpaal vasgemaak, en in die kamp-plek is ook herwinningsdromme vir glas, papier en ander vullis. Tussen die staanplekke staan krane versprei waar jy koffiewater kan tap.

Aan die linkerkant van die kampplek en meer na die middel toe staan twee identiese bruinbaksteen-ablusie-blokke, albei met aparte badkamers vir mans en vroue. Die badkamers is oud, maar die vlekvrystaalwasbakke is geskrop en die groen stoepverf op die vloere blinkgevyf.

Die badkamer is in twee ver-

deel, met vier wasbakke en ses toilethokkies aan die een kant en nog vier wasbakke, twee badhokkies, vier storthokkies en 'n groter stortvertrek met twee afsonderlike storte aan die ander. By die wasbakke is spieëls en pakrakkes en in die bad- en storthokkies genoeg hang- en pakplek vir jou badgoed en klere én sitplek om jou sokkies droog aan jou voete te kry.

By die kantoor by die hek is 'n speletjieskamer waar jy tafeltennis, veerpyltjies en pool kan speel en langsaan is 'n TV-kamer.

By jou aankoms kry jy 'n nuttige gefotostateerde gids met Kommetjie se geskiedenis plus lyste doendinge en lekker eetplekke in die omgewing.

Doen moeite en gaan probeer die vis by die Camel Rock-restaurant in Scarborough (10 km) en besoek die pikkewynkolonie by Boulders-strand (15 km).

Kampplek 90 staanplekke op gras of grond, almal met krag.

Ablusiegeriewe Oud, maar silwerskoon en heeltemal gerieflik.

Prys R190-R320 p.n. per staanplek (2 mense) en daarna R40 p.p.; R410 per staanplek vir 4 in die Desemberavansie (daarna R40 p.p.).

Aankoms- en vertrektyd 2 nm. en 10 vm.

Kontak ☎ 021 783 1634

✉ imhoff.co.za

✉ anderson@icon.co.za

Hoe lyk die pad? Al die pad teerpad.

GPS S34.137654 E18.336812

Weg Ry & Sleep sê Stap sommer see toe: By die hek draai jy regs en stap 350 m in Wirelessweg af.

Medusa-woonwapark, Soetwater

Kommetjie



Ongeveer halfpad tussen Kommetjie en Scarborough draai jy van die M65 af seewaarts na die kusoord Soetwater, een van die Stad Kaapstad se 13 munisipale oorde. Dié oord, met die see aan die een kant en berg aan die ander, lê in 'n bewaringsgebied met sand- en rotsstrande, kusvlaktes, begroeide duine, seisoenale moerasse, kliphellings en bergkranse.

Soetwater het nie net een kampplek nie, maar drie: die Medusa-woonwapark, slegs vir woonwakampeers; Die Anker vir tentkampeers; en die Buses-boskamp sonder krag of badplek.

Van die kantoor af hou jy 3 km met die netjiese teepad al langs die see reguit verby die boskamp, die omgewingsopvoedingsentrum in die oord, die braaiplek vir dagbesoekers en die tentkamp tot by die omheinde Medusa-

woonwapark aan die eindpunt van die oord. Medusa se 61 staanplekke lê aan weerskante van 'n teersirkelpad van net minder as 'n kilometer, met 'n ablusieblok amper in die middel van die sirkel. Eenkant staan ook 'n kleiner toiletgebou.

Die meeste van die staanplekke is groot genoeg vir jou wa en sy tent plus dan 'n ekstra koepeltent. Nie al die plekke is lekker gelyk nie; van hulle is redelik skuins.

'n Derde van die staanplekke lê reg langs die see of naby die water. Enkele is lekker bos- en boombeskuut en privaat, maar hier is nie baie koelte nie. Die oordmense het wel 'n klomp inheemse bome en bosse tussen baie van die staanplekke geplant, maar hulle moet nog groei. Jy staan op groen gras met sand- en grondkolle hier en daar.

In die kragboks op jou staanplek kan jy kies tussen

'n blou woonwasok of die gewone driepuntsoort, en jy het ook jou eie kraan waar jy kan koffiewater tap. Jy het 'n lae ronde betonpyp-vuurmaakplek, maar moet jou eie rooster saambring.

Reg langs die kampplek, agter die heining, troon Kommetjie se Slangkop-vuurtoring, wat in 1919 gebou is, 33 m die lug in.

Jy kan saans sit en kyk hoe sy draaiende lig die skepe in die omgewing waarsku, maar as jy 'n draai wil maak, moet jy grootpad langs omry Kommetjie toe. Die kortpad tot by die vuurtoring en Kommetjie is vir die publiek gesluit. Die toring is Maandae tot Vrydae van 10 vm. tot 3 nm. oop vir die publiek. Gaan kyk.

Anders as die ablusieriewe van baie ander munisipale oorde is Medusa se afsonderlike badkamers vir mans en vroue gerieflik en die personeel hou dit mooi skoon.

Kampplek 61 staanplekke.

Ablusieriewe 1 ablusieblok met afsonderlike badkamers vir mans en vroue. Dit kan knap raak in vakansietyd.

Prys R130-R225 p.n. per staanplek, afhange van die seisoen (maksimum 6 mense en 2 voertuie per staanplek).

Kontak ☎ 021 783 5914
✉ leana.olivier@capetown.gov.za
capetown.gov.za/en/SportRecreation/Pages/Soetwaterresort.aspx

Hoe lyk die pad? Teepad tot hier.

GPS S34.173555 E18.340961

Weg Ry & Sleep sê Oor
Paasaweek en in Desember is die oord stampvol – as jy van stilte hou, kom eerder buite seisoen. >





ATKV-Goudini-spa

Rawsonville



Wanneer jy by Goudini se hek stop, voel dit omtrent of jy by 'n nuwerwetse sekerheids-kompleks aanmeld. Die geplaveide paadjie loop al langs netjiesgesnoeide struik af tot by die kantoor.

Die kampplek is skaars 100m verder met 'n paadjie wat links van die kantoor af loop. Op die buiterand staan groot bome skouer aan skouer, met nog bome in die middel. As 'n mens uit die lug na dié bome sou kyk, sou jy 'n groot sirkel om die badkamergebou in die middel sien.

'n Geplaveide pad loop ook teen elke kant af en die staanplekke is weerskante uitgelê. Niemand word voorgetrek met gerief op die staanplek nie, want elkeen het 'n eie geplaveide blok van 7 x 7 treë waarop of -langs jy die wa kan trek. Die staanplekke is genommer, maar die nommer

is op die plaveisel gevef. Aardig genoeg is hier 'n dreindeksel op van die plaveisels, en 'n mens dink dadelik dis dalk afvoerplek vir gryswater. Dis in der waarheid 'n besproeiingspunt vir die gras.

Elke staanplek het 'n geplante ploegskaarbraaiplek waarvan die rooster oor die vuurmaakgedeelte kan swaai. Die meeste van die braai-plekke is aan die agterkant van die staanplek. Jou kraan staan langs die pad voor met 'n dreingedeelte onder dit, en die kragpunt daarnaas. Jy deel die punt met die bure, en as jy nie 'n blou woonwasok het nie, kan jy een in die winkel koop vir R160.

In die badkamers is die wit keramiekwasbakke op 'n ry in 'n granietblad versink, elkeen met 'n spieël daaragter. Teen die muur is selfs houers met vloeibare seep. Die storthokkies het elk 'n nat gedeelte met 'n glasswaai deur voor, en

'n bankie van vlekvrystaal wat platslaan in die droë kant. Die opwasplek is in die middel van die gebou, tussen die mans- en vrouekant.

Hier is twee groot warmwaterswembaddens in 'n lieflike tuin met groen gras en 'n rits palmbome. Die waterwurm is lekker bedrywig, want jy gly gratis daar af. Die wegneemete-kiosk, restaurant, kroeg en oordwinkel is aan die agterkant van die swembaddens. Aan die oorkant is daar 'n minigolfbaan.

Goudini se kroonjuweel is die onderdakwarmwaterswembad, 200m verder agter die kantoorgebou. Die drie private jacuzzivertreke is links van die swembad.

Die speletjieskamer is langs dié swembadgebou en het onder meer 'n paar pool- en foosball-tafels (R5). Bring jou eie tafeltennisspaan en balle-tjies as jy die tafeltennisblad wil gebruik.

Kampplek 70 gelyk staanplekke elk met 'n geplaveide blok en hope koelte.

Ablusiegeriewe Naby, modern en heeltyd skoon.

Prys Afhangend van die seisoen R240-R735 per staanplek (tot 6 mense op 'n staanplek).

Kontak ☎ 023 349 8100

✉ goudini@atkv.org.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier en geplaveide paaie in die oord.

GPS S33.669630 E19.265747

WegRy & Sleep sê Kry al jou swem voor die laatnag in, want jy mag nie tussen 11 nm. en 6 vm. gaan swem nie.

Esselfontein

Ceres



Die plaas Esselfontein se kampplek – langs 'n enorme plaasdam waar jy kan roei, hengel en swem – is een van daardie kampplekke wat slegs aan een groep op 'n slag verhuur word (hoogstens 30). Bespreek dus vroegtydig, en jy en jou kampgeselskap het die hele natuurkamp – met staanplek vir waens en tente asook vyf houthutte met slaapplek vir 10 – net vir julleself.

Die kampplek is op 'n groot kol aarde aan die voet van die Skurweberg, reg langs die Titusrivier. Jy kamp hier op sand tussen fynbos en proteas.

Hier is nie genommerde staanplekke nie. Jy en die res van jou kampgeselskap kan op enige plek tussen of rondom die hutte julle waens staanmaak en tente opslaan. Jy kan dus reg langs Oupa en Ouma

kamp opslaan as hulle in een van die hutte slaap.

Hier is nie krag in die kampplek nie. Bring jou sonpanele en batterye as jy het, of pak jou batteryligte en flits in en bring jou gasstoof saam vir koffiewater en noedels. By die boma en in die badkamers en hutte is wel sonkragliggies.

Bring ook jou silwerseil of kampafdak en jou grondseil saam, want hier is nie koeltebome of gras nie. Hier is ook nie krane in die kampplek nie, maar jy kan koffie- en drinkwater gaan tap by die sentrale badkamers of kuierboma. Dis rivierwater en skoon en veilig om te drink.

Jy mag nie by jou wa of tent braai nie, maar slegs in die boma of by die braaiplek by die dam.

Krag is hier nie, maar in die badkamer en boma het jy

vuurwarm water om te stort en skottelgoed te was. Jy stook net die donkie. Hy vat nie lank om aan die gang te kom nie, en siedaar...

Hier is twee houtpaalbadkamers langs mekaar, elk met 'n wasbak, stort en spoeltoilet. Jy het nie 'n spieël om te skeer of jou haardos netjies te kry nie, en as jy regtig nie sonder een kan klaarkom nie, moet jy maar 'n handspieël inpak.

In die kampplek en tussen die hutte is ronde kabeltoileteltjies waar jy kan koffie drink en kuier.

Die boma, met oorgenoeg koelte en beskutting, is egter die plek vir lekker braai en kuier. Dit is goed beplan met 'n buitekuierplek én 'n binnekuierplek vir die dag as die wind waai of dit reën. Albei kuierplekke het vuurmaak- en braaiplek met tafels en sitplek.

Kampplek Kies jou staanplek tussen en rondom 5 hutte. Groepe word beperk tot 30 mense.

Ablusiegeriewe 2 badkamers, elkeen met 'n stort, toilet en wasbak. Jy stook self die donkie vir stort- en skottelgoedwater.

Prys R2 500 p.n. vir 2-20 mense en R3 500 vir 20-30 mense.

Kontak ☎ 082 502 8810
✉ janene@esselfontein.co.za
✉ esselfontein.co.za

Hoe lyk die pad? Mooi bergpasse en sowat 7 km goeie grondpad waarop jy 'n woonwa met 'n gewone voertuig kan sleep.

GPS S33.401463 E19.433790

Weg Ry & Sleep sê Jy mag jou honde saambring, maar moet net vooraf laat weet. Jy doen dit op eie risiko, want die eienaars se honde is baas van dié plaas. ➤





Oewerzicht

Greyton



Die bordjie by Oewerzicht se hek wys vir jou die kampplek is links af en die kantoor vorentoe. Met 'n lang sleepkombinasie is die pad vorentoe 'n seëning, want die draai na die kampplek maak 'n haarnaald. By die kantoor, 450 m reguitaan aan die regterkant van die pad, is 'n skuins parkeerplek met genoeg draaiplek vir die wa terug kampplek toe.

Jy handel die kantoor sake vinnig af, want 'n staanpleknommer, oordkaart en die reëls word per e-pos vir jou gestuur wanneer jy bespreek.

Die 26 staanplekke deel ses kragbokse (gewone huissokke) wat kophoogte teen pale vasgesit is. Bring 'n verlengkoord saam sodat jy krag na jou staanplek kan aanlê. Elke

kragbokse het sy eie stroombreker en die hoogte daarvan is 'n goeie plan om kinderhande weg te hou. By elke kragboksepaal staan ook 'n kraan.

Elke staanplek het 'n losstaande braaidrom op 'n staalraam wat jy en 'n helper kan skuif tot waar julle dit wil hê.

Netjiese badkamers is boaan die meeste kampeersers se lys, en Oewerzicht se eenvoudige dog goed beplande en silwerskoon badkamers slaag die toets. Voor in die ablusiegebou is 'n gesinsbadkamer, 'n vrouebadkamer aan die regterkant en een vir mans links. Jy was jou skottelgoed in opwasbakke buite die gebou. Langs die badkamer is 'n winkeltjie waar jy proviand kan koop.

Hier is nie 'n swembad nie – jy swem in die rivier.

Die water is silwerskoon en voor die regterkantste staanplekke is dit vlak en 'n lekker plas- en speelplek vir kinders. Stroomop, by die staanplekke verder weg van die hek af, is dit diep genoeg vir groot manne om ook af te koel. In die kampplek is twee swaai vir die jong klomp en by 'n hangbrug aan die kantoor se kant is 'n enorme grasperk teen 'n bult af. Hier's ook 'n klimraam waarop die kinders kan klouter. Die hangbrug strek van die einde van die grasperk af tot aan die ander kant van die rivier. Dit is aan die kante met tou toegeveg en veilig gemaak vir kinders. Links van die brug is 'n klein pont waarop die groter kinders met behulp van 'n tou-en-katrolstelsel heen en weer oor die rivier kan vaar.

Kampplek 26 staanplekke op lieflike groen gras sonder koelbome.

Ablusiegebou Skoon, ruim, eenvoudig en werklik eerste klas.

Prys R330 p.n. per staanplek vir tot 4 mense, plus R90 p.p. vir die vyfde en sesde mens.

Kontak ☎ 028 254 9831

✉ info@oewerzicht.com

🌐 oewerzicht.com

Hoe lyk die pad? Die laaste 9,2 km is 'n netjiese grondpad.

GPS S34.101198 E19.666357

Weg Ry & Sleep sê Bring die bergfiets. Hier is 25 km se fietsroetes wat jy kan kom kafdra.

Montagu Guano Cave-oord

Montagu



Die Montagu Guano Cave-oord is 'n plek waar jy kan rus, swem en braai – én die natuur op sy beste kan beleef. 'n Besoek aan die oord se bekende Guanogrot met sy honderde vlermuise is die hoogtepunt. Jy kan op 'n begeleide toer gaan kyk hoe lyk 'n Natalse langvlingervlermuis, Kaapse langhaarvlermuis en 'n Egiptiese losstervlermuis.

Omtrent alles gebeur in die omgewing van die kantoor, en terwyl jy hier kamp, loer jy verskeie kere hier in. Die kantoor is, soos ander geboue en plekke in die kampplek, netjies met riete afgerond en dien ook as 'n winkel.

Die restaurant is langs die kantoor en van daar af loop 'n houtbruggie oor water tot by die kroeg. Agter die kroeg is 'n speelplek vir die kinders.

Die kampplek is 'n kilometer van die kantoor af, na die berg se kant toe.

Die grondpaadjie kronkel oor 'n betonbruggie onder 'n hoë houtdakkie deur tot in die kampplek. Die kampplek is in 'n groot wattelbos en as jy meer son as koelte op jou staanplek verkies, moet jy een van die plekke nader aan die rand van die bos kies. In die middel van die bos het jy heel-dag koelte.

Die kampplek lê teen 'n effens skuinste, met gelyk-gemaakte staanplekke op verskillende terrasse. Die meeste van die staanplekke is groot en elkeen is duidelik met 'n nommer gemerk.

Jy het jou eie kragpunt (driepuntsok) en plastiek-vullisdrom op jou staanplek, maar krane is skaars en jy moet mooi rondkyk om die naaste een te sien. Jy maak jou kampvuur op die grond, op 'n betonblad met enkelhoog

klippe rondom. Jy moet jou eie rooster saambring, en pak ook 'n kamplig en flits in, want hier is nie ligte op die staanplekke nie.

Die badkamers sit aan die regterkant van die pad, 100 m van die houtdakkie af waar jy die kampplek inry.

By die ingang na die aparte badkamers vir mans en vroue is 'n netjiese rietdakkie.

Agter die badkamers is ook 'n skoongemaakte voetpaadjie na die ontspanningsgebied. Hier is nie minder nie as vier swembaddens asook 'n groot grasdaklapa met houtbankies waar jy die kroos se grond-boontjebottertoebroodjies langs die swembad kan smeer wanneer dit tyd is om te eet.

Drie van die swembaddens is so groot soos 'n gewone huisswembad en langs mekaar teen 'n skuinste af gebou. Die laaste kleiner een is die plasplek vir kinders. Een swembad is verhit.

Kampplek 35 staanplekke met krag, van hulle heeldag in die koelte.

Ablusiegeriewe Een badkamergebou wat skoner as skoon is.

Prys R100-R120 p.p.p.n., afhangend van die seisoen (R60-R100 vir kinders o.12).

Kontak ☎ 084 553 4187 of 074 200 7292 ✉ admin@montaguguanocave.co.za
🌐 montaguguanocave.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die kantoor en 1 km netjiese grondpad tot in die kampplek.

GPS S33.820861 E20.182424

Weg Ry & Sleep sê

'n Besoek aan die grot is 'n moet, maar as jy die vlermuise wil sien, moet jy in die somermaande kom. >





L'Agulhas-woonwapark

L'Agulhas



L''Agulhas, met sy huisname soos Bosjesveld, Oppi-C, Seester, Swem Jannie en See Salig, voel die ene vakansiedorp. Op die hoek van Skoolstraat, net oorkant die kampplek, is een van daardie hoekkafes wat 'n mens deesdae al hoe minder sien. Onder die L'Agulhas-kafee se naambord is die Agulhas-vuurtoring geskilder, en langs dit staan geskryf hierdie is die suidelikste kafee in Afrika.

Net so is die kampplek die suidelikste op die vasteland. Dis 'n reghoekige blok gras, so te sê teen die hoofstraat. In die lengte af is dit so groot en so plat soos 'n halwe rugbyveld, maar met 'n effense helling aan die see se kant. En net soos op 'n rugbyveld het jy g'n koelte nie.

Jy kamp hier tussen die inwoners se huise, in 'n onomheinde kampplek met net 'n kniehoogte paaltjiesheining

en 'n ry huise tussen jou en die see. Hier is nie 'n sandstrand nie, maar rotsbanke.

Sherwin Johannes ontvang jou in die kantoor, en saam met jou kampgeld moet jy ook 'n deposito vir die badkamer-sleutels betaal.

In die kampblok staan twee rye wit paaltjies omtrent 18 m uitmekaar. Jou staanplek se kraan staan teen die een paaltjie en die kragboks met sy vier blou woonwasokke teen die paaltjie aan die oorkant. (Al drie die munisipale kampplekke gebruik dié proppe.) Jou staanpleknommer is op die kragboks aangebring en die vullisdrom staan langs dit.

Die kampplek het enkele ligte wat soos hoë straatlampe lyk. Hulle gee genoeg lig sonder om jou te verblind of te pla. Die vuurtoring se wit ligstraat swiep ook saans kortkort in die kampplek.

Aan die regterkant van die kampplek, tussen die chalets,

is twee badkamergeboue met enkele storte en toilette, maar die eintlike badkamer is 'n vierkantige wit gebou wat 'n bietjie soos 'n ou kragsubstasie lyk. Regs van die gebou is die buitewasbak vir vis-skoonmaak, en langs dit diep betontrêe vir jou wasgoed. In die middel van die gebou, tussen die mans- en vrouebadkamer, is die opwasplek vir jou kampsittelgoed.

Dié badkamers staan al 'n paar dekades, maar is netjies en skoon. Dele van die dak het deursigtige veselglas wat help om die badkamers ordentlik te verlig.

Die see is skaars 100 m van die kampplek af. Jy stap net regs by die hek uit af in Skoolstraat. Hier by die rotste en twee getypoele is 'n grasperk waar jy jou handdoek kan oopgooi. Van hier af loop ook 'n paar voetpaadjies in die rigting van die vuurtoring, skaars 'n halwe kilometer verder.

Kampplek 40 gelyk staanplekke op welige groen gras sonder koelte.

Ablusiegeriewe Skoon en oud met nie veel pakplek nie.

Prys R190-R260 per staanplek met elektrisiteit, afhangelend van die seisoen. R220 sonder elektrisiteit. Nie meer as 6 per staanplek nie.

Kontak 028 435 6015

sherwinj@capeagulhas.gov.za of floridaj@capeagulhas.gov.za
capeagulhas.org/resorts


Hoe lyk die pad? Teerpad tot hier.

GPS S34.826146 E20.012741

Weg Ry & Sleep sê Al het die kampplek nie 'n heining nie, voel 'n mens nie onveilig nie.

Lang Elsie se Kraal, Bontebok- nasionale park

Swellendam



Die heuwels rondom Swellendam is oortrek met canola, maar soos jy deur die hek van die Bontebok-nasionale park ry, verander die landskap handomkeer: Nou word jy omring deur fynbos wat halflyf hoog staan.

Bontebok het net een kampplek, Lang Elsie se Kraal, en dié is 4,3 km van die kantoor af, teenaan die Breërivier. Net voor die kampplek trek die veld weer 'n ander baadjie aan: Nou begin 'n mens bome sien. 'n Bord by die kampplek se ingang wys die chalets is regs en die kampgedeelte links. Die bord staan tussen 'n klomp welige slaphoringaalwyne waarvan party hoog die lug in troon.

Die badkamers is in die middel van die kampplek gebou met die staanplekke wat langs en oorkant mekaar in 'n halfmaan na links om die

gebou strek. Die agterkant van die staanplekke in die buitenste sirkel is teen 'n skans bome.

Die staanplekke is genommer, en soos by enige van Sanparke se kampe kan jy kies waar jy staan. Al is daar digte bosse en bome langs die agterkant van die buitenste staanplekke, is hier nie noemenswaardige koelgebome nie. Elk van die staanplekke het kort, wilde gras en dis mooi gelyk. 'n Mens kan maklik die wa (sonder die kar) tot op sy plek stoot.

Van die staanplekke is meer privaat as ander, maar in die algemeen kan 'n mens nie kla oor die ruimte nie. Tussen die staanplekke is geelgeverfde betonblokke ente uitmekaar, en dié amperse stippellyn dui die grens tussen jou en jou buurman aan. Hier is genoeg plek om die heel langste woonwa en sleepvoertuig sonder moeite op jou staan-

plek te kry. Hier is selfs genoeg plek om al die wa se tente op te slaan én genoeg oopte vir kuierplek as jy nie onder die stoeptent wil sit nie.

Tussen elke tweede of derde staanplek is 'n werkblad van leiklip op 'n U-vormige klipmuur. 'n Lig staan in die middel van die blad en skakel saans voor donker outomaties aan om die wêreld te verlig.

Dis nie net die kantoorpersoneel wat 'n mens laat tuis voel nie; die voëls in die kampplek doen ook hulle deel. Soos 'n mens jou braaier uitpak, nooi hordes van dié outjies hulleself nader en aas van die oorblyfsels op die rooster.

Jy kan ook in Bontebok kom hengel en hier is geen diere wat 'n bedreiging vir jou inhou nie; dus kan jy met 'n geruste hart met jou fiets die wêreld verken. Hier is nie erge bulte nie en die trap in die natuur is ene plesier.

Kampplek 29 plat staanplekke met krag, plus 10 tentstaanplekke wat net in die somer beskikbaar is.

Ablusiegeriewe Baie skoon en netjies.

Prys R210-R300 (afhangel van die seisoen en jou staanplek), plus R82 p.p. daarna (R41 vir kinders).

Kontak ☎ 028 514 3206 of 076 648 5397

✉ reservations@sanparks.org


✉ sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teer tot by die park.

GPS S34.059155 E20.430527

Weg Ry & Sleep sê Bring die volgende saam: jou gesin, jou woonwa, jou bergfiets, jou stapstewels en jou voëlgids. >





ATKV-Hartenbos

Hartenbos



Elke Desember sak derduisende vakansiegangers, kampeerdere en jolytmakers op Hartenbos toe, en volgens die somme is daar op 'n lekker sonskyndag 50 000 of meer mense hier en op die strand saamgetrek. In die ATKV-strandoord se kampplekke staan die woonwaens ingeryg.

Op Hartenbos en omgewing is jy nie een dag verveeld nie. In die vakansie tree 'n klomp Suid-Afrikaanse kunstenaars op die oord- of strandverhoop op en die ATKV se vakansieprogram – met kompetisies soos Mej. Hartenbos en Mnr. Boepens – stel selde teleur.

Jy kamp hier op een van meer as 500 staanplekke in een van 5 aparte kampplekke (of blokke, soos hulle ook genoem word). Altesame 105 van dié staanplekke front aan die see.

Die F-blok met sy 270 staanplekke is die grootste van die

kampplekke en lê in 'n groot driehoek oorkant die pad van die see af, langs Majubalaan. Dié kampplek het twee reusagtige ablusieblokke.

Duskant die F-blok, na die riviermonding se kant toe, is die E-blok. Dié blok het 135 staanplekke op twee terrasse, met die voorste staanplekke reg langs die Hartenbos-wandelpad en die strand. Die boonste kampterras is slegs in die spitsye oop en hier is drie ablusieblokke. As die kampplek nie vol is nie, word hulle nie almal oopgemaak nie. Die drie kleiner kampplekke (D, C en J) lê in 'n kol nader aan die Hartenbos-seefront, met die D- en C-blok aan die seekant van die pad en die J-blok aan die oorkant van die pad. Hulle het onderskeidelik 50, 20 en 30 staanplekke en elkeen sy eie ablusieblok.

Hartenbos se staanplekke is almal min of meer 10 x 10 m groot, op gras met hier en daar

'n grondkol. Jy kamp redelik teenaan jou bure en jy en vier bure deel 'n sentrale kragboks. Tussen elke 8-10 staanplekke is 'n kraan.

Van die oord se staanplekke het lekker groot koeldebome, maar op die seefrontstaanplekke het jy nie 'n boom nie. Bring jou silwerseil.

Die ablusieblokke het al die geriewe wat jy in 'n badkamer wil hê. Jy kan bad of stort – die groot storthokkies het nie 'n droë gedeelte nie, maar 'n klein geteelde bankie waar jy jou skoon klere kan neersit.

Tussen die mans- en vroue-badkamer is 'n groot opwaskamer met klerewasbakke ook.

Jy het nie 'n braaier op jou staanplek nie. As jy nie een al die pad van Hennenman af wil saampiekel nie, kan jy vir Charl Laufs bel en 'n stewige kniehoogte braaidrom op pote by hom huur (079 998 9961). Jy moet net onthou om jou eie rooster saam te bring.

Kampplek 538 staanplekke in 5 kammblokke, almal met krag en op gras, en van hulle in die koelte.

Ablusiegeriewe Gerieflike en skoon badkamers vir mans en vroue.

Prys R135-R795 per staanplek vir 6 mense, afhangend van die seisoen en jou ligging van die see af. (ATKV-lede betaal R35-R120 minder.)

Kontak 044 601 7200
hartenbos@atkv.org.za
atkvvoorde.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad.

GPS S34.124972 E22.112382

Weg Ry & Sleep sê As jy nie van 'n vakansiegedruis hou nie, kamp buite seisoen, want dan is hier rus en vrede.

Glentana-woonwapark

Groot-Brakrivier



Die Glentana-woonwapark lê ongeveer halfpad tussen George en Knysna, en die kampeerterrein is in 'n oeroue rivierbedding (weliswaar agter die eerste duin) uitgelê. Jy is dus hier meer beskut teen die wind.

Jy betaal egter vir dié luuksheid: Jy kan nie die see van jou staanplek af sien nie. Jy kan egter die branders goed hoor, want jy is minder as 100 m van die strand af, wat beteken jy trek somer vinnig jou plakies aan, gryp jou strandsak en sambreel, en gaan lê langs die see of maak jou lyn nat.

Jou strandsambreel is nie die enigste koeltemaker wat jy moet onthou nie. Jou silwerseil is absoluut ononderhandelbaar in hierdie geweste, want koelte is maar skaars by Glentana.

As dit kom by 'n swembad, speelparkie of oordwinkel is

hier niks om te rapporteer nie, maar jy kan in die see gaan swem, die kinders kan op die strand gaan speel, en die naaste supermark is minder as 10 minute se ry van hier af.

Jou staanplek is genommer en omtrent so groot soos die een kant van 'n tennisbaan. 'n Baksteenrytjie in die gras wys jou presies tot waar jy jou tenttoue mag span.

Die staanplekke is gelyk en op gras en jy deel jou kragpunt met drie van jou buurmanne. Onthou jou 20 m-verlengkoord. Elke staanplek het sy eie braaiplek – 'n betonvierkant op die grond van omtrent 'n vierkante meter wat enkelhoogte staan. Dit is heerlik vir 'n kampvuur waarom die hele gesin sit en kuier, maar jy moet jou braaidriehoek en rooster onthou. Van die braaiers is al effens afgeleef, veral dié aan die linkerkant van die kampeerterrein. Dit kan ook gebeur dat

jou braaiplek nie aan die voorkant van jou wa gaan wees nie; dus is dit veiliger om jou eie braaier saam te bring.

Jy deel jou vullisdrom met jou buurman, en aan elke drom is 'n aparte blou sak aan die handvatsel geknoop. Dié is vir herwinbare vullis soos glas- en plastiekbottels en blikkies. Doen asseblief jou deel.

Die woonwapark is netjies en skoon, en omdat hier nie musiek toegelaat word nie, kan jy luilekker kom ontspan. Die een ding wat wel toegelaat word is honde, maar slegs klein hondjies (nie in die spitsseisoen nie).

Vir badtyd is hier twee ablusieblokke – een in die middel van die park en een aan die heel verste punt. Die geriewe is skoon en netjies. Die opwasgeriewe by die voorste blok sit aan die agterkant en hier is twee dubbelwasbakke vir skottelgoed en twee diep wasbakke vir klere.

Kampplek 48 staanplekke, sommige met koelte, 'n braai-vierkant en gedeelde krane en kragpunte.

Ablusiegeriewe 2 netjiese ablusieblokke wat daaglik skoongemaak word.

Prys R240-R640 (vir 2 of 4 mense) afhangend van die seisoen. Bykomende besoekers betaal R50-R100 p.p.n. Pensioentrekkers betaal (ook afhangend van die seisoen) vanaf R170 per staanplek.

Kontak ☎ 044 879 1536

✉ glentanaresort.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S34.049979 E22.313836

Weg Ry & Sleep sê Bring kontant saam om vir jou staanplek te betaal, want hier is nie kaartgeriewe by die oord nie. >





Forever Plettenbergbaai

Plettenbergbaai



By Forever Plettenbergbaai steur tyd hom nie aan die wêreld buite die kampterrein se hekke nie. As jy jou blind hou vir die nasionale pad en vergeet van Plettenbergbaai net 7 km wes op die N2, is dit maklik om jou te verbeel jy sit in die Wildekus tussen sy groen heuwels iewers langs die Keirivier. Maar jy's net duskant een van Suid-Afrika se gewildste kusdorpe met kasteelhuse teen die heuwels, skraal meisies in *skipants* wat dié heuwels uitdraf, en hormonale matrieks wat die strand vol pronk. En dit pla nie, want Forever is wêreldse verwyder van daai Plet.

As die son bak, kan jy jou veelkleurige somersambreel op die smal strandjie voor jou woonwa staan maak en in die koel, skoon water van die rivier duik. 'n Veerboot (R150 p.p. en vir 'n uur en 'n half) vertrek elke 90 minute van die kaai

wat net voor die kampterrein op linkerhand is, en neem jou stroomop en stroomaf deur die bruggie tot waar die rivier in die waters van die Indiese Oseaan uitmond. Of jy kan 'n kano vir twee uur (R80 vir 'n uur en 'n half) en die rivier op eie stoom verken. Die kinders sal ook dink Ratanga Junction het see toe geskuif met vlugbal, 'n sandput, swembad, minigolf, trampoliën, klimraam en swaaië.

Die staanplekke is ruim en óp die water, met 'n braaiplek, rooster en lig. Het ons genoem dis op 'n strandjie teenaan die rivier? As jy tent opslaai, moenie die voorkant na die rivier toe mik nie; jy gaan met 'n skildery-uitsig wakker word, maar ook net vir 'n sekonde voor die son jou verblind. Daar is goedkoper staanplekke agter die rivierstaanplekke, maar die ekstra paar rand vir 'n staanplek naby aan die water is die moeite werd.

Stap jy met skemer deur die kampterrein, sien jy oral borrel braairook die lug in, kinders rol op die gras rond en kap 'n paar truuks op die trampoliën, terwyl 'n oom en tannie hand aan hand langs die rivier af stap en vir elkeen wat verby loop, knikgroet. 'n Man met 'n breërandhoed sit op die grasbank teenaan die rivier en staar paraat na sy visstok wat langs hom in die gras in 'n afgesnyde wit PVC-pyp geank is met die hoop om 'n steenbras, strepie, kabeljou of knordervissie met sy hoek en aas te flous.

Hier is 116 staanplekke om van te kies en die meeste van hulle is onder bome. Dit beteken die gras is skaars en jy moet onthou om jou eie grondseil te bring om nie sand in die wa te trap nie.

Wanneer dit tyd is om te skrop is hier drie skoon en moderne ablusieblokke met netjiese geriewe.

Kampplek 116 staanplekke onder bome, elk met 'n braaiplek en lig. Bring jou grondseil saam.

Ablusiegeriewe 3 skoon, moderne ablusiegeriewe met handewasseep en warm water.

Prys R95 p.p.n. tot R1080 (vir 4 plus R140 p.p.n. daarna) afhangend van waar jy staan en wanneer jy kamp.

Kontak 044 535 9309

plet@foreversa.co.za

foreverplettenberg.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS: S34.000581 E23.398862

Weg Ry & Sleep sê Jy kan nie in die Tuinroete kamp sonder om vir minstens drie dae hier oor te staan nie.

Karoo- nasionale park

Beaufort-Wes



Jy kan maar sê die Karoo-nasionale park se kamp-plek is 'n oase in die woestyn. Dis 'n groen koel tussen droë kliprandjies.

As jy met die N1 van die Kaap se kant af aangery kom, sit die parkhek net voor die dorp aan die linkerkant van die pad. Van die hek af ry jy vir 'n kilometer of wat met 'n teer-pad tussen die randjies deur tot by 'n klompie chalets en die kantoor aan die regterkant. Die kampplek is nog so 'n kilometer verder teen 'n bult af.

Hier langs die kantoor is 'n aandenkingswinkel wat terselfdertyd 'n groentewinkel, slaghuys, drankwinkel, boekwinkel en bakkerij in die klein is. Dit is van 7 vm.-8 nm. oop.

Die meeste staanplekke is langs mekaar in 'n groot sirkel om die badkamers uitgelê. Die genommerde staanplekke, wat met plat houtpale op die

grond geskei word, is nie almal ewe groot nie. Van hulle is op gras, ander op grond en party het 'n bietjie van albei.

Omtrent by elke vierde staanplek is 'n halflyf hoë muurtjie met 'n kraan, kragpunt, lig en vullisdrom. Van die kragbokse het gewone driepuntsokke en ander het sokke vir blou woonwaproppe.

Bring maar jou 20 m-verlengkoord saam ingeval jy een van die staanplekke die verste van die kragpunt af kry. (Die kragbokse is nie almal op die beste plek nie en as jy kortpad wil vat, gaan jou koord deur die staanplek van jou buurman langs aan loop.)

Jy het 'n los staalbraai by jou staanplek wat soggens skoongemaak word.

Die badkamers en waskamer is in 'n netjiese grasdakgebou, en al is die olyfgroen teëls al 'n bietjie oud, kan die

badkamer nie skoner nie. Die kombuis is langsaan in 'n kleiner grasdakgebou. Hier is ook 'n badkamer vir gestremdes.

In die ruim waskamer is 'n tuimeldroër en wasmasjien wat met R10-ruilmunte werk wat jy by die kantoor koop.

In die kombuis is vier elektriese tweeplaatstowe, 'n yskas, mikrogolfoond en twee wasbakke.

As jy wil gaan swem, moet jy daardie bult van 1,5 km van die kampplek af tot by die kantoor stap. Dis maar 'n ongemaklike bult. Hy voel te ver om te stap en te na om te ry.

Die een troos is dat jy langs die pad by die opelug-fossielmuseum kan afdraai en kan leer oor die diere wat in die oertyd hier geleef het. Jy stap 'n sirkelroete van 300 m met 'n gemesselde leiklip-paadjie langs en kyk na al die fossieloorblyfsels.

Kampplek 24 afgebakende woonwastaanplekke met redelike koelte en 6 kleiner staanplekke vir tente. Al die staanplekke het krag, water en 'n lig naby.

Ablusiegeriewe Naby jou staanplek en baie netjies.

Prys R295-R355 per staanplek (6 mense) plus 'n bewaringstarief van R24-R48.

Kontak ☎ 023 415 2828

✉ karooreervations@sanparks.org 🌐 sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teer tot by die kampplek.

GPS S32.363808 E22.542200

Weg Ry & Sleep sê Maak seker jy pak jou verlengkoord eerste in. >





Joalani-gasteplaas

Drie Susters

Of jy nou met die N1 of met die N12 uit die noorde aankom, Drie Susters is altyd 'n groot baken langs die pad. Die Joalani-gasteplaas lê reg langs die N1, sowat 70 km suid van Richmond en 30 km voor Drie Susters. Draai by die Biesiespoortbord regs, en 500 m verder kry jy jou staan as 't ware in Johan en Maré de Klerk se voortuin.

Joalani het 'n klompie gaste-kamers, maar die kampterrein kry groot aftrek. Daar is twee terrasse waarop jy kan neskop – op albei staan jy op gras en onder koeltebome. Hier kan tot vier woonwaens op elke terras staan – op onafgebakende staanplekke.

As jy vroegoggend al by die huis weg is en warm en moeg is wanneer jy hier uitklim, kan jy eers jou swembroek uitgrawe en heerlijk in die swembad op die onderste terras gaan afkoel.

Regs van die kampplek is 'n ontspanningsaaltjie met 'n TV, eetsaal (jy kan vooraf reëlings tref vir ontbyt en aandete) en kombuisgeriewe wat gaste kan gebruik. Hier is 'n gasstoof, wasbak en yskas. Buite die ontspanning-saal is braaigeriewe waar jy 'n tjoppie en braai broodjie kan gaar kry. As jy mooi vra, sal Johan vir jou sy wegsteek-kroegie oopsluit.

Die kus wink en 'n mens is waarskynlik haastig om weer

in die pad te val, maar as jy 'n tydjie wil afknyp, kan jy saam met Johan 'n entjie in die veld gaan ry om meer te leer oor die omgewing en sy skaapboerdery.

As jy dan klaar geboer het, kan jy jouself gaan skoonmaak in die goed toegeruste badkamers. Dis nie groot nie, maar baie skoon en netjies. By die mans is twee wasbakke, twee toilette en twee groot storte met glasdeure wat dig seël. Daar is selfs stortjels. Hier is ook genoeg hake om jou handdoek en klere op te hang en 'n rakkie by die spieëls voor die wasbakke vir jou Brut en Brylcreem. Die vrouegeriewe lyk dieselfde, behalwe dat daar 'n bykomende toilet is.

Kampplek Onafgebakende staanplekke onder bome.

Ablusiegeriewe Skoon en netjies.

Prys R250 per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 10 vm. en 3 nm.

Kontak ☎ 084 979 5493 of 049 851 9211 📞 deklark. m64@gmail.com

Hoe lyk die pad? Die laaste 500 m is goeie grondpad.

GPS S31.798983 E23.368000

Weg Ry & Sleep sê Die televisie het net die vier gratis kanale – moet dus nie verwag om hier te kyk hoe die Stormers en Sharks mekaar pak nie. 📺



Hondeklipbaai-woonwapark

Hondeklipbaai



As jy Hondeklipbaai op Google Earth bekyk, sal jy sien die dorp is min of meer in 'n reghoek uitgelê waarvan die sye ongeveer 750 m en 1,5 km lank is. Die kampplek lê teen die see, aan die lang (noordelike) sy van die blok.

Die kampplek is in 'n reghoek uitgelê, op 'n kaal stuk grond wat met 'n effense helling val van die Weskusbossies aan die een kant tot by die see aan die ander. As jy koelte soek, moet jy dit maar saambring, want hier is nêrens 'n boom of skadukol nie. Dit beteken darem niks belemmer jou uitsig see se kant toe nie. 'n Diamantbootjie staan en dobber in die

hawe en 'n paar duikers – die geveerde soort – gebruik die maste as rusplek terwyl die boot in die branders wieg. Na regs steek nog een van die Weskus se skeepswrakke uit.

Daar is drie kragbokse teen die muur die verste van die kampplek se ingang af, en in elkeen is vier driepuntsokke. 'n Paar geboude braaiplekke staan lukraak rond, maar het nie roosters nie. Ewe lukraak is die vullisdromme wat almal 'n voet of wat bo die grond aan 'n paaltjie vasgemaak is.

Die vierkantige wit badkamergebou is ongeveer in die middel van die kampplek. Aan die buitekant is 'n wasbak vir skottelgoed, en dis ook die

naaste kraan aan jou staanplek. Binne-in is dit netjies en dit lyk of dit nie te lank gelede nie uitgeverf is.

Die storthokkie is ekstra-ruim, het 'n droë kant sonder 'n gordyn, maar niks om jou badkamersakkie en klere op neer te sit nie. Dieselfde geld vir die res van die badkamer: Nêrens is 'n rak of bankie om jou pakkaas te pak nie. Bo die wasbak is teëls, maar jy sal jou hare sonder 'n spieël moet kam, want hier is nie een nie.

Hoë spreiligte troon bo die dorpie uit, en wanneer die donkerte kom, word die wêreld verlig. As jy donkerte verkies in die kooi, sal jy die gordyne moet toetrek.

Kampplek 8 onafgebakende plat staanplekke op grond.

Ablusiegeriewe Skoon en voldoende.

Prys R143 per staanplek (vir 4 mense).

Kontak 027 692 3066 of 073 247 3931 corete petersen@gmail.com

Hoe lyk die pad? Die N7 is goeie teerpad tot op Garies, en dan is dit 80 km goeie grondpad.

GPS S30.315784
E17.276603

Weg Ry & Sleep sê
Bring jou eie koelte, want hier is nie – én, belangrik, op die dorp is ook nie brandstof nie. >





McDougallsbaai-woonwapark

Port Nolloth



Die oord lê soos 'n lang 600 m lange wurm teen die Weskus. Hier is vyf ablusieblokke waarvan die middelste een (waar jy die kamp inry) net toilette het – die res het wasplek by en drie het ook opwasplek.

Dit maak nie saak waar in die kamp jy jou staan kry nie; jy gaan jou moet tuismaak op 'n harde plat sandoppervlak. 'n Personeellid "kam" die sand met 'n hark en die kamplek is netjies.

Die lang wurm kan jy in drie gelyke dele opdeel waarvan die kop en stert 'n ry staanplekke weerskante van die inrypad is. Tussen die see en die voorste ry staanplekke is 'n heining en net by die stertkant (die suidelike deel) is daar plek-plek hekkies in die heining as jy direkte toegang tot die strand soek. Die staanplekke hier, weg van die strand af, is meer beskut teen die wind danksy digte struik

wat rondom dit geplant is. Die voorste staanplekke en dié aan die noordekant se struik is yler. Die kamplek se middelste staanplekke is rug aan rug en die pad loop daarom.

Te oordeel na waar die ander kampeersers staan, is die suidelike staanplekke, links van die ingang, die gewildstes.

Op jou staanplek is 'n geboude braaiplek met die staanpleknommer daarop, maar jy moet jou eie rooster saambring. Die krane is skaars en dit lyk of drie staanplekke een moet deel. Party krane staan weggesteek in die struikheining. Jou vullisdrom is 'n ou 45 galon-drom en die kragpunt (met 'n gewone huissok) is teenaan 'n rooi paaltjie vasgesit.

Dis goed en gaaf om jou eie badkamersleutel te hê, maar agter die geslote deur is die badkamer ene munisipaal. Dis eenvoudig en oud, maar niks wat nie met 'n bietjie verf en

'n paar nuwe teëls reggemaak kan word nie – dit is darem eenvoudig skoon. Hier en daar het die teëlwerk 'n paar houe gevat, en plek-plek begin die rou pleisterwerk agter die geverfde mure gesig wys. Die storthokkie het sy eie deur, maar tussen die stort- en die droë kant is geen gordyn nie; slegs 'n lae rand van 'n baksteen of wat hoog. As jy stort, spat die water dus die wêreld vol, maar gelukkig is die betonbankie om die hoek en die droë goed bly droog. Die water uit die warmwaterkraan is ten minste kokend.

Omtrent 400 m die see in is 'n rotsbank wat parallel met die strand loop, en dele daarvan steek met laagwater uit.

Dit wemel van alles met vere, en die flaminke met hulle S-nekke staan rond en por in die water. Die rotsbank breek die golwe en maak dit 'n ideale swemplek waar die jong klomp kan baljaar.

Kamplek 97 plat staanplekke sonder koelte met krag en braaiplek.

Ablusiegeriewe Skoon en oud, maar dis tyd vir opknappwerk.

Prys R170-R235 per staanplek vir 4 mense afhangend van die seisoen.

Kontak ☎ 027 851 1110
📧 richtersveld.gov.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S29.282868
E16.880482

Weg Ry & Sleep sê Die ontvangsmense meen jy kan maar enige tyd van die jaar, behalwe Desember, opdaag en hier sal vir jou 'n staanplek wees.

Namastat

Springbok



Dis niks nuuts om by 'n kampplek in te boek oor 'n hotel se toonbank nie, maar by Namastat voel 'n mens die swier wanneer jy deur die groot deure van die Springbok Inn stap. 'n Mens kan jou hoed lig vir die ontwikkelaars van die drieverdiepinggebou.

Die kampplek is langs die hotel – jy ry by die hotel se parkeerterrein uit en hou dan skerp links. Die staanplekke is om die badkamers uitgelê en van hulle word met enkelhoë klipmuurtjies van mekaar geskei. Jy kan self jou staanplek kies – hulle is almal genommer, maar van die staanplekke is beknop en eerder nommerpas vir 'n tweemantent. Die grootste staanplekke is aan die kantoor se kant van die badkamers. Hier pas 'n klompie woonwaens langs mekaar –

net reg as jy en 'n paar vriende in 'n groep wil kom kamp.

In teenstelling met die dorre aarde staan hier heelwat koeltebome, en op die meeste van die staanplekke is 'n mate van 'n skans teen die son. Jou kragpunt gebruik 'n gewone huissok, en as dit nie op jou staanplek staan nie, is dit naby genoeg dat 'n mens met jou verlengkoord van 10 m kan regkom. Dis dieselfde storie met jou kraan: Dis óf op jou staanplek óf op jou buurman s'n. Die braaiplekke lyk nuut oorgedoen en dit lyk of van die roosters – wat met 'n ketting aan die braaier vasgebout is – nog nie 'n vuur gesien het nie.

Die eienaars het nie teruggehou met die storte nie – hulle is heerlik ruim. Daar is wel net 'n nat gedeelte, en in die hoek van die hokkie staan 'n bankie waarop 'n mens jou

klere in 'n hopie kan stapel. Die twee keramiekwasbakke langs mekaar in die groter vertrek is uit 'n vorige era.

Die kombuis is in die gebou langs die badkamers, maar dis amper meer van 'n kuierplek. Daar's 'n stoepgedeelte met 'n klompie braaiplekke van waar 'n mens oor die onderste deel van die kampplek uitkyk.

As jy in die swembad wil afkoel, moet jy terugstap hotel toe. Die swembad is so groot soos die een in die meeste voorstedelike agterplase, maar kom rek gerus jou bene op een van die bankies langs dit. Bestel iets kouds by die restaurant se kroeg sodat jy darem nie droëkeel rondsit terwyl die kinders in die water rondplas nie. En as die kinders genoeg van die water gehad het, is daar 'n paar klimrame en swaaie in die kampplek.

Kampplek 25 staanplekke – almal op grond waarvan die meeste 'n koelteboom en kragpunt het.

Ablusiegeriewe Een-voudig en netjies.

Prys R200 p.n. vir die staanplek (en die eerste 2 mense) plus R50 p.p. vir bykomende gaste (gratis vir kinders o.12).

Kontak ☎ 027 718 1832
✉ book@namastatlodge.co.za 📍 namastatlodge.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 650 m is 'n skaflike grondpad.

GPS S29.690304
E17.884779

Weg Ry & Sleep sê

“Namastat” verwys na die eerste inwoners van die omgewing. Langs die eerste staanplek staan 'n Namahut – dit herinner effens aan 'n igloe, maar dis met rietmatjies oorgetrek. >





Augrabies- nasionale park

Keimoes



Sanparke se kampplekke is voorspelbaar: dis aan die kant en daar's nie veel klagtes oor geriewe nie.

Dieselfde geld vir Augrabies: Jy weet ook jy kan jou eie staanplek kom kies en die kragpunt werk met die blou woonwagpropsoort.

Van Kakamas af is dit 25 km tot hier, en hoewel die valle op sy beste is gedurende die noorde se reënseisoen, kan jy ook in die droë laatwintermaande kom kyk, want die Oranjerivier is heeljaar sterk op pad see toe.

Wanneer jy hier kamp, kan jy enige gaatjie uitsoek solank dit lanks die grasperk is. Kyk waar die kragpunte is as jy nie jou verlengkoord wil gebruik nie, want hulle staan nie op elke staanplek nie. Die krane staan lukraak rond en hier is heelwat koelbome.

Hier staan 'n paar vierkantige houtgeboutjies met verskeie

vullisdromme binne wat deel vorm van Augrabies se herwiningsinisiatief. 'n Mens móét jou vullis hier kom weggooi, want daar is nie 'n vullisdrom op jou staanplek nie.

Op jou staanplek is 'n geplante ploegskaarbraaiplek waarvan die rooster oor die bak swaai. Wanneer jy opdaag, is dit reeds skoongegee.

Die twee badkamergeboue is aan weerskante van die kampplek met 'n kombuisgedeelte (met 'n oop en onderdakwaskamer) aan die verste kant. Dié kantse badkamer lyk so oud soos die kampplek self en is aan die buitekant met ronde klippe afgewerk. 'n Mens het meer as genoeg pakplek langs die wasbakke, asook 'n droë gedeelte in die storthokkie. Die badkamers aan die ander kant is soortgelyk, maar die storthokkies is beter, want die stortgedeelte het 'n glasswaai deur voor die storthokkie. Die

geriewe vir gestremde mense is ook aan hierdie kant.

Die kombuis het elektriese tweeplaatstoves as jy dalk vinnig spek en eiers vir ontbyt wil regkry voor jy in die pad val. 'n Outomatiese wasmasjien en tuimeldroër staan langsaa.

Die rivier met sy canyonafloop is 200 m van die kampplek af en die waterval nog 300 m verder stroomop.

'n Mens hoor die gebulder van die water tot in die kampplek, en as jy na die waterval wil gaan kyk, moet jy maar vir lief neem dat jy tot daar gaan stap. 'n Hele paar verhewe dekpaadjies neem jou na verskillende uitkykpunte wat ewe ver van die kantoor of die kampplek af is. Die uitkykpunte is veilig toegespan terwyl dit nie jou sig belemmer nie; dis ook veilig vir die kinders.

Die begin van die dekpad is halfpad terug kantoor toe, en die twee swembaddens is ook hier.

Kampplek 40 plat staanplekke op grond waarvan die meeste 'n koelboom naby het.

Ablusiegeriewe Oud en netjies, maar kort aandag.

Prys R250 per staanplek vir 2, plus 'n bewarings-tarief van R24-R48.

Kontak ☎ 054 452 9200
🌐 sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teer tot by die kantoor en mooi grondpaadjies in die kampplek.

GPS S28.593177
E20.337481

Weg Ry & Sleep sê
Koop die inligtingsboekie wanneer jy inboek. Dis 50 blaaie propvol kleurfoto's met interessante inligting oor al die diere, klimaat en verblyf regdeur tot die kaart van die kampplek.

Kalahari Water-woonwapark

Keimoes



Sowat 70 km van Upington af sluit die N14 by 'n vierrigtingstop by Keimoes se hoofstraat aan. Van hier af is dit 3,5 km tot by die Kalahari Water-woonwapark. Deur die hek langs die kantoor ry jy sowat 200 m reguit al langs wingerde tot by 'n groot lapa, selfsorghuises en die kampplek.

Langs die lapa en 'n speel-en-klouterplek vir kinders is 'n graskol met vier staanplekke wat twee kragbokse deel – twee van hulle in die oopte en twee effens boombesut. Linksaf loop 'n paadjie verby die huisies en wingerd deur na 'n groot, vierkantige gemeselde dam en die eintlike woonwapark met die lekker staanplekke. Net ná die huisies lê vier staanplekke in 'n ry langs mekaar teen die dam se houthaining, almal met krag

en een met braaiplek. Om die draai van hulle is 'n groot kampkol tussen die dam, 'n aalwynklipkop en wingerd. Hier is ses staanplekke in 'n kring by 'n ablusieblok. Hulle het op een na houtpaalafdakkies en as jy hier kamp het jy 'n kragpunt, heuphoogte betonpyp-braaiplek met 'n rooster, ronde betontafeltjie, kraan en lig langs jou wa of tent.

By Kalahari Water het jy ook 'n tweede kampopsie. Jy kan in die rivierkamp, 2,5 km verder, op die oewer van die Oranje gaan afhaak.

By die plaashek uit draai jy regs af op die grondpad en hou verby die kleiner afdraaipaaie reguitaan op die grootpad tot by die rivierkamp. Die pad loop tussen klipkoppe en die wingerde van verskeie boere deur.

Die rivierkamp het 20 staan-

plekke sonder krag op 'n lang en breë strook gesnyde gras. Aan die kant die verste van die water af is groot ou bome waar jy in die koelte jou tentpenne kan inslaan.

Hier langs die rivier het jy nie krag of lig op jou staanplek nie. Jy braai jou tjops op 'n drom-braaier. Jy het wel warm water om te stort en vir skottelgoed, maar jy moet jou eie drinkwater saambring.

Aan die een kant in die woonwaking is 'n ablusieblok met afsonderlike badkamers vir mans en vroue en 'n opwas-kamer langsaaan. Die geteelde badkamers is netjies en skoon, elkeen met twee storte, wasbakke en toilette. In die opwas-kamer is twee wasbakke om jou skottelgoed te was en af te spoel, 'n lang werkblad met 'n tweepuntsok en aan die een kant is 'n diep wasbak vir klere.

Kampplek 14 staanplekke met krag in die woonwapark op die plaas en 20 staanplekke sonder krag in die rivierkamp, die meeste met koelte.

Ablusiegeriewe 'n Netjiese en gerieflike ablusieblok in die woonwapark en 'n rustieke houtpaal-badkamergebou met warm water in die rivierkamp.

Prys R130 p.p.p.n. in die woonwapark en R100 p.p. in die rivierkamp. Kinders (6-16 jaar) betaal halfprys en pensioentrekkers kry buite seisoen 10% afslag.

Kontak ☎ 082 495 7999

✉ info@kalahariwater.co.za
📞 kalahariwater.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad en redelike grondpad.

GPS S28.717755
E20.956195

Weg Ry & Sleep sê
Dagbesoekers word in 'n aparte gedeelte by die rivier toegelaat, maar geraas en moeilikheid word nie geduld nie. >





Ou Skool-gastehuis

Upington



Hier kamp jy luuks. Die gras is groen, jy het 'n kragpunt (blou sok) op jou staanplek, jy braai op 'n groot ronde geboude braaiplek in die tuin en sit aan by een van daardie wit Victoriaanse gietyster-tuinfafels op 'n gietysterstoel. En 'n laseroog speel polisieman en bewaak jou kar in die parkeerplek voor die gastehuis as jy slaap én jy het selfs wifi op jou staanplek.

Hier is vier woonwastaanplekke en 'n stuk of 10 vir tente, maar die koelte is wel skraps. Hier is twee ruim volbadkamers – albei gerieflik en silwerskoon. Voor elke badkamer is twee opwasbakke vir jou vuil borde en koppies. Eenkant in die kampplek staan ook 'n netjiese klein houtgeboutjie met 'n stort, wasbak en toilet. Dié word oopgesluit wanneer daar die dag 'n klompie mense op al vier staanplekke kamp.

Die kampplek se groen

grasperk is 'n lekker rondhard-loopplek vir kinders en langs die ablusieblok is 'n speelplek waar hulle kan swaai, klim en klouter. Die oord se winkel verkoop hout en braaipakke – en as jy nie wil braai nie, kan jy in die restaurant, Die Koshuis, eet. Hulle bedien soggens ontbyt en saans kan jy vir 'n T-been met groente en tjijs of iets ligter aansit. En ná daardie steak kan jy oorskuif na Die Siekeboeg (dis nou die kroeg) vir 'n koue bier of iets sterkers. In die koffiewinkel kan jy deur die dag aansit vir 'n wafel of 'n burger en 'n melkskommel drink.

Die gastehuis en kampplek het ook iets wat min ander kampplekke het: 'n groot tweedehandseboekwinkel met 'n groot verskeidenheid. En nadat jy daardie Stieg Larsson gekies en betaal het, kan jy dit rustig in die winkel in 'n gemaklike bank begin lees.

As jy wel moet ry om bier vir

jou braai of iets by die winkel te kry, hoef jy nie ver te ry nie. Trouens, jy kan sommer stap. Net sowat 200 m van die hek af, waar jy by Neilersdrift ingery het, is 'n drankwinkel.

By die Saltana-minimark kan jy brood, melk, koeldrank, hout en ys vir die kampplek koop. Hulle verkoop ook van hierdie geweste se droëvrugte, dadel en konfyte.

Langs die gastehuis lei 'n klippaadjie in 'n mooi stukkie tuin tot by 'n ronde plaasdam wat in 'n netjiese swembad omskep is.

Jy klim met trappies op tot op 'n verhewe houtdek wat gelyk met die water loop, en spring in.

Saans, as dit goed donker is, skitter die sterre helder en jy kan op jou kampstoel sit en hemelwaarts staar.

Vir 'n behoorlike sterrekyk-aand kan jy by die kantoor gaan vra om die gastehuis se teleskoop te leen.

Kampplek 4 woonwastaanplekke op groen gras en met krag, en plek vir 'n klompie tente ook.

Ablusiegeriewe Luuks en netjies.

Prys R155 per staanplek en nog R55 p.p. (R30 vir kinders van 2-12)

Kontak ☎ 054 464 0125
✉ info@ouskoolguesthouse.co.za
🌐 ouskoolguesthouse.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad en 100 m netjiese grondpad van die hek af tot by die gastehuis.

Weg Ry & Sleep sê

Jy kan vir Fieffe saambring as jy vooraf reël, maar vir die grote Wagter moet jy 'n oppasser by die huis kry.

Duin-in-die-Weg-gasteplaas



Groblershoop



Die tuin voor Duin-in-die-Weg se gastehuis is 'n groen lushof in die dor Noord-Kaapse wêreld en die kampplek is in 'n klein kameeldoringbos op lowergroen en goedversorgde gras, reg langs die lang wal van 'n groot duin.

In die kampplek is 13 kragbokse (driepunt) teen die stamme van die kameeldoringe versprei. Dis ou bome en hulle toppe vorm 'n digte koeltek bo die staanplekke.

Hier is genommerde bordjies vir 26 staanplekke, maar staanplekke is nie afgebaken nie en jy kies vir jou by een van die kragpunte 'n lekker kol.

Aan die een kant van die kampplek, naby een van die badkamers, is 'n gawe kol as jy 'n klompie mense is en 'n klomp vleis wil braai. Hier staan 'n groot wielvelling-

braaier naby 'n kragpunt en jou kraan. Nog kraan staan in die kampplek versprei.

In die res van die kampplek is nie braaiers nie. As iemand die braaier geannekseer het, kan jy vir 'n losstaande braaier vra óf jy kan laatmiddag jou kampstoele vat en op die rand van die duin langs die kampplek gaan braai, terwyl jy wyd oor die vlaktes en heuwels uitkyk. Bo-op die duin staan 'n los heuphoogte wielvelling-braaier en tafeltjie waarop jy jou kos en drinkgoed kan pak.

In die kampterrein stap jy net 'n paar tree om in een van die ses badkamers te gaan stort en tande te borsel. Teen die duin staan twee beton-en-houtpaalgeboue met spits sinkdakke, elkeen met twee aparte badkamers. Aan die ander kant van die kampplek staan nog 'n gebou

met twee badkamers. Die badkamers is modern en skoon, elkeen met 'n groot stort, wasbak, toilet, 'n bankie en baie aantrekplek en pak- en hangplek vir jou klere en badgoed. Jy kan ook jou elektriese skeermes hier inprop.

Langs die enkelbadkamer aan die bokant van die kampplek is 'n speelplek met ongewone klimtoestelle, wipplanke en swaai. Sowat drie minute se stap verder is die swembad, langs die kantoor in die gastehuis se mooi koelte-tuin. Soggens en saans kan jy duinlangs stap om die mooi Noord-Kaapse sonsopkomste en -ondergange te sien. Die plaas is groot en jy kan ver stap of jou bergfiets trap.

Die Oranjerivier loop hier op buurplase verby, en dis net 600 m se stap by die hek uit tot by die water as jy wil lyn ingooi.

Kampplek 26 staanplekke met krag, op groen gras en onder 'n reusesambreele van kameeldoringbome.

Ablusiegeriewe Netjies.

Prys R350 per staanplek vir 4 mense en daarna R50 p.p.p.n.


Kontak 054 741 0167 of 083 303 7769 duinin
dieweg@gmail.com
duinindieweg.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad en 3,6 km mooi grondpad.

Weg Ry & Sleep sê

Sowat 8 km van die kampplek af, langs die N10 na Kakamas, sit Oranjerivier-kelders se Grootdrink-kelder, waar jy enigets van colombard tot soet hanepoot of port kan proe en koop. >





Witsand-natuurreservaat

Olifantantshoek



Die plek met sy kontrasterende wit en rooi duine en brulende sand is uniek en prentjiemooi – en rustigheid op sy beste. En dit is 'n netjiese kampplek met gawe geriewe.

Witsand se 10 staanplekke is om 'n klipablusieblok uitgelê. Links van die ingang lê staanplek nr. 1 – 'n gewilde afsaalplek onder van die gereelde kampeers. Hier is plek aan die voorkant om jou wa in die koelte van 'n klompie bome staan te maak, en verder agtertoe, by die braaiplek, is nog plek vir 'n tent of twee tussen die bome. Dit is een van die meer private en beskutte staanplekke.

Staanplek nr. 8, agter die ablusieblok by 'n groterige kameeldoring, is ook 'n gewilde staanplek omdat dit half eenkant is. Hier is egter nie veel koelte nie.

Voor in die kampplek, langs die ablusieblok, is nog 'n staan-

plek met baie koelte. Hier moet jy egter vir lief neem met ander kampeers wat kom stort en hulle skottelgoed reg langs jou staanplek was.

Van die staanplekke het min koelte en met die Kalaharison wat somermiddae erg bak, móét jy sorg vir 'n afdak van jou eie. Bring ook jou grondseil saam, want hier kamp jy op Kalaharigrond.

Elke staanplek het 'n groot, ronde klipbraaiplek wat heuphoogte staan, met 'n pootjiesrooster wat jy regopslaan om vuur te maak en wat jy braaiyt oor die kole weer platslaan. Eenkant staan 'n geplante spoorwegbalk met 'n lig daarteen. Langs die braaiplek is 'n houttafel en bankies vir ses mense.

Jy deel 'n kragpunt (blou sok) met 'n buurman. Bring 'n verlengkoord van 20 m. Jou braaiplek en vullisdrom (met 'n aapbestande deksel) word soggens deur die reservaat-

personeel skoongemaak en daarna maak hulle ook die badkamers silwerskoon.

In die klipablusieblok is aparte badkamers vir mans en vroue. By die ingang loop 'n paadjie van sowat 100 tree na die swembad. Die groot swembad word volgehou met yskoue grondwater en is die plek om te wees as die son op sy warmste is. Jy kan ook onder 'n afdak by tafels en bankies ontspan en hier naby is aantrekkamers en toilette vir mans en vroue.

By die kantoor begin 'n botaniese staproete van 3,2 km met plantnaambordjies wat vir jou wys hoe lyk goed soos sandkweek, blinkblaarboesmangras en januariegas. In die inligtingskantoor is uitstallings wat jou alles oor die omgewing en die duinestelsel (5 km lank en tot 9 km breed) vertel.

Langsaan is die winkel waar jy proviand kan koop. Jy kan ook 'n fiets huur (R120 p.d.).

Kampplek 10 groot staanplekke met krag, op grond en van hulle in die koelte.

Ablusiegeriewe Gerieflike en skoon badkamers vir mans en vroue.

Prys R110 p.p.n. (R80 vir kinders 3-16 jaar).

Kontak 083 234 7573

✉ witsandkalahari@gmail.com; 🌐 witsandkalahari.co.za

Hoe lyk die pad? Stamperige en redelik slegte grondpad vir 45 km van Groblershoop se rigting af en vir 75 km van Olifantshoek se kant af.

GPS S28.563485
E22.489385

Weg Ry & Sleep sê
Slegs MTN-gebruikers
het selfoonontvangs hier
– en ook nie oral nie.

Melton Wold

Victoria-Wes



Melton Wold lê halfpad tussen Loxton en Victoria-Wes en bemark homself as die oudste gasteplaas in Suid-Afrika. Daar is beslis 'n oudwêreldse gevoel omtrent die plek wanneer jy voor die gastehuis stilstou.

Die gastehuis self, waar die ontvangskantoor ook is, is groot en oud, en die eerste ding wat jou oog tref soos jy nader stap, is die rolbalbaan regs van jou. Dan sien jy ook die tennisbaan en 'n trampolien op die groot grasperk voor die huis, en onder die stoepafdak staan 'n klompie stoele en tafels en 'n fietsloods met 'n paar bergfiets. In die verte is 'n speelparkie met swaai, 'n klimraam en 'n ou trekker waar die kinders kan klouter.

Die kampterrein is groot genoeg vir minstens 10 woon-

waens, hoewel die staanplekke nie afgebaken is nie. Elkeen het 'n kragpunt met 'n gewone huissok, 'n losstaande braaier en rooster, en 'n waterkraan. Aan die verste kant van die kampplek is die swembad, wat eintlik maar net 'n reghoekige plaasdam is. Die water is groenerig, maar in die middel van die somer sal niemand daaroor kla nie. Langs die reghoekige swembad is 'n klein ronde een vir kinders.

Die kampterrein word omring met wilger- en dennebome, en jy gaan nie sukkel om 'n stukkie koelte te kry nie. Aan die regterkant van die terrein is 'n vleitjie en heelwat van die meer as 200 voëlspesies op die plaas trek hier byeen. Pak dus jou voëlboek en verkyker in as jy byvoorbeeld nog nie 'n regmerkie langs die wit kruiskleivalk gemaak het nie.

As jy weet jy gaan te laat opdaag om te braai, kan jy by die bestuur bespreek om aandete in die gastehuis te geniet. Langs die eetsaal is 'n speeltjieskamer waar jy jou slag met tafeltennis of veerpjeltjies kan wys, of jy kan in die groot sitkamer ontspan of 'n bier in die Deer and Pheasant-kroeg geniet. Daar is geen selfoonontvangs op die gasteplaas nie, maar jy kan by die gastehuis vra vir toegang tot hulle internet as jy regtig dringend 'n e-pos moet stuur.

Die skoon en netjiese ablusiegeriewe is links van die inrypad. Dis 'n eenvoudige baksteengebou met 'n sinkdak sonder plafon. Die warm water spuit sterk en word voorsien deur 'n kombinasie van sonkrag en elektriese geisers.

Die opwasplek het twee wasbakke en is buite.

Kampplek 10 onafgebakende staanplekke met gras en koelte.

Ablusiegeriewe Netjies en skoon.

Prys R220 per staanplek vir 2 mense. Daarna kos dit R30 p.p.p.n.

Kontak ☎ 053 621 0906

✉ info@meltonwold.co.za

🌐 meltonwold.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 3 km is 'n grondpad wat plek-plek sinkplaatgery is.

GPS S31.428385

E22.758445 (afdraai)

Weg Ry & Sleep sê Die hek langs die grootpad is van 9 nm. tot 7 vm. gesluit. As jy ná of voor dié tye hier aankom, moet jy spesiale reëlings tref. >





Motswedi-kampterrein

Kimberley



Die Motswedi-kamp lê diep in die Mokala- nasionale droëgebiedpark, onder doringbome en langs 'n watergat. Die kampterrein het net ses staanplekke wat in 'n halfmaan om 'n watergat uitgelê is. Jou kampgeld koop vir jou 'n groot plot van sowat 20 treë na alle kante toe, maar die reëls sê daar mag net ses mense op een staanplek kamp.

Jy en een van jou kamp-buurmanne deel 'n gebou waarin elkeen sy eie badkamer en kombuis het. Dié drie badkamer-en-kombuisgeboue is in 'n tipiese Sanparke-styl gebou en in 'n rooi kleikleur geverf wat mooi by die omgewing inpas. Houtpaaltjies dien as afskorting by die ingange en om dinge soos die gasbottels en sonpanele om die voorkoms af te rond.

Die doringbome is net-net groot genoeg sodat jy jou woonwa of boswa in die skadu

kan trek, en as jy jou wa hier by die braaiplek staanmaak, is jou badkamer en kombuis ongeveer 15 treë van jou kampplek af. By jou staanplek het jy 'n skottelskaarbraaier waar jy om die vuur kan staan en braai én 'n vuurput in die grond waar jy sit-sit en gesellig onder die sterre kan braai.

Smòrens vroeg is Sanparke se personeel daar om jou braaiplek skoon te hou, jou vullisdrom leeg te maak en seker te maak jou gasbottel vir jou stoof en yskas is nog vol genoeg voor jy vanaand weer begin braai en kosmaak.

Dit is nie nodig om altyd Eskom-krag by jou staanplek te hê om in gerief en styl te kamp nie. In Motswedi is nie elektrisiteit nie, maar jou badkamer en kombuis het ligte wat bedags deur die Noord-Kaapse son gelaai word. Met 'n songeiser op die dak van die badkamer-en-kombuis het jy warm water om te stort en

skottelgoed te was.

In die gepleisterde en geteëlde badkamer is 'n ruim stort met 'n aantrekhoekie en 'n bankie en hier is genoeg pak- en hangplek vir jou badgoed en skoon klere.

Die kombuis, met sy oop voorkant, is voor die badkamer en is ewe netjies geteël en gepleister. Agter in die linkerhoek is 'n vlekvrystaal-opwasbak vir jou skottelgoed en groot werkoppervlak met die tweeplaatgasstofie. Langs die stoof is 'n groot gasyskas met 'n vrieshokkie.

Voor by die ingang van die kombuis is 'n groot geteëlde werktoonbank waar jy jou potjiegroente kan skil en slaai maak terwyl jy loer of daar nie rooihartbeeste of ander bokke watergat se kant toe staan nie.

Op 'n goeie oggend kan jy met dagbreek selfs elande somer hier langs jou staanplek in die veld sien wei. Heerlik naby aan die natuur.

Kampplek 6 private bosstaanplekke, elk met 'n private badkamer en kombuis. Staanplekke is op gras of gruis, almal met krag en die meeste ook met skaduwee.

Ablusiegeriewe Skoon, luuks en nét joune.

Prys R430-R455 per staanplek (6 mense) plus 'n R20-R40-bewaringstarief.

Kontak ☎ 053 204 8000


📍 sanparks.co.za/parks/mokala

Hoe lyk die pad? Die 21 km grondpad tot by die Mosu-ingang is op plekke effens sinkplaat gery.

GPS S29.151800
E24.309620

Weg Ry & Sleep sê

Een van die lekkerste kampplekke in die Kimberley-omgewing. 🏕️



Nqweba-kampplek

Graaff-Reinet



Die kampplek is sowat 'n kilometer van die Kamdeboo- nasionale park se kantoor af en dis 'n netjiese grondpad tot daar. Op pad kan jy net ná die eerste hek stilhou by 'n granietmonument vir die Voortrekkerleier Andries Pretorius wat net noord van die dorp grootgeword het.

Die monument is die handewerk van Coert Steynberg en dit is hierheen verskuif omdat vandale dit verniel het toe dit buite die park langs die hoofpad gestaan het. Die linksafdraai na die Nqweba-kampplek is 700m verder links en die tweede hek 200m vorentoe.

Staanplekke word nie vooraf toegeken nie. Waar jy gaan staan, hang af van hoeveel ander kampeersers voor jou opdaag. As jy vroeg kom, is jou kansse groter om een van die beste staanplekke te kies. Min of meer die helfte van

die staanplekke is naby die elektriese heining rondom die kamp. Die res van die staanplekke is nader aan die middel en gerieflik as jy nader aan die badkamer wil wees.

Die staanplekke is duidelik met bordjies genommer en jy het 'n kragprop (gewone huissok) en lig teen 'n geplante boomstomp. Jy het ook 'n tafel met bankies wat jy kan skuif tot waar jy dit wil hê, en 'n groen drom vir jou vullis. Die braaier is 'n wenner. Dis van stewige metaal en 'n halwe vragmotorvelling, met 'n rooster wat kan wegswaai en 'n armpie waaraan jy jou potjie oor die kole kan hang. Werkers kom maak vroegoggend jou braaier vir jou skoon.

Die meeste van die staanplekke het effense koelte en hulle is almal nommerpas vir van die grootste waens. Hulle is ook lekker gelyk.

Die badkamers is in 'n reg-

hoekige vaal siersteengebou en is geriefliker as baie ander kampplekbadkamers. Op die een hoek is 'n ruim badkamer vir gestremdes en langsaan is die kombuis.

Die kombuis is so goed ingerig dat jy omtrent net met 'n tweemantel in die kampplek kan opdaag. Hier is twee elektriese tweeplaatstowe, 'n mikrogolfoond, elektriese ketel, twee wasbakke en 'n kisvrieskas.

In die kampplek is 'n verdieping hoë uitkykdek op stelte. Jy kan jou sit hier op 'n bankie kry en kyk hoe die elande op die oewer van die dam wei.

Jy mag self in die park rondry om wild te kyk. Die grondpaaie is netjies en jy kan hulle met 'n klein stadskar ry. Vir kampeersers is die toegang na die Vallei van Verlatenheid ook gratis en 'n besoek aan dié Erfenisterrein is 'n hoogtepunt.

Kampplek 15 gelyk en private woonwastaanplekke met redelike koelte en krag, braaiplek, met 'n bankie en water naby.

Ablusiegeriewe Klein, skoon en netjies.

Prys R240-R310 per staanplek vir 6 mense. Bewaaringstarief van R19-R38.

Kontak 049 892 3453

camdeboo@sanparks.org

sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die parkhek en 'n kilometer netjiese grondpad.

GPS S32.220497
E24.541683

Weg Ry & Sleep sê Die pad na Middelburg is net 700m weg van die kampplek af en kan laataand soms raserig raak. >





Bergkwagga- nasionale park

Cradock



Die Bergkwaggapark wemel van diere. As jy wil hê die kinders moet 'n koedoe se krulhorings van naby sien of 'n slag ophou stry oor hoe groot 'n eland nou rêrig is, is dit ongetwyfeld die plek om hulle heen te bring.

Die kampterrein strek oor drie terrasse. Hier is 20 staanplekke, maar dis nie gemerk nie en 'n ryhuis sal, ná etlike maneuvres en metings met die waterpassie, sy staan aan die teenoorgestelde kant van 'n doringboom se laaste skemerkaduwee kry.

Dis maklik genoeg om 'n braaidrom op te spoor, maar bring 'n verlengkoord – daar is nie 'n kragpunt by elke staanplek nie en jy sal dalk daai blou sok tussen twee buurmanne s'n moet inprop.

Die kampterrein raak oor naweke nogal vol met mense wat somer vir die twee aande uit Queenstown of Grahamstad oorry, maar tog is dit steeds een van die stilste plekke waar jy kan kamp.

As jy buite die woonwaens verby stap, kan jy die sagte gegons van die yskaste binne-in hoor, en die geskarrel van die nagdiertjies wat somer net hier anderkant die houtheining doenig is, laat jou omkyk-omkyk badkamer toe loop.

Die kampterrein se ablusie en 'n klein kombuis is op die middelste van die drie terrasse. Al die basiese geriewe is daar, maar dis jammer dis afgeleef.

Dit pas gewoon nie by die res van die gehalte wat jy oral in die park aantref nie.

Die winkel-en-restaurant-kompleks is stapafstand van die kampterrein en die park se 19 chalets af en dit gee jou byna daardie wildtuinkampgevoel van 'n klein dorpie. Die ontvangskantoor, waar jy 'n nagwildrit kan bespreek, is ook hier. Onthou, julle moet 'n groep van meer as vier mense wees.

Net 'n klipgooi verder is 'n swembad met gras en sonstoele reg rondom – 'n heerlike uitspanplek ná 'n dag se wildkyk en sweet in die kar.

In die dolerietkoppie bo die swembad kan jy bobbejane hoor koggel, maar gelukkig kom maak Kees en Kie. nie 'n bommie in die bad nie.

Daar is ook baie dassies tussen die rotse en jy kan hulle van die swembadtrappie af met 'n verkyker dophou.

Kampplek Daar is 20 ongemerkte staanplekke op gras. Elkeen het sy eie braaidrom en kragpunte word gedeel.

Ablusiegeriewe 'n Mens moet soms toustaan en die geriewe is effens afgeleef, maar dis nietemin skoon en netjies.

Prys R280 p.n. per staanplek (vir 2 mense).

Kontak 048 801 5700

sanparks.org/parks/mountain_zebra/

GPS S32.130857
E25.525354

Weg Ry & Sleep sê

Die park het verskeie staproetes wat tussen drie dae en 'n paar uur kan duur.

Van Stadensoord

Port Elizabeth



Die Van Stadensoord lê sowat 40 km van Port Elizabeth af in Humansdorp se rigting, en dis 'n gesinsoord in die ware sin van die woord. Vir Oos-Kapenaars is dit een van daardie plekke wat naby genoeg, maar steeds ver genoeg is om te voel jy kom behoorlik weg en los die stad se gejaag vir 'n wyle agter jou.

Die oord is langs die riviermonding, en sy 100 staanplekke is uitgelê om 'n sirkelpad wat deur die oord loop. Die staanplekke is groot, netjies, genommer en op gras – en die meeste van hulle in die koelte. Jy kry 'n betonbraaiplek wat net onder kniehoogte is (onthou jou eie rooster), 'n kragpunt (blou sok) en vullisdrom by jou staanplek. Die braaiplek en drom word elke dag skoongemaak. Jy deel ook 'n kraan met die vier staanplekke om jou.

Hier is baie bome wat vir groot kolle koelte sorg, maar nie al die staanplekke het skaduwee nie. Die eerste 50 staanplekke of so lê aan jou linkerkant wanneer jy by die oordhek inry, en van hier af het jy die beste uitsig oor die



rivier, die duine en die see. En jy is die naaste aan die winkel, speletjieskamer en trampolien. Die enigste nadeel van hierdie staanplekke is dat jy taamlik uitgelewer is aan die wind. Hulle is in terasse uitgelê en jy kan oor die kampeerdere voor jou die see en die duine sien, maar die wind kom jou nog by.

Die vyf ablusieblokke wat deur die oord versprei is, lyk min of meer dieselfde. Dit is ouerige geboue met aparte geriewe vir mans en vroue wat skoon en netjies gehou word.

Soos dit 'n goeie gesinsoord betaan, is hier meer as genoeg te doen vir jou en die res van jou gesin. Terwyl jy strand toe mik om 'n paar blinklywe op jou hoek te kry, sal die kinders

hulle ure lank kan besig hou in die branders, op die trampolien, in die speletjieskamer en op die grasperk by die oord se hek.

Kinders kan ook 'n kano, trapboot en duinbord by die aktiwiteitsentrum langs die strandmeer gaan huur of op die strand gaan piekniek hou. As die TV-onttrekkingsimptome te erg raak, kan hulle op die kassies in die speletjieskamer gaan kyk wat die CSI-span se jongste doen en late is.

Die oordwinkel is klein en het die basiese dinge soos brood, ys, roomys, hout, melk, koeldrank en speserye. Vir jou inkopies is die Baywest-winkelsentrum sowat 15 minute se ry in Port Elizabeth se rigting.

Kampplek 90 genommerde staanplekke met krag, 'n vullisdrom en braaiplek sonder rooster. Almal het gras, maar nie almal het koelte nie.

Ablusiegeriewe 5 ou ablusieblokke wat mooi skoongehou word.

Prys R170 per staanplek vir 2 mense (buite seisoen) en R560 per staanplek vir 4 mense (binne seisoen).

Kontak 041 776 1059
theresort@telkomsa.net

vanstadens.com

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S33.96693 E25.22124

Weg Ry & Sleep sê Pak jou windskerm en stormbande, en -penne in. Die wind hier is nie jou speelmaat nie. >





Oceanview Forest-oord

Port Elizabeth



Oceanview lê amper 30 km van Port Elizabeth af, en hier kamp jy teen 'n koppie, op 'n skoongemaakte lappie aarde in 'n bos. As jy in stilte in die natuur om jou vuurtjie wil kom ontsnap van Excel en telekonferensies, kan jy beswaarlik vir beter vra.

Hier is staanplek vir sowat 60 waens of tente op gras – in die koelte van groot bome. Hier staan ook 'n klompie chalets en ou woonwaens wat ingerig is as vakansiehuises. Stap of ry eers deur die kampterrein en kyk mooi waar jy wil staan, want net sodra jy dink jy het al die staanplekke gesien, verras nog een jou wanneer jy om 'n bos stap.

Al die staanplekke het gewone kragpunte en jy kry 'n betonpyp wat regop in die grond staan wat as jou braaiplek dien. Die krane is skaars en die kanse is goed jy gaan 'n entjie moet stap wan-

neer jy koffiewater gaan tap. Jy kry ook nie 'n vullisdrom by jou staanplek nie. Dié staan by die ablusieblok waar dit bestand gemaak is teen die oormag blouape wat hierdie deel van die wêreld hulle tuiste noem.

Van jou staanplek af sien jy niks behalwe die bos om jou nie, maar hier is staproetes en 'n uitkykpunt waar jy op die bankie kan sit en die mooie see betrag.

Dis mooi hier, soos Ouma sou sê. Maar Ouma sou ook baie te sê gehad het oor die ape – hulle is lastig en jy moet seker maak jy hou jou goed mooi weggebêre. Moet ook nie jou rug vir te lank draai nie, want hulle skroom nie om nader te kom en aan jou tent se ritssluiert te kom wikkelt nie.

Buiten die stap- en bergfietsroetes is hier 'n heerlike speelparkie en swembad vir die kleingoed. Hier is ook 'n snoepie met goed soos tjijs, sjokolade, ys, hout en rook-

goed. As jou bier op is, is die Spar en drankwinkel 3 km van die oord af.

Hier is een ablusieblok in die kampterrein, 'n baksteengebou met aparte geriewe vir mans en vroue. Die mans het twee urinale, drie toilette, vier storte en drie wasbakke met 'n klein spieëltjie bo elkeen.

Hier is ook proppe vir jou elektriese skermes, maar by

dié deel is nie 'n spieël nie.

Die storte staan in 'n ry en daar hang net 'n stortgordyn tussen jou en die ou wat sy tande staan en borsel. Jy trek ook hier aan en uit; dus is daar nie veel privaatheid nie. Die geriewe is nietemin netjies en skoon. Aan die ander kant van die ablusieblok is die kamer met die opwasplek vir jou skotelgoed en wasgoed.

Kampplek 1 groot kampterrein met ongeveer 60 staanplekke op gras en in koelte.

Ablusiegeriewe 1 ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys R70-R80 p.p.p.d. afhangend van wanneer jy kamp (R50-R60 vir kinders 2-10 jaar).

Kontak ☎ 060 508 7525
✉ info@oceanviewforestresort.co.za
🌐 oceanviewforestresort.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 1,4 km tot by die ingang is 'n skaflike grondpad. Van die ingang af tot by die kampterrein ry jy ongeveer 800 m met die tweespoorbaksteenpad wat op plekke nogal steil raak.

GPS S34.003121 E25.362834

Weg Ry & Sleep sê Die kantoor is nie Maandae oop nie.

Pine-lodge

Port Elizabeth



Pine-lodge is in Somerstrand en een van daardie oorde waar dit voel of jy behoorlik met vakansie is as jy hier kamp. Hoewel die kampterrein taamlik klein is met 23 staanplekke, is dit deel van die groter oord met 'n reeks aktiwiteite wat wissel van staproetes en donkierritte tot 'n oefieslaaid en spabehandlings.

Die oord is afgesonder en dit voel of jy by 'n ekslusiewe bestemming ver van alles en almal af kamp. En alles wat jy wil hê, is op jou voorstoep.

Die staanplekke is groot genoeg – gemiddeld 20 x 10 treë – vir jou Exclusive met sy dubbeltent, maar van hulle is nogal smal en lyk amper soos die helfte van 'n rugbyveld se doelgebied. Jy gaan baie goed agteruit moet kan stoot of 'n woonwaskuier moet hê om jou wa só staan te maak dat jy die staanplek die beste benut.

Die hele kampterrein is oortrek met gras, en 'n klompie van die staanplekke het plaveiselblaai. Die staanplekke word ook omring deur struik en bome wat jou teen die wind beskerm én 'n mate van privaatheid gee.

Jy het nie 'n seeuitsig van die woonwapark af nie, maar jy is nie verder as 300 m van die strand af nie. By jou staanplek kry jy 'n betonbraai waar jy – met jou eie rooster – op heuphoogte jou vleis gaar kry.

Elke staanplek het sy eie kragpunt (gewone huissok), lig en vullisdrom, maar nie elke staanplek het 'n kraan nie; van party af is dit 'n goeie 100 m se stap om water te kry.

Die woonwapark is in twee dele uitgelê. Die eerste agt staanplekke is op die boonste terras in 'n ry, en die res lê laer om 'n sirkelpad uitgelê. In die middel van dié staanplekke is 'n speelveldjie, basketbalbaan

en 'n klein sokkerveld. Hierdie staanplekke is ook die naaste aan die ablusiegeriewe.

Reg langs die kampterrein is 'n speelplek met 'n groot klimraam, glyplanke, 'n rondomtalie en minigholfbaan. Die oord se winkel is langs die ontvangskantoor by die hoofingang, maar hier is nie veel meer as ys, koeldrank en 'n los sjokolade of twee nie. Die naaste supermark is egter net 3 km van hier af.

Die kampterrein het twee ablusieblokke regoor mekaar: een vir mans en die ander vir vroue. Die twee houtgeboue huisves hipernetjiese, amper luukse geriewe wat daaglik skoongemaak word.

Buite die ablusieblok is plek om jou kassettoilet uit te spoel, en aan die ander kant die twee wasbakke (met proppe) vir jou skottelgoed. Oorkant die pad is die klerewasplek met wasmasjiene en tuimeldroërs wat met ruilmunte werk.

Kamptrek 23 groot staanplekke met gras en koelte. Die meeste is beskut teen die wind.

Ablusiegeriewe Skoon, ruim en netjies.

Prys R230-R595 per staanplek vir 6 mense, afhangend van wanneer jy kamp.

Kontak ☎ 041 583 4004
✉ enquiries@pinelodge.co.za
🌐 pinelodge.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die hek.

GPS S34.009837
E25.688250

Weg Ry & Sleep sê Jy betaal 'n sleuteldeposito van R100 en kry 'n elektriese skyfie waarmee jy 'n valhek kan oop- en toemaak. >





Addo-olifantpark

Port Elizabeth



Die ontvangskantoor is net minder as 'n kilometer ná die hek, verby die vulstasie, en die kampplekke in die ruigtes oorkant die straat uitgelê. Die tentstaanplekke is klein en beknop, en as jy eers jou koepeltent en gazebo opslaan, is daar nie plek vir jou kar nie – dié moet jy 100 m verder by die kantoor gaan los.

Die woonwastaanplekke is egter groot en die meeste van hulle het 'n natuurlike heining van spekbome. Jy het heelwat koelte, van die staanplekke het gruisklippies en jou kraan is naby. Hier en daar is 'n gewone driepuntkragsok, met die res van die kragpunte blou woonwasokke naby jou staanplek. Op jou plekkie wag 'n skoongemaakte staalbraaier met 'n rooster en vullisdrom.

Tussen twee rye kampplekke is die kombuis – in 'n rondawel met groot vensters. Hierbinne staan 'n klomp

elektriese tweekaartstowe in 'n ry, plus 'n vrieskas as jy nog vriesplek soek. Die opwasplek is buite die rondawel.

Die badkamers is tussen die kampplek en die kantoor. Aan die manskant is daar vier beknopte storthokkies met opslaanbankies binne. Die wasbakke is versoenke in 'n melamienblad en links hiervan is een van daardie warmlugdroërs om jou hande droog te blaas. Langs die mansbadkamer is plek om jou kassettoilet leeg te maak en aan die staanplekke se kant is plek om jou skottelgoed en wasgoed te was.

Dis 'n rustige natuurkampplek en hier is nie 'n waterwurm, minigholfbaan of speltjieskamer waar die kinders kan speel en jil nie. Hulle kan wel afsit na die klimraam – nogal in die vorm van 'n olifant. Die swembad is 600 m van die kampplek af.

Langs die kantoor is 'n win-

kel en restaurant. Die winkel fokus op aandenkings en jy het nie 'n wye keuse as dit kom by vars proviand nie.

Jy kan jou sleepvoertuig se tenk in die Addo se vulstasie volmaak en die bande pomp.

Die hoofrede waarom jy hier kamp, is om die grootste landdier in sy volle glorie te sien en beleef.

Merk die Hapoordam op jou kaart, want dis die saamkomplek van die grootvoete. Jy ry 'n kilometer anderkant die kantoor by die wildgebied se hek in, en die dam is sowat 11 km verder.

Op die roetekaart wat jy by die ontvangskantoor gekry het, is foto's van 39 diere wat jy sonder te veel sukkel in dié geweste gaan sien.

In ons vier dae hier kon ons die helfte van die diere op dié lys afmerk – van die endemiese vluglose miskruier en die kolhaas tot die rooirugjakkals. 'n Ware belewenis.

Kampplek 12 klein tentstaanplekke met min koelte en 21 ruim woonwastplekke met koelte.

Ablusiegeriewe Oud en effens beknop.

Prys R280-R355 p.n. vir die eerste 2 mense plus R88 p.p. (R44 vir kinders); woonwaens (maksimum 6 mense): R305-R375 p.n. vir die eerste 2 mense; bewaringstarief R68.

Kontak ☎ 042 233 8600

✉ addoenquiries@sanparks.org; 🐘 addoelephant.com

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S33.443921
E25.745697

Weg Ry & Sleep sê By Colchester is nog 'n hek, maar jy mag nie met jou woonwa hier in nie.

Trennerys-hotel

Butterworth



Dis Xhosawêreld en jy sien dit in die naam van oudpres. Nelson Mandela se geboorteplek, Qunu, én in die riviername soos die Qorha, Xorana en Gcuwa. Maar vra jy langs die pad waar Trennerys is, ken iedereen ook dié plek met sy eg Engelse naam.

Ene kol. Gordon het bykans 'n eeu gelede dié hotel met die hulp van ene mev. Trennery begin. Hulle verhouding het glo verder gestrek as net 'n vennootskap, maar kom ons laat dit daar. Die hotel wat hulle nagelaat het, is 'n lekker plek. En Trennerys se kampplek is 'n kampplek wat jy maar gerus op jou lys kan sit. Net soos by ander kuskampplekke moet jy vroegtydig bespreek, want hier is net 10 staanplekke. En dis 'n gewilde plek.

Die hotel is teen 'n bult gebou en die kampplek is aan

die voet daarvan, aan die see se kant.

Die wassery is regoor die kantoor en jou skoon en gestrykte klere word op jou staanplek afgelewer. Die winkel is langs die kantoor en is van 8-11 vm. oop en weer van 2-4 nm. Hier kan jy enigiets koop van lekkergoed, aas, strandemmer-tjies en grafies tot ys, hout en braaipakke.

Die speelkamer vir klein kinders, met onder meer 'n plastiekwiplank en hoepels, is regoor die kafee. Oorkant die pad is die ontspanningsplek vir groter kinders, en dis gemerk met: "Teenagers' Wreck-reation." Die kroos kan hier op die grootskerm TV kyk en TV-speletjies, *pool* en *foosball* speel. Die kroeg met sy snoekertafel is langsaan. Op 'n terras laer is die swembad en 'n netjiese tropiese tuin, en nóg 'n terras laer 'n speelparkie en

die hotel se tennisbane.

Jy slaan op 'n netjiese grasperk kamp op. Die drie staanplekke heel regs in die kampplek is die gelykste, maar op hulle het jy niks koelte nie. Die res het almal 'n effense helling, maar is beskut teen die son. Die twee middelste staanplekke is weerskante van 'n boom wat 'n paar verdiepings hoog staan – selfs die hoogste ryhuis sal hier inpas sonder dat jy sy dak skraap. Jou kragpunt ('n driepuntsok) is in 'n weerbestande boks teen 'n lae paaltjie. Bo-op die paaltjie is 'n lig wat teen donker aangeskakel word.

Krane is skaars, en op van die staanplekke is dit makliker om badkamer toe te stap vir water. Dié gebou is op die verste punt van die sirkel, maar steeds naby vir almal. Vroue hou regs, mans links en die een op skot- telgoeddiens héél links.

Kampplek 10 staanplekke in 'n sirkel met gras, krag en 'n lig. Die meeste van die staanplekke het koelte.

Ablusiegeriewe Basies en skoon, maar die gasgeiser het soms 'n wil van sy eie.

Prys Afhangende van die seisoen R805-R1 135 p.n. per staanplek.

Kontak ☎ 047 498 0025 of 082 908 3134


✉ info@trennerys.co.za

✉ trennerys.co.za

Hoe lyk die pad? 10 km klipperige grondpad met steil dele voor die laaste stuk teerpad.

GPS S32.635513
E28.426437


Weg Ry & Sleep sê As al tien die staanplekke beset is, kan dit te beknop wees vir natuur-liefhebbers wat stilte, rustigheid en ruimte verkies. >





Dwesa-natuurreservaat

Idutywa



Dwesa lê kuslangs net 50 km noord van Trennerys. Die kamp-plek is in die vorm van 'n klawerblaar uitgelê en op elke blaar en steel is 'n groepie staanplekke. By die eerste staanplekke is 'n bord met die kampuitleg daarop, maar dis verwarrend en daar word onderskeid getref tussen woonwa- en tentstaanplekke.

Die groep staanplekke links in die kampplek is in 'n ry langs mekaar, en hier het jy die meeste privaatheid. Na die middel toe is staanplekke in 'n kring langs 'n oop kol gras. Van hierdie staanplekke af loop 'n hangbrug oor 'n stroompie na die ander kampgedeelte op 'n grasvlakte met bome rondom. Van dié staanplekke is in die oopte en die res onder die bome.

Die badkamers is langs die middelste staanplekke en

'n stywe stappie van die ander staanplekke af.

As jy hier in die middel kamp, moet jy dus vrede maak met die badkamerverkeer. By die regterkantste kamp-plek is 'n houtgeboutjie met ekovriendelike toilette – dis nou as jy nie al die pad met die hangbrug oor die stroom badkamer toe wil stap nie.

Jy braai op 'n nuwe gemes-selde braaiplek, maar moet jou eie rooster saambring. Die braaiplek het 'n kant vir jou en die buurman.

Die krane staan weggesteek in die bosse en die amptenare sê dis veilig om die kraanwater te drink.

Bring jou eie skottel saam om jou skottelgoed te was, want hier is nie 'n opwasplek nie. Óf maak teen betaling gebruik van die oordwerkers se opwasdiens.

Die badkamer is eenvoudig

en basies – onthou om jou eie lig saam te bring vir die donker aande.

Die stortgedeelte is 'n vertrek met 'n bank teen die muur en drie storthok-kies langs dit. Die hokkie is beknop, maar die water uit die gasgeiser is lekker warm.

Al is die badkamers nie te

prakties ontwerp nie, word hulle mooi skoon gehou.

Verby die eerste staan-plekke loop die kampplek se inrypad reguitaan tot in die woud. Jy mag self die bospaaië verken as die avon-tuurlus jou pak en jy kan vir jou 'n padkaart by die ont-vangskantoor vra.

Kampplek 40 genommerde staanplekke op gras met koelte, maar geen krag nie.

Ablusiegeriewe Basies, oud en knap, en sonder ligte.

Prys R212-R233 p.n. per staanplek (hoogstens 6 mense per staanplek).

Kontak ☎ 047 499 7900 of 043 492 0800

✉ reservations@ecpta.co.za

🌐 [visiteasterncape.co.za/nature-conservation/provin-](http://visiteasterncape.co.za/nature-conservation/provincial-parks/dwesa/)

[**Hoe lyk die pad?** Die laaste 47 km is 'n klipperige grond-pad met slegte en steil dele. Hier kan jy nie met 'n voor-wielaangedrewe voertuig sleep nie – en hoe hoër jou kar van die grond, hoe beter.](http://visiteasterncape.co.za/nature-conservation/provin-</p>
</div>
<div data-bbox=)

GPS S32.310088 E28.827139

Weg Ry & Sleep sê Hou maar jou wa en tent toe en jou kos veilig, want die ape kan lastig raak.

Die Pont

Port St. Johns



Die kampplek lê by die ou pont wat mense destyds gebruik het om die Mzimvuburivier oor te steek voor die Pondolandbrug net anderkant die kampplek gebou is.

Die kampterrein word begrens deur die Mount Thesiger-reservaat agter jou en Mount Sullivan-reservaat voor jou (oorkant die rivier). Dis mooi en 'n mens wil die sons- ondergang op jou eerste aand al waardeer; maak dus seker jy kom betyds hier aan. 'n Mens misgis jou maklik met rytyd hier op die Wildekus se paaie. (Ons het die 577 km tussen Port Elizabeth en Port St. Johns in meer as 9 uur aangelê.) In dié geweste meet 'n mens afstand in ure en beslis nie in kilometers nie.

Die staanplekke by Die Pont is op 'n groot veld uitgelê en daar is plekke waar jy langs die rivier kan kamp. Agter dit lê nog 'n kol staanplekke op gras, maar hier is nie skaduwee nie. Bespreek eerder een van die twee plekke die naaste

aan die ontvangskantoor as hulle nog beskikbaar is. Hulle het groot koeltebome en die gras is gelyk. Hier is kragpunte, maar bring jou eie braai en lig saam – swart soos die nag kry 'n nuwe betekenis hier in die Wildekus.

Die oordbestuur beperk die aantal kampeersders afhangende van hoeveel chalet-inwoners daar is. Dit is om te verhinder dat daar te veel gaste vir die ablusiegeriewe is nie.

Hier is drie ablusieblokke vir kampeersders en die mense in die chalets, elkeen met twee storte, wasbakke en toilette. Die geriewe is eenvoudig, maar skoon en netjies.

In die winter is die kampterrein gereeld volbespreek met duikers wat hulle bote van die kaai af te water laat. Hulle is teen sonop al weg en is eers weer teen sonsondergang terug ná 'n hele dag op soek na "bait balls". As jy self wil lyf nat-maak, is hier 'n klein plonspoel agter die ablusieblok, met 'n uitsig oor die Thesigerberg.

Die Wildekus is 'n somer-reënvalstreek en jy gaan dus ook heel waarskynlik die swaar reën mis as jy in die winter hier kamp. Die koue het steeds 'n byt in die aande, maar die gemiddelde jaarlikse temperatuur draai rondom 20°C en jou tande gaan nooit klap nie – selfs in die winter.



Kampplek Die staanplekke is op 'n groot kol gras, maar die aantal kampeersders word beperk.

Ablusiegeriewe 3 ablusieblokke met 2 toilette en 2 storte elk.

Prys R80 p.p.p.n.

Hoe lyk die pad? Geteer tot hier, maar ry versigtig op die pad tussen Mtatha en Port St. Johns, want hier is slaggate en beeste wat in die pad loop.

Kontak ☎ 047 564 1324 of 083 340 1762

✉ jenny@thepont.co.za

GPS S31.595496
E29.525748

Weg Ry & Sleep sê

Koop jou proviand by die Spar 4 km verder op Port St. Johns. Pak jou eie vleis en dinge as jy die rumoer en die soektog na parkeerplek wil vermy. >





Cremorne-landgoed

Port St. Johns



Die bordjie by die af-draai na Cremorne lees: "Where the rat race ends." Dis net aan die ander kant van die Mzimvuburivier en die landgoed is 'n stukkie onverwagte luuksheid en stilte midde-in die rumoer van Port St. Johns.

Hier is 'n kouewaterswembad en houtdek met 'n uitsig oor die rivier en die kampplek voor dit. Hier is ook 'n restaurant en kroeg waar jy saans stories met die duikers kan uitruil terwyl jy aan 'n pizza weg-lê. (Die personeel begin teen sonsondergang al deeg knie en rol vir die aand se ete.)

Die staanplekke in die kampterrein is in twee groepe verdeel – een heel regs anderkant die kaai, en die res van

die staanplekke in 'n groter groep aan die linkerkant. By die linkerkantse staanplekke, weg van die huisies af, het jy meer privaatheid, maar jy sit sonder koeltebome. Die staanplekke regs van die kaai kry wel koelte. Elke staanplek het sy eie braai-plek, lig- en kragpunt, en die staanplekke deel twee-twee 'n kraan. Jy kan maklik 'n groot woonwa sonder moeite by enige van die plekke intrek.

Die vier ablusieblokke, twee vir mans en twee vir vroue, lê by die ingang van die park tussen die huisies, so 200m van die verste staanplek af. Jy gaan laatnag dus óf moet knyp vir die eerste span óf 'n aanslag maak op Usain Bolt se Olimpiese rekord. Elke ablusieblok het twee storte, twee

toilette en twee wasbakke.

Hier is opvallend min voëls op die Mzimvuburivier, 'n rivier wat volgens inwoners wemel van vis. Dinge begin eers later klop wanneer die ontvangsdame verduidelik hier is nie

bootjies of kano's om te huur nie. "Nee, ongelukkig nie, ons is bang mense val in die water," sê sy. "Dit is 'n broeiplek vir Zam-besihaaie." Sy trek haar skouers op. Sy maak nie grappies nie; sy's doodenstig.

Kampplek 14 staanplekke op die oewer van die rivier.

Ablusiegeriewe 4 skoon en netjiese ablusieblokke – 2 vir mans, 2 vir vroue.

Prys Vanaf R180 p.p.p.d. Pensioentrekkers betaal vanaf R140 p.p.p.d. en kinders jonger as 10 jaar vanaf R90 p.p.p.d.

Kontak ☎ 047 564 1110 of 076 430 21 94

✉ info@cremorne.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km tot by die oord is grondpad, maar as jy stadig ry, gaan jy dit maklik met jou wa maak.

GPS S31.59833 E29.53136

Weg Ry & Sleep sê Cremorne is oor die algemeen 'n bedrywige kampplek, en hier is 'n restaurant en kroeg.

Intaba-lodge

Elliot



An die voet van die Barklypas soos jy van Barkly-Oos se kant af ry, lê die afdraai na Intaba-lodge aan jou regterkant. Woonwaparke in dié geweste is skaars, en as jy die gebied met jou Camry en jou Penta wil kom verken, is Intaba-lodge jou beste opsie vir 'n grasbedekte staanplek, warm storte, 'n speelplek vir jou kinders en 'n restaurant waar jy 'n skaflike steak vir aandete kan geniet.

Die lodge is eintlik 'n gaste-huis, maar die eienaars het in die verlede al verskeie woon-waslepers gehuisves. Hulle het eers die woonwaens somer op die grasperk voor die lodge laat staan en dan uit een van die gastekamers 'n verlengkoord aangelê vir elektrisiteit. Die kampeerders het dan ook somer die kamer se badkamer gebruik.

Die aanvraag na woonwa-staanplekke was egter só groot dat die eienaars besluit het om 'n paar staanplekke met kragpunte agter die lodge uit te lê en ook 'n ablusieblok te bou.

Hier is staproetes met 'n waterval en rotstekeninge op die plaas waarop die lodge gebou is, maar van die staproetes loop ook oor buurplase, en dis dus noodsaaklik om 'n gids en toestemming te hê voor jy deur iemand se skaapkampe begin aanstap. Op een van die buurplase is daar nog 'n aasvoëlbroeikolonie.

Dié klompie kransaaasvoëls spog met hulle eie kasteel – altans, dis hoe die kranse bekend staan waarin hulle hulle tuisgemaak het.

Die "kasteel" het sy naam gekry van die rotswande hier wat na mekaar toe krul om amper 'n natuurlike silo van bykans 100 m hoog te skep

met net 'n smal opening aan die suidekant.

Afhangende van die rigting waaruit jy die kasteel benader, kan dit enigiets van een tot vier uur neem om hierheen te stap.

Dit maak egter nie saak watter roete jy kies nie, die oefening is die moeite werd, want dis nie aldag dat 'n mens kan af kyk na aasvoëls wanneer hulle hier vlak onder jou uit hulle neste uit wegvlieg nie.

Jy sien as't ware die wêreld uit die aasvoëls se oë, en as jy versigtig met die rotswand langs loop, kan jy tot so na as 10 m van die vleisvreter kom en sien hoe hulle aan hulle middagete smul.

Jy hoef nie die 2018-Ystermankampioen te wees om hierheen te stap nie, en selfs 'n laerskoolkind sal die roete kan baasraak. Maak egter net seker jy het ordentlike stap-skoene aan.

Kampplek Ongeveer 12 ongemerkte staanplekke op gras.

Ablusiegeriewe 1 klein ablusieblok met aparte geriewe.

Prys R200 per staanplek.

Kontak ☎ 082 890 6594 of 079 892 3161 📧 intaba.lodge.elliott@gmail.com 🌐 intabalodge.co.za

GPS S31.25456 E27.82111

Weg Ry & Sleep sê

Wees versigtig wanneer die wind sterk waai as jy gaan stap, want hier en daar is die lysie waaroor jy moet loop nie veel breër as 'n Putco-bus nie. >





Karnmelkspruit-rivierkamp



Lady Grey



As jy jou woonwa in Lady Grey se omgewing wil staanmaak, is die Karnmelkspruit-kampterrein die plek vir jou.

Die kamp lê 20 km buite die dorp op die oewer van die Karnmelksrivier, en hoewel die hooftoevoerrote na Lady Grey net 'n paar honderd meter hoër op verbyloop, voel 'n mens hier langs die rivier asof jy 'n wegkruipplek uitgesnuffel het waar niemand jou gaan kry nie. Ian Cloete het aanvanklik die kampplek op sy plaas ontwikkel as 'n boskamp vir sy woonwagklub, maar met die verloop van tyd het dinge soos 'n ablusieblok met gasgeisers en 'n lapa bygekom om sake meer gerieflik te maak.

Die badkamers is skoon en netjies en Elize, lan se vrou, doen moeite om dit aansienlik

op te kikker, veral aan die vroue se kant.

Hier is nie elektrisiteit nie, maar lan het 'n klompie son-panele aangebring om vir die ligte se krag te sorg.

Buiten die ablusieblok staan lan se woonwa en sy skoonma s'n permanent hier opgeslaan, en eenkant is 'n klein opslaanswembad. Nie dat die swembad enigsins nodig is nie, want ongeveer 50 m verder maak die rivier 'n draai om langs die kampplek verby te vloei en jy kan in die helder, koel bergwater gaan afkoel.

Dié geweste is veral bekend as forelwereld en jy kan jou slag hier met 'n vliegengelstok kom wys.

Ian se gunstelingvisvangplek is halfpad terug teerpad toe waar 'n bordjie die afdraai wys na "lan's Rock".



Kampplek Ongeveer 25 ongemerkte staanplekke op gras, sonder krag. Daar is een of twee koeldebome langs die rivier.

Ablusiegeriewe Baie skoon en netjies met gasgeisers vir die storte. Daar is ook 'n bad aan die vrouekant.

Prys R200 p.n. + R10 p.p.p.n.

Kontak ☎ 051 603 7036 of 084 584 7036

✉ elizekrr@gmail.com

GPS S 30.824360
E 27.282080

Weg Ry & Sleep sê Doen eers jou inkoopies op Lady Grey voor jy die klompie kilo's na lan se plaas uitry. Daar is nie 'n kiosk of 'n kafee by die kampplek nie en as jy wil braai, moet jy sorg dat jy jou eie braaihout, braaier en proviand saambring. 🍖

GRATIS AFLEWERING

Weg!
Ry & Sleep



GEDRUKTE WEERGAWE

**TEKEN IN EN
SPAAR 40%**

SPAAR

R264

PER JAAR

R33 per uitgawe
(SLEGS R396 per
jaar)

DIGITALE WEERGAWE

**TEKEN IN EN
SPAAR 50%**

SPAAR

R330

PER JAAR

R27,50 per
uitgawe (SLEGS
R330 per jaar)

GEDRUKTE TYDSKRIF



STUUR E-POS

wegint@media24.com



BEL

087 740 1033



SMS die woord "weg" na
32361 en ons bel jou terug.

DIGITAAL

besoek mysubs.co.za



Die aanbod is geldig tot 28 Februarie 2018. Vir gedrukte uitgawes bel ☎ 087 740 1033 of stuur e-pos na ✉ wegint@media24.com. Vir digitale uitgawes bel ☎ 087 741 3177 of stuur e-pos na ✉ support@mysubs.co.za. Bepalings en voorwaardes geld – lees dit by ☎ weg.co.za. Let wel Indien jy 'n e-posadres verskaf het, sal jy promosie-inligting van Media24 ontvang.



Merry Pebbles- Hierdie bekroonde oord is op die oewer van die Sabierivier en is ideaal vir julle volgende gesinsvakansie.

- E-pos info@merrypebbles.co.za
- Web www.merrypebbles.com

AKTIWITEITE:

koue en warm swembaddens – glygeute – speelpark – beligte tennisbaan – staproetes – forelhengel – mini-gholf – buitelugskaak – en baie meer.

VERBLYF (AA

hoogs aanbeveel)
bestaan uit 2- tot 8-bed selfsorg of B&O-eenhede, almal met TV en braai-area. Daar is ook skaduryke, gelyk karavaan- en kampstaanplekke op gras (SATGA 3*) met kragpunte, ablusies, opwasplekke, wassery en gashervulling, sodat jy net kan ontspan.

OP DIE

PERSEEL: à

la carte-restaurant, konferensieriewe, minimark, drankwinkel, OTM en Wi-Fi-sone.

Geen motorfiets of quadfiets toegelaat. Merry Pebbles het 'n 24-uur kragopwekker vir die hele oord, asook water-voorraad vir lang tydperke indien krag of water onderbreek word.

MERRY PEBBLES, OU LYDENBURG-PAD, SABIE, MPUMALANGA. Tel +27 13 7642266/ 7641502
Sel 073 236 2088/ Faks +27 137641629
S 250 5' 44.4" E300 45' 58.7"



LEEF IN LUUKSHEID BY



FOREVER LODGES & HOTELS

FOREVER LODGES & HOTELS IS ONGELOOFLIK LUUKS, GEMAKLIK EN IDEAAL VIR 'N FAMILIE-WEGBREEK, WERKSVAKANSIE, KUIER MET VRIENDE OF ROMANTIESE BEDERF.

Wat vermaak betref het ons boonop ietsie vir almal! Warm en koue swembaddens, tennisbane, staproetes deur die asemrowende natuur, wildritte, springmatte, perde-ekspedisies, en veel meer – alles wat jy nodig het vir 'n onvergeetlike wegbreek.

Forever is een van die top vakansiegroepe in die land, met meer as 20 vakansiebestemmings wat wyd en suid oor die hoof provinsies verspreid lê. Forever Lodges spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.




Amanzi Mountain Reserve, A Forever Lodge | Waterfall Safari Lodge, A Forever Lodge | Ramoswe Lodge, A Forever Lodge | Lapa Lodge, A Forever Lodge | Mount Sheba, A Forever Lodge | Matombu, A Forever Lodge | Isiyala Game Lodge, A Forever Lodge | Forever Hotel @ Centurion | Forever Hotel @ White River | Forever Hotel @ Warmbaths | Forever Hotel @ Badplaas



FOREVER

RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS



Boek aanlyn VANDAG BY WWW.FOREVERSA.CO.ZA





Bankfontein

Philippolis



Dis net meer as twee uur se ry van Bloemfontein af, maar hier tussen Philippolis en Luckhoff – en naby die Vanderkloofdam – verras die Vrystaat 'n mens behoorlik. Hier is beboste berge, ysterklipkrans, klowe met koe-does, rooigrasvlaktes en dele Karoo-bossieveld.

Of jy nou Bankfontein van Luckhoff, Philippolis of Fauresmith se kant af benader, jy gaan minstens 40 km grondpad ry. Net mooi halfpad tussen Luckhoff en Philippolis beduie die blou GWK-plaasnaambord dat Bankfontein dieper tussen die rante in is, nader aan Vanderkloof. Van hier af ry jy met 'n tweespoorpad van 10 km tot by die plaashuis. Maar jou rit is nog nie heeltemal verby nie; 'n plaaspad van 4 km wag voor jy kan afsaal en kamp opslaan. As jy dit baie kalm vat, sal jou Jetta by die plaashuis uitkom,

maar vir die plaaspad het jy 'n bakkie of voertuig met 'n taamlike grondvryhoogte nodig om by dié kampplek vir tent- en boswakampeeders te kom.

Bankfontein se kampplek lê tussen ysterkliprante wat wat 'n selfoon- en radiosein weghou. Mooi kareebome staan dig teen mekaar en sluk jou as 't ware in 'n klein woud in. Die agt staanplekke is nie gemerk of genommer nie en jy kies vir jou die een wat die lekkerste lyk of die beste gaan werk vir jou. Almal is wel onder die bome en hier is heeldag skaduwee.

Die staanplekke en voltydse tente het nie krag of braai-plekke nie, maar die gemeenskaplike braai-plek is naby en daar is sonkrag waar jy die nodigste kan laai.

By die braai-plek is 'n kombuis onder 'n afdak. Jy kan jou tjops hier in die ys-vriekas bêre en water op die

gemeenskaplike tweeplaatstofie kook. In die kombuis is oorgenoeg pak- en werkplek.

Aan weerskante van die kampplek is 'n badkamer met 'n stort, wasbak en toilet. Die een is teenaan groot rotse uit klip gebou, met 'n mooi uitsig in die rivierloop af. Die ander is 'n houtgebou tussen kareebosse. Jy moet by albei badkamers die donkie stook vir warm water, maar saans het jy lig. Eenkant, in die kareebosse versteek, staan 'n ekstra toiletgeboutjie vir daardie druk tye.

Wat doendinge betref, kan jy op 'n begeleide staproete gaan, met jou bergfiets ry, op die Vanderkloofdam roei of saam met die eienaars gaan voëls kyk. Hier is meer as 260 spesies voëls, van hulle endemies, en jy sal leer van die plante, diere en insekte van dié geweste. Die eienaars sal ook vir jou die Boesmanteke-nings en gereedskap uit die Steentydperk wys.

Kampplek 8 staanplekke, almal onder kareebome en in die koelte.

Ablusiegeriewe 2 badkamers met donkies en 'n ekstra toilet.

Prys R100 p.p.p.n.

Kontak 051 773 7001 of 072 279 6497

bankfonteins.co.za

bankfontein1@gmail.com

Aankoms- en vertrektyd

Hier is nie streng reëls nie.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot op Philippolis of Luckhoff en dan sowat 41 km grondpad en nog 14 km plaaspad.

GPS S30.080354
E24.901873

Weg Ry & Sleep sê As jy lief is vir die natuur, is Bankfontein vir jou.

Forever Gariep

Colesberg



By dié Forever-oord is daar twee kampplekke waaruit jy kan kies: Daar's die 16 luukse staanplekke met hulle plavei-blad en private kombuis- en ablusiegeriewe wat eerste aan jou linkerkant lê nadat jy deur die hek is, en dan is daar die woonwapark 'n entjie verder waar jy vir jou een van 106 staanplekke kan kies (en die een ablusieblok met die res van die kampterrein deel).

Die luukse staanplekke is vir diegene wat 'n bietjie ekstra privaatheid verkies en nie daarvan hou om langs iemand anders te staan wanneer hulle tande borsel nie. Jou staanplek is groot en onder koeltebome en jy maak jou wa op 'n plaveiselblad staan. Jy kry 'n staalbraaier en rooster op wiele en dan natuurlik jou eie kombuis met 'n wasbak, rakke en kaste.

In die kampplek staan vier badkamerrondawels versprei, en elke rondawel word deur vier staanplekke gedeel. Jou private geriewe is dus 'n kwart van 'n rondawel en bestaan uit 'n bad (met 'n stortkop), wasbak, spieël en toilet.

As jy verby die luukse staanplekke ry, lê die "algemene" woonwapark 'n entjie verder aan jou linkerkant. Hier is 106 afgebakende staanplekke op 'n sirkelvormige lappie aarde.

Die staanplekke is ongenommer en is deur die bank minstens 15 x 15 treë groot. Die meeste van hulle het gras en hier is 'n magdom bome, wat beteken jy gaan regtig hard moet probeer om nié in die koelte te wees nie. Op van die staanplekke hoef jy nie eens te kies tussen oggend- en middagkoelte nie. Die enigste staanplekke wat nie koelte het

nie, is dié voor teen die dam.

Elke staanplek het 'n betonbraaier met 'n oopslaanrooster en 'n tafelblad langs. Elke vierde staanplek het 'n diep wasbak met 'n kraan. Jy deel ook jou kragpunt met drie bure en jy moet onthou om jou blousok saam te bring.

Die woonwapark se ablusieblok sit bo in die linkerkantse hoek van die kampterrein.

Heel aan die verste punt van die kampterrein is die speelparke met swaai, 'n rondomtalie en glyplank. Gariep se swembad is die kinders se hoofkwartier, en 'n gawe swemplek.

Hier is ook 'n klein winkelsentrum met 'n supermark, drankwinkel en 'n restaurant. (Jy bespreek ook jou plek vir die aktiwiteite soos boot- en trekkerritte by die restaurant.) Die winkel is eenvoudig maar het die nodigste.

Kampplek 106 staanplekke, elk met krag, 'n vul-lisdrom, braaier, gras en koelte. In die luukse kampterrein is 16 staanplekke met plaveiblaai en private ablusiegeriewe.

Ablusiegeriewe 2 skoon en netjiese ablusieblokke. Hier is ook rolstoelvriendelike geriewe.

Prys R135-R370 per staanplek en R55-R65 p.p.n. afhangend van waar en wanneer jy kamp en hoeveel mense saam met jou kamp.

Kontak ☎ 051 754 0045 (oord) of 012 423 5600 (sentrale besprekings)

✉ gariep@foreversa.co.za



🌐 forevergariep.co.za

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpas.

GPS S30.59678 E25.50193

Weg Ry & Sleep sê

Onthou om 'n prop vir jou skottelgoed saam te bring. >





Riviera-gasteplaas

Bloemfontein



Riviera se kampplek bestaan uit 'n netjiese klein woonwapark reg langs 'n ablusieblok en nog 'n klompie staanplekke nader aan die rivieroewer. Jy kan uit 17 staanplekke kies, almal met krag en die meeste van hulle met braaiplek.

Reg langs die ablusieblok is ses groot grasstaanplekke langs mekaar, elkeen met sy eie klein vuurkring, 'n wielvellingbraaier en rooster én 'n heuphoogte skottelskaar-braaier op 'n paal.

Jy het ook 'n kragboks (driepunt) en ligpaal asook 'n kraan op jou staanplek. Hier is baie plek vir die kinders om te speel en tussen dié staanplekke is 'n klein klimraam.

Aan die ander kant van die ablusieblok is 'n klein en dieperige opslaanswembad en 'n houtbankie waar jy jou *Weg Ry & Sleep* kan lees terwyl die kinders in die water baljaar.

In dié deel van die kamp-

plek is nog nie koelte nie, want die vaderlandswilge wat by die staanplekke geplant is, is nog klein.

Aan die oorkant van die pad is drie kleiner staanplekke met meer koelte. Twee van hulle het permanente braaiers. Die rivieroewer is omtrent 200 m van hier af en die res van die staanplekke lê weerskante van die pad.

Op 'n terras bo die rivieroewer is 'n gawe grasstaanplek met 'n groot geboude baksteenbraaiplek, baie koelte en lekker kuierplek.

Reg langs die oewer, waar jy kan lyn ingooi vir baber, karp of grootbekgeelvis, is twee groot grondstaanplekke met geboude braaiers onder groot ou vaderlandswilge.

Bring jou verlengkoord van so 20 m saam, want hier moet jy vir jou krag aanlê van 'n kragpunt 'n ent weg van die water af.

In die bruinbaksteen-ablu-

sieblok met sy leiklipstoep is twee groot gesinsbadkamers wat deurentyd silwerskoon gehou word.

Die een badkamer het 'n enkelstort en die ander een het twee groot storte, almal met gordyne. Elke badkamer het ook twee toilette, 'n wasbak met 'n spieël en baie pak-, hang- en sitplek.

Buite die badkamers is 'n onderdakopwasplek met twee wasbakke en werkplek, en tussen die twee badkamers is 'n kombuis met baie werkruimte waar jy jou ketel of elektriese braaipan kan inprop en ook skottelgoed kan was.

As jy by Riviera kamp, hoef jy nie stad toe te ry vir inkopies as jy nie lus is nie. Jy kan by die oordeienaars ys, meliemeel, melk, en suiker tot lekker bevrore wors koop.

Jy hoef ook nie hout saam te bring nie. Hulle lewer elke dag vir jou gratis braaihout by jou staanplek af.

Kampplek 17 staanplekke met krag. Die koelte wissel. **Ablusiegeriewe** Netjies en gerieflik.

Prys R250 p.n. vir die eerste 4 mense en daarna R70 p.p. (halfprys vir kinders).

Kontak 082 8966 787

✉ herselman@gmail.com

✉ riviera-guest-farm.co.za

Hoe lyk die pad? Teer en sowat 500 m goeie grondpad.

GPS S28.287760
E27.160840

Weg Ry & Sleep sê Jy kry jou eie heksleutel en dagbesoekers word nie toegelaat nie. Jou vriende en familie mag wel vir jou kom kuier en by jou kom braai (R30 p.p.).

Aldam-landgoed

Ventersburg



Aldam het alles wat jy van 'n vakansieoord kan verwag. Daar is 'n groot woonwagpark met meer as 100 staanplekke (met krag, water en braaiers), groot en goed ingerigte ablusieblokke, en meer as genoeg om die kinders en grootmense te vermaak.

Danksy die waterwurm, minigholfbaan, rolskaatsbaan, swembad, speelparkie en stap- en bergfietsroetes is Aldam een van daardie plekke waar jy jou kinders net gaan sien as hulle honger is of nog geld nodig het.

Probeer om op staanplek nr. 89, 90, 107, 108, 109 of 110 te staan as jy met kinders kamp en baie plek nodig het. Dié staanplekke is die naaste aan die swembad en waterwurm, en ook reg langs 'n ablusieblok. Die woonwag-

park is in terrasse uitgelê; as jy dit verkies om bolangs te kamp en naby aan 'n ablusieblok te wees, mik vir staanplek nr. 5 tot 10.

As jy of iemand in jou geselskap in 'n rolstoel is, gaan nr. 66 tot 70 die beste vir jou werk, want hulle is reg langs die rolstoelvriendelike ablusieblok. Hierdie staanplekke is ook die beste as jy 'n groot staanplek verkies, maar weg van die kinderlawaaï wil wees.

As dit tyd is vir 'n groot familiesaamtrek, is die staanplekke op die tweede laagste terras (nr. 71A tot 88B) die beste, want hier staan julle lekker naby aan mekaar en deel 'n blousokkrappunt en braaiplek. Die meeste staanplekke is met gras bedek en daar staan baie sering-, doring- en dennebome wat koelte gooi.

Elke staanplek het sy eie kraan waaruit jy gefiltreerde damwater kan tap. Die oordwerkers maak twee keer per dag 'n draai by die drie ablusieblokke om seker te maak dit bly skoon. By die mans is daar drie urinale, vier toilette, drie storte, een bad en vier wasbakke, en by die vroue twee baddens, twee storte, vier toilette en vier wasbakke. Albei kante is van die vloer tot by die dak geteël en het groot spieëls. In die storthokkies is daar drie hake agter die deur plus 'n bankie.

Tussen die mans- en vrouekant is 'n waskamer met twee skottelgoedwasplekke en twee wasbakke aan elke kant. Daar is genoeg pakplek vir jou skottelgoed. In dié vertrek is daar ook 'n wasmasjien, tuimeldroër, strykplank en 'n diep wasbak.

Kampplek 150 staanplekke, die meeste met gras en koelte.

Ablusiegeriewe Oud en 'n bietjie verwaarloos, maar skoon.

Prys R255-R410 per staanplek vir 6 mense en 1 motor (afhangend van die seisoen).

Kontak ☎ 057 652 2200
✉ reception2@aldamstate.co.za
🌐 aldamstate.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad tot hier.

GPS S28.287760
E27.160840

Weg Ry & Sleep sê As die water uit die kraan dalk 'n bietjie bruin is, laat dit 'n rukkie loop. >





Glen Reenen

Clarens



Die Golden Gate Hoogland-nasionale park is in die koue seisoen allesbehalwe vaal. Die somer se groen maak plek vir 'n winterkleurespel van goue, geel en rooi gras teen die sandsteenkleure van die massiewe rotsformasies. Goed, dis nie so 'n goeie idee om in die winter te swem in die groot swemgat agter die Glen Reenen-ruskamp nie, want op die koudste dae gaan draai die kwik snags ver onder die vriespunt. Die een dag kan die wintersonnetjie nog skyn, maar die volgende dag sak die sneeu uit.

Soggens ná ontbyt, as die winterson net mooi hoog sit, durf gesinne en groepe een van die vier korter staproetes van die kampplek af aan.

Binne 'n uur of wat kan jy stap na die groot Paddastoelrots wat bo die kampplek uittroon; na Golden Gate se

bekende Brandwagrots; 'n boskloof; of die Eggoravyn. Wanneer jy hier aankom en vir jou staanplek betaal, kry jy 'n nuttige kaart van die park.

Dit is nie die Krugerwildtuin waar jy gaan leus sien nie, maar jy kan in die grasvlaktes in die berge, tussen die witstinkhout-, karee-, kiepersol- en ouhoutbome, op die uitkyk wees vir Burchell se sebras, swartwildebeeste, krimpvarkies, of dalk selfs 'n tierboskat of gouemol. Hier is 54 soogdierspesies, waaronder 10 soorte wildsbokke. Soek ook elande, grysdruikers en oorbietjies.

Ná 'n bedrywige dag in en om Golden Gate kan jy in jou kampplek onder groot ou bome langs 'n vuurtjie ontspan en jou verwonder aan die imposante rotsformasies om jou. As die permanente ploegskaarbraaier te klein is vir die gesin, kan jy die bestuur vir 'n draagbare

braaier vra, en as die Blitz op is, kan jy net oor die pad draf na die parkwinkel by die vulstasie en kantoor.

Voorheen het mense gekla oor die ou ablusieblokke en daarna oor bouwerk aan nuwe ablusieblokke. Dit is alles op 'n einde, en Golden Gate se kampplek het nou drie heel netjiese en baie gerieflike ablusieblokke.

Hier is nou byna 'n stort en bad vir elke kampeerder. (Goed, nou nie heeltemal nie, maar jy gaan nie lank wag vir jou badbeurt nie.) In die vrouebadkamers is ook groot ingeboude bababaddens.

Aangrensend aan die badkamers is groot kombuise met opwasplek en kookplek met elektriese tweeplaatstofies – à la Sanparke. As jy agter die stoof van die kombuis die naaste aan die Paddastoelrots staan, kyk jy uit op die Brandwag in die kombuisvenster se raam.

Kampplek 30 groot kampplekke met krag en 15 daaronder, almal onder groot koeltebome. Die pad deur die park lei na Phuthaditjhaba en het heelwat verkeer, maar dit pla nie te veel nie.

Ablusiegeriewe Nuut en modern met baddens, storte, opwasgeriewe, 'n kombuis en 'n waskamer vir wasgoed.

Prys R230-R350 per staanplek (6 mense), plus R24-R48 p.p.d. vir die bewaringstarief.

Kontak 058 255 0909
goldengate@sanparks.org

GPS S28.5064 E28.6186

Weg Ry & Sleep sê Jy het nie meer 'n verskoning as jy nog nie by Golden Gate was nie.

The Dell

Parys



Die mense by The Dell, 'n kampplek net buite Parys aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier, gee nuwe betekenis aan die konsep van 'n private staanplek.

Hier is net twee staanplekke in die kampterrein met tot 12 mense wat op die groter een kan kamp.

As dit egter net jy en jou wederhelfte is, is dit geen probleem nie. Die prys per persoon bly dieselfde en julle kan die groot staanplek – omtrent so groot soos 'n tennisbaan – net vir julle kry.

Dieselfde geld vir die kleiner staanplek, waar nie meer as ses mense mag kamp nie.

Jy kan soveel woonwaens en tente saambring as wat nodig is, maar op die groter staanplek is daar waarskynlik nie plek vir meer as drie waens nie en

op die kleiner een nie meer as een nie.

Albei staanplekke is met gras bedek, maar daar is tog plekplek sand, veral in die koelte – die staanplekke word met bome omring. Bring dus jou grondseil saam.

Die groter staanplek is op twee terrasse uitgelê, en die skuinste tussen die twee is nogal steil. Jy gaan jou terugstoot moet ken en weet hoe om jou wa te manoevreer. As jy 'n woonwaskuier het, behoort jy geen probleme te hê nie.

Wanneer jou kamp eers opgeslaan is, kan jy een van twee plekke kies om 'n vuurtjie te bou.

Langs die kombuis is 'n heuphoë betonbraaier, en voor teen die oewer 'n stuk pla-veisel met 'n vuurput en betonbankie waar 'n mens rustig om

die kampvuur kan kuier. Albei het 'n rooster.

Jy kamp tussen The Dell se chalets, maar jy het jou eie kombuis en ablusiegeriewe.

Die geriewe is pynlik netjies. Jy stap teen 'n opdraande uit na die badkamers, wat bo-op die kombuis gebou is.

Die ablusiegeriewe is twee identiese badkamers, elkeen met 'n stort, toilet en wasbak met 'n spieël.

Wanneer die son sak, hoef jy nie in die donker rond te tas nie, want hier is buiteligte. Jy kan hulle egter by die kombuis afskakel as dit tyd is om te gaan slaap.

Die elektriese insekvanger met die fluoressensielig doen sy werk deeglik, maar dit klink nogal soos Guy Fawkes as hy eers aan die gang is. Gelukkig kan jy dié ook afsit wanneer jy gaan inkruip.

Kampplek 2 afgebakende staanplekke met krag, gras en koelte.

Ablusiegeriewe Netjies en skoon en vir jou private gebruik.

Prys R150 p.p.p.n. (R75 vir kinders).

Kontak 072 486 9491


bookings@thedell.co.za

thedell.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 6 km is 'n grondpad wat plek-plek erg sinkplaat gery is.

GPS S26.832166
E27.515599

Weg Ry & Sleep sê Jy kan dinge soos hout, vuuraanstekers en ander basiese benodigdhede by die kantoor koop.





Rocky Bay

Scottburgh



Rocky Bay is in Park Rynie, 'n klein kusdorp in die Suidkus, net meer as 6 km suid van Scottburgh. Die ligging is puik, want hier is jy naby aan alles waarvan jy kan droom om te doen terwyl jy met vakansie is.

Die kampterrein is langs die strand uitgelê en by sommige van die voorste staanplekke staan jy letterlik op die strand as jy 'n tree van jou grondseil af gee. Die meeste van die voorste staanplekke is onder groot koeltebome, maar hier is tog 'n klompie waar jy jou silwerseil gaan nodig kry.

Die staanplekke is uitgemerk met 'n betonmuurtjie of witgeverfde houtpale, en in die meeste gevalle is jy taamlik afgesonder van jou bure. By sommige van die voorste kamplekke kan jy sien wat jou buurman se doen en late

is, maar by ander is jy heeltemal weggesteek tussen bome. As dit vir jou belangrik is om 'n mate van privaatheid te hê en dit is nie belangrik om teen die see te staan nie, vra die oordbestuur om 'n plek in dié deel aan te beveel wanneer jy bel om te bespreek.

Die staanplekke is netjies, gelyk en op terrasse uitgelê. Hulle is deur die bank omtrent so groot soos 'n halwe tennisbaan. Jy deel 'n blousokkragpunt met jou buurman, maar jy het jou eie vullisdrom en hier is een kraan vir elke vier of so staanplekke. Om 'n vleisie te braai het jy 'n klein betonbraaier – jy moet egter jou eie rooster saambring.

Hier kamp jy nie verder as 100 m se stap van die drie ablusieblokke af nie. Die aparte geriewe vir mans en vroue is skoon, netjies en

groot. Veral die storte is heerlik ruim.

Die speel- en ontspanningsgedeelte is basies in die middel van die oord. Hier is twee swembaddens (een vir die kleintjies) en 'n klimraam en swaai. Daar is ook 'n glyplank tot binne-in die groot swembad. As jy naby die swembad en speeldeel wil kamp, mik vir staanplek nr. 29-39.

Die ontspanningsaal is langs die swembaddens en hier kan jy tafeltennis, veerpyltjies of 'n potjie *pool* kom speel. Die oordbestuur bied ook by geleentheid speletjies soos Bingo vir vakansiegangers aan.

By die hek is die oordwinkel waar jy die nodigste kan aanskaf. Rocky Bay het ook sy eie restaurant, The Sugar Baron, waar jy ontbyt, middag- of aandete kan gaan soek.

Kamplek 160 afgebakende staanplekke met krag, 'n kraan, braaiput en betonbraai sonder rooster.

Ablusiegeriewe 3 groot, skoon en netjiese ablusieblokke.

Prys R196-R291 p.p.n., afhangend van wanneer jy kamp (R98-R151 vir kinders).

Kontak 039 976 0336

caravan@rockybay.co.za

rockybay.co.za

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpas.

GPS S30.335689 E30.732825

Weg Ry & Sleep sê As jy 'n klein hondjie het, mag hy saamkom, mits dit nie die spitsseisoen is nie. Dit kos R20 p.d. per hond.

ATKV-Natalia

Winklespruit



Jy kry gesinsoorde en dan kry jy supergesinsoorde. Natalia staan stewig in laasgenoemde kategorie. Die plek is netjies, hier is baie plek, dit is so veilig soos kan kom, en hier is meer as genoeg om jou en jou mense geholpe te hou. Hier is selfs wifi op jou staanplek en jy kry 30 minute gratis internet-toegang per dag.

Natalia lê langs Illovostrand, en in dié warm waters kan jy heeljaar baljaar en tussenin op die skoon, uitgestrekte strand lê en sonbaai.

As die weer die dag nie saamspeel nie, kan julle in die groot verhitte swembad gaan swem of op die leunstoel langs aan ontspan.

Natalia se ontspannings-gedeelte is so volledig soos kan kom, en afgesien van die swembad (hier's een vir die kleintjies ook), is hier mini-golf, 'n vlugbalbaan, trampoliens, 'n groot klimraam

en een van daardie lewens-groot skaakborde.

Die oordwinkel sal 'n paar kleindorpse supermarkte in die skande steek. Jy kan kom aanklop vir enigiets van brood, tydskrifte en visnette vir die kleintjies tot braairoosters, T-hemde, hout, koeldrank, roomys en ys. Langs die winkel is die Koswerf-restaurant waar jy kan aansit vir ontbyt, ligte middagetes of koek en tee.

Die woonwapark is in twee dele verdeel. Die eerste een is naby die hek op die onderste terras met amper 80 staanplekke. Van hier af het jy nie 'n uitsig oor die see nie, maar jy is meer beskut teen die wind. Die tweede deel het 28 staanplekke, en dié lê 'n paar meter hoër op die boonste terras. Van dié staanplekke af het jy 'n onbelemmerde uitsig op die water, veral as jy heel voor staan. Jy kamp egter in die wind as dié die dag opsteek.

Die staanplekke is amper so groot soos 'n muurbalbaan, en die meeste het 'n reghoekige stuk plaveisel met gras rondom. Die kragpunte het blou sokke – onthou om jou woonwaprop saam te bring. Elke staanplek het ook sy eie kraan én vullisdrom wat daagliks skoongemaak word.

Onthou om jou eie braai-goed saam te bring, want jy kry nie 'n braaier by jou staanplek nie. As jy nie een gebring het nie, kan jy by die gemeenskaplike braaiplekke langs die swembad jou tjops gaan gaar skroei.

Of jy nou op die onderste of boonste staanplekke staan, jy kamp hier nêrens verder as 100 m van die ablusiegeriewe af nie. Die ablusieblok by die staanplekke die naaste aan die see is 'n moderne gebou met aparte geriewe vir mans en vroue. Die onderste blok het ook aparte geriewe en is ewe modern, netjies en skoon.

Kampplek 108 staanplekke op 2 terrasse, die meeste met plaveiblaaie en gras en sommige met koeltebome.

Ablusiegeriewe 2 moderne ablusieblokke wat skoon en netjies gehou word.

Prys R190-R1 075 per staanplek vir 6 mense, afhankende van waar jy staan en wanneer jy kamp.

Kontak ☎ 031 916 4545

✉ natalia@atkv.org.za

✉ atkvoorde.co.za

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S30.121831 E30.845729

Weg Ry & Sleep sê As jy jou blou prop per ongeluk vergeet het, kan jy by die oordwinkel een gaan koop vir R130. >





Silverstreams-woonwapark

Underberg



Silverstreams lê weggesteek feitlik teen die Boesmansnekgrenspos na Lesotho. Dis makliker om 'n puik kampplek te bedryf as jy sit met groot staanplekke op gras, langs 'n kristalhelder rivier met 'n prentjiemooi agtergrond. Voeg nou 'n winkeltjie by waar jy elke dag vars vleis, vrugte, eiers, sjokolade en rakmelk kan koop en jy het 'n juweel soos Silverstreams.

Regs van die winkel se ingang staan drie perde langs mekaar "geparkeer", klaar opgesaal. Madie Botha, wat met die perde doenig is, kom groet. "Hierdie perde is hondmak en die saals knyp nie; dis van die cowboy-soort – hulle is baie gemaklik. Jy hoef nie eens met 'n langbroek te ry nie," sê sy.

Ons gids is Tammie Madlala, wat in ook in die woonwapark help om sake te laat vlot.

Dit voel vreemd om deur

'n grenspos te ry sonder om jou paspoort uit te haal. Maar as jy op 'n perd se rug deur die Boesmansnekgrenspos ry, "mag" jy. Die pad waarmee jy na die oord ry, loop dood in die grenspos. Aan die ander kant is net 'n voetpaadjie verder die berge in, en dis juis op dié enkelspoor waar die perde nou stap. (As jy deur die grenspos is, is jy egter nie 'n internasionale toeris nie, want dit is niemandsland – Lesotho lê nog 8 km verder soos die kraai vlieg.)

Die pad na die kampterrein neem jou oor 'n smal betonbruggie oor die vlak Ngwangwanerivier. Kampeerdere mag gratis hier hengel.

Twee jong seuns staan met hulle lyn in die water in die hoop om 'n forel te vang wat byna roerloos bo 'n klipbank in die water dryf. "Hulle is diep vandag. Ons hét al twee gevang, maar hulle is nie baie groot nie," sê die een seun.

Jy kan twee soorte forel hier vang: die reënboogforel of die bruinforel, maar vir laasgenoemde moet jy nie net Job se geduld hê nie, maar weliswaar ook Charl Schwartzel se vernuf én geluk.

In die kamp doen 'n paar jong seuns dit anders... hulle sit met 'n meter lange boomlat, 'n kort stukkie vislyn en 'n stukkie rou spek vooraan. Hulle vang krappe.

Hier is 8 staanplekke langs die rivier op gras en nog 24 nader aan die badkamers in die middel van die kamp, elk met 'n driepuntkragpunt.

Party staanplekke het 'n eie braaiplek – wat 'n rooster insluit, maar krane is skaars. En as jy koelte soek, moet jy maar 'n gazebo of strand-sambreel saambring, want koeltebome is nie volop nie. Daar is darem 'n speletjieskamer vir die kinders as dit te warm word vir sokker, krieket of *touchies*.

Kampplek 32 groot grasbedekte staanplekke.

Ablusiegeriewe Netjiese badkamers, maar die wasbakke is effens laag.

Prys R220-R600 (afhangend van wanneer julle kamp). Hoogstens 4 mense per staanplek.

Kontak ☎ 082 859 8619 of 082 331 6670 📧 info@silverstreams.co.za 📍 silverstreams.co.za

Hoe lyk die pad? Die pad hierheen is wat die meeste teen die oord tel. Die pad het heelwat gate in, en groot dele is klipperig. Vat dit maar stadig.

GPS S29.848214 E29.218122

Weg Ry & Sleep sê Kort en kragtig: Hierdie is waarlik 'n kampjuweel.

Highmoor-reservaat

Rosetta



Highmoor is deel van Ezemvelo KZN Wildlife se parke en die plek se naam kan nie méér gepas wees nie. Van Rosetta af is dit 'n bietjie verder as 40 km tot by Highmoor, bo-op die Drakensberg.

'n Lang deel van dié pad is 'n effens klipperige grondpad, en jy het 'n agterwiel-aangedrewe voertuig nodig as jy 'n wa die berge wil uitsleep. Sonder jou wa sal jy wel met 'n gewone sedan regkom. Die laaste 4,4 km tot by Highmoor is gelukkig geteer, maar dis 'n smal teerpad wat skerp na bo kronkel, en as daar 'n kar van voor af kom, moet jy hoop jy kry voorkeur met jou woonwa. As 'n ander woonwaseper van voor af kom, moet jy hoop jy is nie die een wat moet terugstoot nie.

Direk ná die kantoor moet jy skerp links draai, maar min karre met 'n woonwa sal sommer dié draai kan maak. Na regs is 'n groot oop stuk pad waar jy kan gaan omdraai om rigting te kry na die kamp-plek toe.

Die grondpad na die kamp-plek is ook klipperig en 'n gewone kar kom net-net tussen die bosse aan weerskante van die pad deur – dit voel kom-pleet of jy in 'n drukgang ry om tot by die steil bult na die kampplek te kom.

Wanneer jy die kampplek binnery, ry jy aan die agterkant verby die sewe staanplekke wat aan die linkerkant in 'n ry langs mekaar lê. Voor die staanplekke is 'n plat stuk gras wat soos 'n verhoog oor die berge uitkyk.

Jou staanplek is 'n hokkie

wat met bome afgekamp is. By elke staanplek is 'n ge-plante skottelskaarbrazier en vullisdrom, maar hier is nie elektrisiteit nie. Agter die staanplekke, langs die ingangspad, is drie krane ente uit mekaar waar jy koffiewater kan tap. Oorkant die pad is 'n vierkantige grasdakklip-geboutjie met 'n stortvertrek met twee stortkoppe regoor mekaar en 'n aparte toilet.

Hier is 'n twee damme waar jy forel kan hengel en jy kan in die vars Drakensbergse lug voetslaan na een van die grotte in die reservaat. Jy kan by die kantoor 'n kaart kry met die roete van 4 km tot by die Aasvoëlkransgrot.

Dis 2½ uur se stap teen 'n stewige pas die berge in en terug tot by die kampplek. Jy sal nie spyt wees nie.

Kampplek 7 staanplekke in 'n ry, afgeskort met bome.

Ablusiegeriewe 'n Klein badkamer wat mans en vroue deel.

Prys R80 p.p.d. (halfprys vir kinders). Minimumtarief van R190.

Kontak ☎ 033 267 7240

✉ camping@kznwildlife.com

🌐 kznwildlife.com

Hoe lyk die pad? Die laaste deel is 'n klipperige grondpad van 6,7 km, gevolg deur 'n smal teerpad van 4,4 km, en die laaste 600 m is weer 'n klipperige grondpad.

GPS S29.320857 E29.621884

Weg Ry & Sleep sê Bring eerder jou tent of boswa, want die ingangspad is smal met digte boom-pies langsaaan en jy gaan 'n gewone wa krap. >





Dolphin-vakansieoord

Ballito



By die Dolphin-oord voel jy met die aankomslag tuis, amper asof jy by vriende kom kuier. Jy vleg deur 'n buurt om hier te kom, en oorkant die pad is 'n klein inkopiesentrum. Links van die kantoor is enkel-parkeerplekke en regs, langs 'n kiosk, plek waar jy met jou woonwa kan stilhou om die papierwerk af te handel.

Die oord is soos 'n klein dorpie uitgelê en die strate het visname soos Grunter, Garrick en Dorado. Jou straatnommer vir die vakansie is op die sypaadjie voor jou staanplek gevef. Die staanplekke is vierkantige blokke wat tussen netjiese paaie uitgelê is.

Die plantegroei is welig en jy kan sien dié oord bestaan nie van gister af nie. Die plante smelt met die omgewing saam en jy kan nie sien dis aangeplant nie. 'n Enorme koraalboom met sy dieprooi blomme, 'n klomp palmbome

en ander bome sorg dat daar genoeg koelte vir almal is.

Die staanplekke is groot en op die meeste van hulle is genoeg plek vir 'n groot woonwa, sy tent en jou sleepvoertuig langs dit. Van die staanplekke is op welige gras, ander op yler gras en die res op grond. Met die baie bome en struie tussen staanplekke kamp jy taamlik privaat.

Jy prop jou wa by 'n blou woonwaprop in en het niks meer as 'n standaardverlengkoord nodig as jy op die verste punt van die staanplek staan nie. Die meeste van die staanplekke het 'n TV-antennapunt en jy het toegang tot agt kanale – jy kan onder meer M-Net, Cartoon Network en SuperSport kyk.

Jy deel 'n kraan met die bure, maar dis net so naby soos die kragpunt. Hier is nie braaiplek of braaiers op jou staanplek nie – onthou om jou eie saam te bring.

Heel bo in die oord is 'n speltyeskamer met onder meer pool-tafels, 'n buitelugskaakstel, twee trampoliens, 'n houtklouterraam en 'n omheinde swembad om in te plas.

In die linkerkant van die kampplek is twee ablusie-blokke en aan die regterkant nog twee. Elkeen het ook 'n waskamer met vier wasmasjiene en drie tuimeldroërs.

Die badkamers is nie meer nuut nie, maar hulle kan nie skoner nie; die vloere word soggens blinkgevef. Al die badkamers is min of meer dieselfde uitgelê met twee storthokkies, twee toilette, 'n bad en drie wasbakke.

Die strand is skaars 200 m van die hek af en jy stap in 'n steeg daarheen.

Buite die hek verkoop smouse enigiets van helder-kleurige strandhandoeke en emmertjies tot grafies en donkerbrille, en jy weet jy hou vakansie by die see.

Kampplek 99 ruim staanplekke en heelwat koelte.

Ablusiegeriewe 4 silwerskoon ablusieblokke.

Prys R280-R900 p.n. per staanplek vir 2 mense afhangend van die seisoen, en R785-R1 485 vir 6 mense. Pensioentrekkers en kinders kry afslag.

Kontak ☎ 032 946 2187

✉ info@dolphinholidayresort.co.za

✉ dolphinholidayresort.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S29.532273 E31.221788

Weg Ry & Sleep sê

Maandae tot Saterdag om 10.30 vm. word gratis skons en tee in die saal voorgesit – vir die kleingoed is daar koekies en koeldrank.

Mahai

Bergville



Mahai, met sy 44 kragstaanplekke (driepuntsok) en 40 plekke sonder krag, is groter as vyf rugbyvelde en rofweg in vier dele verdeel. Regs waar jy inry, is 'n groot reghoekige kampgedeelte met kragstaanplekke al om die buitekant en groot rondhardloop- en fietsryplek vir die kinders aan die binnekant. Bring maar jou gazebo en silwerseil saam, want hier is nie veel koelte nie.

Links van die ingang is 'n groot kampkol met enkele kragstaanplekke en 'n klomp sonder krag. Heel voor in dié kampgedeelte is ook nie koelte nie, maar dieper in kamp jy onder groot dennebome. Die derde groot kampkol, regs na die bokant toe, het ook 'n klomp hoë bome.

Aan die agterkant van die Mahai-kamp, teen die heining af, loop 'n lang, smal kampterras wat meer geskik is

vir tentkampeers. In Mahai kamp jy op groen gras en hier en daar op 'n grondkol waar die koelte oorvloedig is.

Staalbraaiers en krane staan tussen die staanplekke geplant. As jy nie een van die gelukkiges is met 'n braaier by jou staanplek of jou eie een saamgebring het nie, moet jy maar goeie buurmanskap aan die dag lê en jou braaibeurt afwag.

Mahai het vier ablusie-blokke met aparte badkamers vir mans en vroue – een in die linkerkant van die kamp, twee in die middel en nog een heel regs. By een van die middelste ablusieblokke is 'n badkamer vir rolstoelgebruikers, met 'n handstort en toilet.

In die middel van die kamp is ook 'n wassery met 'n muntwasmasjien en -tuimeldroër. Skuins voor die waskamer is 'n sandput en klimraam met 'n bankie waar jy die kleintjies kan sit en

dophou terwyl die wasmasjien sy werk doen. Jy was jou skottelgoed by een van twee netjiese onderdakopwasplekke links of regs in die kamp. By die opwasplek kan jy ook kookwater vir koffie tap.

In die park is 'n wandelpadnetwerk van 130 km om tussen bos, deur strome en teen rotswande op en af by die berg se uitsonderlike plekke uit te kom. As jy nie juis 'n krante stapper is nie, kan jy die berg se mooi somer in en om die kamp beleef. Sit onder jou stoeptent en kyk vir die berg en luister vir die piety-vrou en die duiwe. Of vat die wandelpaadjie net buite die kamp al langs die Mahairivier, deur die bos en verby Boesmantekeninge teen 'n rots. Dis vir 'n lang gedeelte geplavei en jy kan somer kaalvoet en met jou handdoek oor die skouer stap om in een van die poele of onder 'n klein waterval af te koel.

Kampplek 44 staanplekke met kragpunte en 40 sonder krag, van hulle op groen gras en ander op grond.

Ablusiegeriewe 4 netjiese ablusieblokke.

Prys R330-R420 p.n. vir 3 mense en R110-R140 p.p. ekstra, afhangend van die seisoen en of jy 'n staanplek met krag het of nie.

Kontak ☎ 033 845 1000

✉ bookings@kznwildlife.

com 🌐 kznwildlife.com

Hoe lyk die pad? Teerpad wat op plekke smal en baie besig raak.

GPS S28.689345 E28.945608

Weg Ry & Sleep sê Klim ook in jou kar en ry die parkpaaie in die berg. Alles is teerpad. ➤





ATKV-Drakensville

Bergville



By Drakensville moet jy nie net by die hek aanmeld om jou besonderhede in die besoekersrigister in te vul nie; jy moet ook weer by die kantoor 'n draai maak om die formaliteite af te handel.

Die oordplan wys vyf kampe, A tot E, maar eintlik is die staanplekke in net drie groepe verdeel. Die hoofgedeelte is die staanplekke van A tot C wat in twee rye rug aan rug grens (hoewel die A-deel op die een kant in 'n ry langs mekaar pas), en aan die oorkant van hulle is die D-blok, met E dan op die verste punt. Dit lyk omtrent of die helfte geplavei is, en omdat die kampplek half oor 'n bult strek, staan 'n mens nie heeltemal gelyk nie. Selfs van die plaveisel is nie 100% waterpas nie. Die E-kamp is meer op die bult en die staanplekke lyk meer gelyk.

Op die hoek agter op jou

staanplek is 'n gemesselde struktuur met 'n vullisdrom en kraan wat jy met jou buurman deel. Die kragpunt (blou sok) staan ook hiernaas.

Tussen die hoofdeel en die D- en E-kamp staan twee ablu-sieblokke – die een aan die E-kamp se kant is die groter een. Dié badkamer is netjies geteël, en die twee wasbakke, elk met sy eie marmerblad, staan in 'n hoekie vir jou oggendroetine. Aan die manskant is daar 'n bykomende drie wasbakke.

In die storthokkies het jy jou eie vertrek met 'n deur, en aan die droë kant is 'n bankie, hake en 'n handdoekreling. Die storkant langs aan het geen afskorting soos 'n deur of gordyn nie, maar dit strek in die lengte af weg van die deur kant toe. Die storkop wys nie in die deur se rigting nie, maar eerder van die een muur na ander; dus spat die water nie by die nat kant uit nie.

Buite die gebou staan vier vullisdromme vir herwinbare vullis, al het jy 'n drom by jou staanplek. Hier is 'n waskamer met wasmasjiene en tuimeldroërs. Die wasbakke vir jou skottelgoed is ook hier.

Die badkamers by die D-blok is kleiner en het ook nie 'n waskamer nie, maar hier is wel plek ingeruim om jou kassettoilet te dreineer.

Bo teen die bultjie, ver links soos 'n mens die oord binnery, is 'n binnenshuise warmwaterswembad.

Langs die pad tussen die kantoor en staanplekke is onder meer 'n houtklouerraam, en langsaan 'n muurbal-baan. Hiernaas is 'n buitelig-skaakspel onder 'n grasdak en verdaar die minigolfbaan. Jy kry jou stokke en balle in die speletjieskamer oorkant die pad waar daar onder meer pool-tafels en arkadespeletjies is. Langs die gholf is 'n koue-waterswembad.

Kampplek 88 staanplekke met krag en water naby teen 'n skuinste waarvan omtrent die helfte plaveisel het.

Ablusiegeriewe Netjies met baie ruim storthokkies.

Prys R150-R645 per staanplek vir tot 6 mense, afhangende van die seisoen.

Kontak ☎ 036 438 6287

✉ drakensville@atkv.org.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S28.613120 E29.124420

Weg Ry & Sleep sê As jy die stormloop wil misloop, maak in die winter 'n draai – daar's selfs 'n kans dat jy 'n bietjie sneeu op die berge gaan sien.

Richardsbaai-woonwapark

Richardsbaai



Die Richardsbaai-woonwapark het meer as 260 staanplekke, en die kantoormense ken jou staanplek aan jou toe. Van die staanplekke is private kolle in die bos, terwyl jy ander in die son op 'n oop vlakte staan. Jy is nietemin nooit te ver van die welige plantegroei nie.

Die staanplek se kraan staan naby en jou kragpunt is 'n gewone driepuntsok. Van die punte het 'n aardige "huisie" bo-oor, en om die prop ingedruk te kry moet jy 'n rubberflap voor 'n opening wegbuig en die prop indruk. Dis baie ongemaklik, want jy moet dit stert omhoog op jou knieë doen, maar ten minste is die prop 100% beskut teen die reën.

Die eerste prys is die staanplekke die verste weg van die hek. Die swembad, speelparke en opelugskaakbord is ook hier oorkant die F-blok se

staanplekke met die winkeltjie langsaan. Op die winkelrakke is basiese kruideniersware en snoepgoed om van te kies.

Hier is agt ablusieblokke tussen al die staanplekke, en almal lyk min of meer dieselfde. Al is hulle 'n dekade of twee oud, word hulle deur gaans aan die kant gehou.

Die oordpersoneel maak soggens kort ná sewe die vulisdromme skoon. Die dromme het 'n spesiale handvat om die blouape te flous, want dié maak graag moleste hier.

Wanneer jy by die kantoortoeaanmeld, kry jy 'n hele handleiding van moets en moenies – onder meer word troeteldiere verbied oor die besige tye – plus dan omtrent 'n verhandeling oor die aapsituasie. Hulle sê slange is ape se doodsteek en jy moet dit sterk oorweeg om in 'n rubberslang belê. Wanneer die personeel met 'n bakkie en sleepwa deur die

oord ry om die vullis bymekaar te maak, skiet die bestuurder met 'n verfbalgeweer 'n salvo skote die bome in om die ape te verwilder.

Jy mag 'n hond saambring, maar daar's heelwat voorskifte. Eerstens mag hy nie meer as 5 kg weeg nie, en slegs een hond per staanplek word toegelaat. En dan moet Snippie se inentings ook op datum wees, anders kan sy maar tuis bly.

Julle moet ook albei vir lief neem dat sy voltyds aan haar leiband moet wees en dat jy gaan moet skoonmaak waar sy landmyne los. Geen honde word in die badkamers of in die swembad toegelaat nie, en oor Desember vakansies is honde "persona non grata".

Anderkant die swembad, omtrent 600 m van die verste staanplekke af, is 'n hekkie wat strand toe lei. Jy klim sowat 50 trappies wat jou tot op die strand neem.

Kampplek 263 staanplekke, meestal ruim met kragpunte en water.

Ablusiegeriewe Netjies maar oud.

Prys R130-R250 p.p.p.n. Kinders, studente en pensioentekkers kry afslag.

Kontak ☎ 035 753 1971

✉ info@richardsbaycaravanpark.co.za
📍 richardsbaycaravanpark.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S28.789985 E32.101391

Weg Ry & Sleep sê Dit is 'n viersteroord omtrent reg in die middel van die dorp, maar tog het jy genoeg natuur om jou om goed te kan uitspan. >





Sugar Loaf-woonwapark

St. Lucia



By die Sugar Loaf-woonwapark kamp jy in die inheemse bos langs die St. Lucia-strandmeer en die see. Die kampplek is net om die draai van St. Lucia se bedrywige McKenziestraat, maar tog is jy hier op jou bosstaanplek weg van die vakansieroesemoes af.

Die meeste van die staanplekke is met kragpunte toegerus en jy kamp hier op groen gras onder groot koeltebome, met wildsbokkies wat in die kampplek rondloop. Die bos wemel ook van voëls.

'n Sirkelpad van 1 km loop van die hek af deur die park. Die 92 staanplekke is langs dié pad en langs enkele afdraai-paadjies uitgelê. Van die staanplekke is langs mekaar, ander is meer privaat, en daar is enkele kolle met staanplekke in blokke bymekaar – lekker vir vriende of familie wat saam wil vakansie hou en met twee

of drie waens saam kamp.

Tussen party staanplekke is geboude braaiers, maar die enkele roosters wat oorgebly het, is gehawend. Van die vulisdromme is sonder deksels en 'n gawe teiken vir lastige ape wat ook hier in die kampplek rondhang.

Jy hoef nie ver te loop om te gaan bad of skottelgoed was nie. Tussen die staanplekke is vier ablusieblokke met aparte badkamers vir mans en vroue en 'n onderdakopwasplek. Die badkamers is skoon en gerieflik, maar hulle kan ook doen met 'n verfkwas en 'n bietjie herstelwerk.

In die middel van die park is 'n groot swembad met 'n groot grasperk en twee afdakkies waar jy in die koelte kan sit.

Jy kan in vyf minute van die kampplek af tot by die strand stap. 'n Houtbruggie loop van die kamphek af al langs die strandmeer tot by die see.

Hier lê vyf strande langs die stukkie teepad van 2,3 km, almal met toiletgeboue. By van hulle kan jy op eie risiko swem, maar onthou: Hier is sterk strome en haaie.

Die strand reg agter die kampplek is ook die lanseerplek vir bote – hiervoor moet jy 'n permit by die skiboortklub naby die kampplek se hek kry.

Die verste strand van die kampplek af is die hoofstrand. Om tot by die strande te ry draai jy by die ingang na St. Lucia regs af in Strandweg en hou reguitaan tot by die teepad langs die see.

St. Lucia is 'n gewilde hengelbestemming, en as jy van die strand, rotse of 'n boot af wil lyn natmaak, kan jy vir jou 'n hengel- en aalsiensie by die poskantoor op die dorp gaan aanskaf.

Daar is twee hengelwinkels in McKenziestraat waar jy aas en hengelgerei kan koop.

Kampplek 92 koeltestaanplekke op gras en met krag.

Ablusiegeriewe Skoon en gerieflik.

Prys R330-R390 p.p.p.n. afhangend van wanneer julle kamp.

Kontak ☎ 033 845 1000
✉ bookings@kznwildlife.com
🌐 kznwildlife.com/st-lucia-sugarloaf-camping.html

Hoe lyk die pad? Teepad tot hier.

GPS S28.38306 E32.41926

Weg Ry & Sleep sê In vakansietye word Ezemvelo se kleiner Edenpark (met 20 staanplekke) ook vir kampeerders oopgemaak. Dit is naby Sugar Loaf.

Kaap Vidal

St. Lucia



Die stywe kamp-tariewe hier het gemaak dat baie van die gereelde besoekers aan Kaap Vidal eerder ander staanplek gaan soek, maar dit bly lekker hier – dis nou as jy dit kan bekostig.

Om in Kaap Vidal kamp op te slaan kos jou maklik meer as R1 000 per dag vir 'n gesin van ses (as jy die bewaringstariewe aan twee owerhede bytel), maar jou tog hierheen is 'n wildrit soos min. Jy ry deur grasveld en inheemse bos, en verby moerasland en van die wêreld se grootste begroeide duine. As jy vroegdag van St. Lucia af na die kampplek vertrek, is die kans goed dat jy renosters, krokodille, seekoeie, wildebeeste, koedoes, vlakvarke, bosbokke en duikers langs die pad gaan sien – en selfs 'n witkoljanfredrik en die olyfbooslaksman.

Die Kaap Vidal-kampsterrein

se 50 staanplekke is in sirkels uitgelê. Dis langs 'n enorme begroeide duin met die lang, wit strand van Kaap Vidal net agter dit.

Die staanplekke is gemiddeld 10 x 10 m groot, met van hulle effens groter en ander weer kleiner. Onthou om jou grondseil saam te bring, want jy staan op sagte grond tussen die koeltebome van die inheemse bos.

Van die staanplekke is in rye langs mekaar, maar op ander kamp jy taamlik privaat met net een of twee bure in die nabyheid. Jy deel 'n kragpunt en kraan met 'n buurman en jy moet jou eie braaier saambring vir tjops of vis oor die kole. Die water hier is goed vir was, maar jy moet onthou om jou eie drink- en kookwater saam te bring.

Jou vullisdrom het 'n swaar ysterdeksel teen die blou- en samango-ape. Maar dié sware

deksels werk nie altyd nie, want aap se kind kry dit soms opgelig en dan moet jy gisteraand se papierborde loop en optel.

Voor, in die middel en agter in die kampplek is drie ablusie-blokke met aparte badkamers vir mans en vroue. Die netjies geteelde badkamers het ruim storthokkies, en die voorste en agterste ablusieblok het elkeen ook 'n gesinsbadkamer. Buite elke ablusieblok is wasbakke vir jou skottelgoed en klere en 'n draaiwasgoed-draad. As jy van die see af terugkom, kan jy die soutwater en sand onder 'n buite-stort van jou lyf af spoel.

Net buite die kamphek is die kampwinkel wat goed soos ys, hout, drinkwater, blikkieskos, toiletware, melk, brood, lekkergoed, roomys en wyn verkoop. Pak maar die meeste van jou kampgoed in, want dié winkel is peperduur.

Kampplek 50 staanplekke op sagte grond, almal met krag en die meeste met skaduwee.

Ablusiegeriewe Netjies en gerieflik.

Prys R520 p.n. vir 4 mense.

Kontak 035 590 9012

bookings@kznwildlife.com kznwildlife.com

Hoe lyk die pad? Teerpad tot hier.

GPS S30.7052 E30.4795

Weg Ry & Sleep sê Kaap Vidal is duur, maar jy het 'n bosstaanplek met die see én 'n stukkie uitsonderlike wildtuin en vleilandpark op jou voorstoep. >





Bahati-woonwapark-en-wildplaas



Hluhluwe

Die eerste ding by kampplekke wat kan krap, is die badkamers. Gelukkig sien 'n mens deesdae al hoe meer kampplekke wat private badkamers bou – eie ablusiegeriewe vir elke staanplek. Bahati is een van hulle.

Nie net is die badkamergeriewe ordentlik nie, maar jy kan ook kies of jy in jou eie hoekie in die bos wil kamp opslaan of meer in die oopte waar jy die geriewe deel.

Bahati is ook 'n wildplaas, en buiten die elektriese heining om die stuk grond van 180 ha is die kampplek self nie afgeskort nie. Tussen jou en die wilde diere is dus geen skerm nie.

'n Mens kan uit drie soorte staanplekke kies wanneer jy stilhou: die A- en B-kamp, elk met soortgelyke staanplekke, en die en suite-staanplekke met private badkamers.

Dit lyk of nie 'n enkele boom

in die slag gebly het met die bou van die A-kamp se ses staanplekke in die bos nie. Boonop is die hele kampplek toe onder 'n netjiese grasperk.

Die genommerde staanplekke lê in 'n groot sirkel langs mekaar en is nie afgebaken nie. Hier is drie kragbokse (met gewone driepuntsokke) tussen die ses staanplekke, elk teen 'n rooi paaltjie vasgesit. Die paar krane is blou geverf met 'n geplaveide deel onder. Hier staan ook 'n paar los braaiers rond (met roosters).

Die badkamergebou is heel links. Die afwerking wissel van rou sementwerk tot houtpaaltjies. Mans en vroue deel dieselfde twee afsonderlike klein badkamertjies, elk met 'n stort (mê 'n glasdeur), kera-miekwasbak (op 'n betonblad) en toilet, asook 'n spieël. Daar is 'n wasbak vir skottelgoed voor die badkamer en twee aparte toilette staan links van die gebou.

Die swembad is 'n entjie verder, langs die sandpad. Dis min of meer so groot soos 'n huisswembad en het gras rondom. Die vier en suite-staanplekke is in die bos net verby die swembad en só ingerig dat jy omtrent nie jou buurman sien nie. Elkeen van die staanplekke het twee geboue met 'n betonvloer. Onder die een afdak, waarvan twee kante toegebou is, is die kombuis met 'n wasbak asook kaste, en 'n tafel met vier stoele. Die badkamer is op die een punt van die ander afdak. Die stort is ruim en die vertrek het ook 'n toilet en wasbak met 'n spieël in. Die dak van dié gebou strek 'n ent verby die vloer en is hoog genoeg sodat jy die woonwa tot teen die vloer kan trek.

'n Driepuntkragbok sit in die muur by die badkamer en jou gemesselde braai met 'n rooster is op die ander punt van die afdak gebou.

Kampplek 16 ruim staanplekke in die bos (verdeel in drie kampe) waarvan 4 'n private badkamer het.

Ablusiegeriewe Nuut, netjies en stylvol.

Prys R120-R190 p.p.n. afhangelend van die spesifieke staanplek (halfprys vir kinders).

Kontak ☎ 072 190 0224
✉ info@bahaticaravanpark.co.za
📍 bahaticaravanpark.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 4 km is effens klipperig, maar jy kan 'n gewone wa hierop sleep sonder probleme. Die laaste ent tot by die kamp is 'n sandpaadjie.

GPS S28.059817 E32.278422

Weg Ry & Sleep sê Bring jou bergfiets en trap van die uitgemerkte roetes.

Thangami-safarispa

Ulundi



Die meeste van Thangami se staanplekke lê in 'n enkelgelid op 'n terras wat sekerlik een van die mooiste uitsigte in die land het. Jy kyk uit oor die Swart-Mfopolozirivier wat in 'n S-vorm deur die vallei loop, en agter jou is 'n natuurlike warmbron waar selfs koning Tsjaka al na bewering gebad het. Maar die groter pret is ook doer onder in die vallei: die minerale modderbad.

Die kamplek is in twee verdeel: 'n boonste terras waarop 'n paar tente kan pas, en 'n groter deel ondertoe vir woonwaens. Dis nie 'n groot kamp nie, en as dit vol is, gaan jy en jou buurman mooi moet trap om nie oor mekaar se tenttoue te val nie. En as al die staanplekke beset is, gaan hier ook nie genoeg plek wees vir almal se rygoed nie.

As jy onderlangs kamp, moet jy seker maak jy kan met

die wa om 'n haarnaalddraai pas waarvan die buitemate sowat 10 m is. So nie gaan jy die wa op die draai moet afhaak en plan maak. Hier is ses kragpunte (die gewone huisprop). Hier is so een of twee groot koelbome en nie veel gras nie, maar die staanplekke is plat. Daar is een kraan die naaste aan die swembadkant. Regoor die middelste staanplek staan gemesselde braaiplekke vir almal se gebruik.

As jou hout nat is – of as jy aan 'n ander verskoning kan dink om nie self kos te maak nie – kan jy in die restaurant langs die kroeg gaan weglê aan tjops wat iemand anders gaargemaak het. Hier is ook 'n eenvoudige winkeltjie langs 'n allemintige rotsy net voor die bron.

Van die kamplek af kronkel 'n grondpad af na die modderput toe. Dis skaars

15 minute se stap. Die modder het 'n gryserige kleur, amper soos skoon sement wat met water gemeng is. Daar's net een manier om vas te stel of dié modderbad jou tone van lekkerkry of van gril gaan laat omkrul – klim in.

Op dieselfde vlak as die kamplek, tussen die staanplekke en die ontvangskantoor, is twee warmbronswembaddens en nog een wat meer weggesteek is naby die kroeg. Langs die twee baddens is twee vertrekke gebou, elk met 'n groot vierkantige Romeinse bad. Die water hierin is die warmste van al die baddens in die oord en bevat glo 37 minerale, maar die geriewe is duidelik jare gelede gebou. Die wit vlokkies in die water is ietwat vreemd, maar volgens 'n inligtingstuk van Thangami is dit deel van die swaelneerslag wat 'n mens in die water kan sien.

Kamplek 8 plat staanplekke op 2 terrasse.

Ablusiegeriewe Basies en skoon, maar ver van die kamplek af.

Prys R160-R210 p.d. per staanplek en R65-R115 p.p.n.

Kontak ☎ 083 256 6037

✉ info@thangami.co.za

🌐 thangami.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 42 km is 'n grondpad waarvan sommige dele klipperig is en ander sinkplaat. Sleep stadig met 'n gewone wa.

GPS S28.010617 E31.305537

Weg Ry & Sleep sê Amper rof en onbeskof, maar na genoeg aan die beskawing dat jy gou in die modder kan kom spring. >





Natal-Spa-warmbron-en-ontspanningsoord

Paulpietersburg



Natal-spa is 'n bedrywige plek waar jy jou op twee groepe staanplekke kan tuismaak. Die eerste groep lê aan jou linkerkant nes jy die oord binnery, en die tweede groep is nader aan die swembaddens. Die eerste staanplekke is afgebaken en genommer, maar sowat die helfte het nie koelte nie en ook omtrent net soveel lê teen 'n helling. Elkeen van die plekke het 'n kragpunt ('n gewone driepuntprop), lig en sy eie braaiplek. Die badkamer hier is beknopt en jy het geen pakplek vir enige van jou saamdragoed nie.

Mik eerder vir die onafgebakende staanplekke 150m verder wat wel genommer is. Hier het omtrent almal koelte, hoewel van die staanplekke ook maar teen 'n skuinste uitgelê is. Die geriewe is dieselfde as die eerste groep.

Soek die kraan voordat dit donker word. Dit maak die lewe makliker en dan is jy nie môreoggend teleurgesteld oor hoe ver jy van die kraan af is wanneer jy koffiewater moet gaan tap nie.

Sommige van die staanplekke het 'n kennisgewing wat sê dis bedoel vir tente, maar die ontvangspersoneel meen dis eerder 'n riglyn om te sê jou wa gaan waarskynlik nie hier inpas nie.

Die badkamer is op 'n ongerieflike plek – dit is deel van die groot grasdakgebou langs die kampplek wat ook die kroeg en 'n winkeltjie huisves. Wanneer jy dus met jou badsakkie aanstryk storte toe, moet jy reg langs die snoepietou en die kroeg se buitesitplekke verby stap.

Die vroue het dit makliker. Hulle draai 'n paar meter voor al die verkeer af. Met ons

besoek was daar 'n paar klagtes oor die vrouebadkamers, omdat die skoonmaker blykbaar nie aan diens was nie.

Van die kampplek af stap jy verby 'n waterwurm en oor 'n knikkie rivier se kant toe – van die knikkie af sien jy 'n hele paar swembaddens. Die watertemperatuur wissel glo tussen 34°C en 44°C en is uiters alkalies.

Volgens 'n kennisgewing by die oog is die water goed vir enigets van jig tot bloedsomloop en lewerkwale. Dit lyk egter nie of die baaiers in die vier swembaddens langsaan met enige van hierdie probleme sukkel nie.

Van die warm water word ook vir die waterwurm gebruik. Jy mag geen aapstreke aanvang soos om hande te was of regop te staan nie. 'n Nylonswembroek is glo die wurm se kos.

Kampplek 30 staanplekke op gras waarvan omtrent die helfte teen 'n skuinste lê.

Ablusiegeriewe Meestal skoon en netjies. Hier is 'n groot en kleiner gebou waar jy nie veel pakplek het vir jou saamdragoed nie.

Prys R160 p.p.p.n. (R100 vir kinders 6-12; gratis vir o.6'e).

Kontak 034 995 0300 of 073 213 7242 adminsapa@goodersons.co.za
goodersonleisure.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier, maar grondpad vir die laaste entjie in die kamp.

GPS S27.527581 E30.866302

Weg Ry & Sleep sê

Bespreek vroeëtydig jou plek hier as jy van plan is om oor die vakansietyd te kom afsaal.

Sodwana-natuurreservaat- en-kampterrein

Mbazwane



Met meer as 430 staanplekke is die Sodwana-kampterrein verreweg die grootste kampterrein in die iSimangaliso-vleilandpark. Tog moet jy vinnig spring, anders gaan jy in spits-tye nie maklik plek kry nie.

By die ontvangskantoor groet staatsamptenare in netjiese uniforms jou. Teen die mure hang marlyne en swaardvisse van veselglas wat amper nes die ware Jakob lyk, en daar's omtrent 'n see van onderwaterfoto's en brosjures van allerhande doendinge in die omgewing.

Ongelukkig is die staanplekke nie so indrukwekkend soos die ontvangskantoor nie. Al is die oord skaars 20% vol, word 'n skuinserige staanplek teen die paadjie aan ons toegeken – een met min koelte, en omtrent 150 m van die naaste ablusieblok af. Ná 'n paar minute se rondry skop ons nes in 'n skaduryke

en beskutte staanplek langs 'n ablusieblok (die mense in die ontvangskantoor het nie omgee dat ons skuif nie).

Braaiplek – halwe dromme op die grond – is skaars en krane en vullisdromme staan versprei oor die kampterrein, en party staanplekke het elektrisiteit. (Dis egter nie heeltemal duidelik watteres nie.) Volgens die inligting op die Sodwana-reservaat se webwerf, het "n aantal" gewone staanplekke krag, maar die ontvangskantoor kan nie sê hoeveel nie.

Daar heers blykbaar ook verwarring oor die krag by Gwala-Gwala, 'n afsonderlike kamp: Volgens die webwerf en die oordkaart het al 33 staanplekke krag, maar toe ons by ons aankoms uitva oor die moontlikheid of 'n staanplek daar oopgegaan het, sê die mense by die ontvangskantoor, ja, maar dis een sonder krag. Hoe nou?

Die kampterrein kry wel

volpunte vir sy ablusie-, skoonmaak- en opwasgeriewe. Die 15 ablusieblokke is ruim, netjies en skoon, en die blink teëls en vloere word elke oggend vroeg skoongemaak.

Van die 4 manstorte in die blok naby ons het net 1 nog 'n storkop gehad. Hier is ook lang rye opwasbakke buite, en groot viswasbakke eenkant waar jy die dag se vangs kan regmaak vir die rooster.

Die Sodwana-kampterrein kry ook hoë punte vir sy ligging. Jy kamp 'n paar minute se ry van die hoofstrand af, en dis duidelik waarvoor kampeers hier kom afsaal. Duikpakke hang soos winkelpoppe onder die gazebo's, visstokke steek agter amper elke woonwa uit, en teen 10 vm. is die kampterrein dolleeg. Almal is water toe.

By die ingangshek is 'n Spar, die grootste supermark in die omgewing, asook 'n paar petrolpompe en 'n plek om jou gasbottel vol te maak.

Kamptrek 383 staanplekke van wisselende grootte en gehalte, en 33 staanplekke in Gwala-Gwala, 'n aparte kamp. Nie al die staanplekke het elektrisiteit nie.

Ablusiegeriewe 15 ablusieblokke versprei deur die kamp. Netjies en skoon.

Prys R95 p.p.p.n. vir 'n staanplek met krag (R85 p.p.p.n. daarsonder); R130-R640 (vir 4) in Gwala-Gwala.

Kontak ☎ 035 571 0051
✉ nontokozo.zakwe@kznwildlife.com

Hoe lyk die pad? Skaflike teerpad tot by die kamp.

GPS S27.547345 E32.678697

Weg Ry & Sleep sê

Sluit jou kos baie mooi toe. Die ape en muishonde is sommer erg hans. >





Kosibaaikamp

Manguzi



As 'n mens op 'n lug-foto na die mere kyk, tel jy vyf, waarvan die eerste die monding is. Die Kosibaaikamp lê reg op die oewer van die grootste een, Nhlangwe, wat sowat 8 km lank en 5 km breed is. Dis ook hier, in die vlak water van die monding, waar die poskaartprentjies vandaan kom van die visvangkrale wat die plaaslike vissermanne al eeue lank gebruik om kos op die tafel te sit.

Om by die Kosibaaikamp uit te kom moet jy net anderkant die dorpsgewoel van KwaNgwanase (ook bekend as Manguzi) regs draai by die kamp se aanwysingsbordjie. Nou is dit tyd vir moedhou en kophou, want die sandpaadjie dra baie verkeer, en daar is heelwat afdraaipaaie, maar geen verdere rigtingwyser na

die kamp toe nie. Jy wonder of jy nog op die regte pad is, maar druk deur en moenie omdraai nie, want dit gaan 'n gesukkel afgee op die sand.

Daar is verskeie vurke en hekke op die sandpad, maar daar is hekwagte wat jou by die kampplek sal besorg. Op die laaste ent kampplek toe vurk die pad weer; staanplek nr. 1-7 is regs en die res (tot 15) links. Staanplek nr. 1-3 front water se kant toe.

Die meer betrap 'n mens onkant wanneer dit skielik agter die rugtes verskyn. Hierdie moet sekerlik van die mooiste staanplekke in die land wees. Die vlak water is kristalhelder en strek 'n goeie 40-50 m die meer in. Al waar-sku die Ezemvelo-owerhede teen seekoeie en krokodille, meen die personeel in die ont-vangskantoor dit is tog veilig

om hier te swem – solank jy dit nie ná donker doen nie. Dis 'n heerlike plasplek vir die jong klomp, en op jou voorstoep.

Dié staanplekke is groot, en al kom jy hier aan met 'n groot boswoonwa soos 'n Xplorer, is hier hope plek. Jy moet nou wel vrede maak met sand onder jou voete, maar jy het meer as genoeg koelte, 'n gemesselde braaiplek (bring net jou eie rooster saam), 'n kraan met 'n betontrog en 'n blou woonwasok by die lig.

Kampplek nr. 4 en 5 is nie ver van die oewer af nie, maar daar is riete tussen jou en die water, en staanplek nr. 6-15 lê bo-op 'n begroeide duin. Skuins oorkant staanplek nr. 4 en 5 loop 'n houtdek deur die bosse tot jy op die waters staan. Hier is 'n bankie of twee van waar jy die sonsopkoms kan dophou.

Kampplek 15 staanplekke waarvan die meeste op sand is, en 'n paar waarop jou woonwa nie gaan pas nie.

Ablusiegeriewe Die 2 ablusieblokke is oud, netjies en silwerskoon, maar sonder 'n opwasplek.


Prys R115-R640 per staanplek vir 4 mense, afhangelend van waar en wanneer jy kamp.

Kontak ☎ 035 592 0236 of 033 845 100 📧 bookings@kznwildlife.com 🌐 kznwildlife.com

Hoe lyk die pad? Van Jozini af tot by die T-aansluiting (38 km) is dit teer, maar die pad is nogal vol slaggate. Van hier af tot by KwaNgwanase (65 km) is dit mooi teerpad. Die laaste 6,7 km is sand – nie vir 'n gewone kar wat sleep nie.

GPS S26.956401 E32.824725

Weg Ry & Sleep sê Staanplek nr. 1-3 langs die meer is van die mooiste kampplekke in die land. 📍



Boereplaas-vakansieoord

Vryburg



Die groot vereiste vir 'n plek wat hom as 'n gesinsoord bemark, is dat elke lid van die gesin hier gelukkig en tevrede kan kamp. By Boereplaas buite Vryburg is daar nie te kort aan doendinge nie. Die swemgedeelte hou kers vas by groter en bekender oorde en jy sal jou spruite in die somermaande selde sien as hulle eers ingedui het.

Die swemplek bestaan uit 'n groot swembad en twee swembaddens vir die kleintjies. Die kroonjuweel is egter die meneer van 'n glyplank wat tot in die groot swembad loop. Dié is om 'n grasdakgebou gepraakseer en jy klim met die trappies aan die agterkant van die gebou op en gly dan aan die voorkant af tot in die water.

Links van die swembad is 'n groot klimraam, 'n minigholfbaan en braaiplekke. Die kiosk is ook in dié deel van die oord en jy kan hier kom aanklop vir

'n wegneemete, 'n roomys of 'n koue koeldrank.

Die kampterrein lê aan jou regterkant soos jy by die oord se groot hek inry. Die staanplekke is nie afgebaken of genommer nie, maar 'n mens skat hier is plek vir minstens 20 waens. Jy slaan jou kamp op gelyk groen gras en onder welige bome op, en hier is heelwat koelte in die grootste deel van die kampterrein.

Op die meeste staanplekke het jy 'n kniehoogte baksteenbraaier, en die meeste van hulle het hulle eie rooster wat nog in 'n taamlike goeie toestand is. Die waterkrane staan deur die kamplek versprei en jy kry kry 'n kragpunt (die gewone huissok).

Buite die kampterrein is nog 'n speelparkie met 'n klimraam en 'n bielig van 'n glyplank. As jy 'n ogie oor die kinders wil hou, is dit die plek om hulle te laat speel terwyl jy die kos regkry. As jy moeg is om die

een te wees wat almal bedien en vir 'n slag bedien wil word, kan jy koers kies restaurant toe. Dit is by die ontvangskantoor langs die kroeg. Kry iets kouds in die hand en daag jou swaer uit vir 'n potjie veerpyltjies of *pool*. Hier kan jy ook, as jy regtig wil, kyk of die Springbokke die pyp rook.

Gepraat van Springbokke...

As jy na dié wil gaan kyk wat nie teen Japan verloor nie, kan jy met die mense by die ontvangskantoor gesels oor 'n wildrit. Hier is verskeie wildspesies soos gemsbok, springbok, hartbees, blesbok en blouwildebees waarna jy kan gaan soek. En as jy fluks voel, is hier ook staproetes.

Wanneer jy terug by jou wa kom en jou tande moet gaan borsel, kies koers na die ablusieblok aan die linkerkant van die kampterrein soos jy inry. Dit is een gebou met aparte geriewe vir mans en vroue, en dis skoon en netjies.

Kamplek Onafgebakende staanplek vir sowat 20 waens, die meeste met koelte, 'n betonbraaier, vullisdrom en gedeelde krane.

Ablusiegeriewe

1 ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys R190 per staanplek vir 2 mense.

Kontak 053 927 4462 of 082 494 4441

boereplaas.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S26.787588
E24.785191

Weg Ry & Sleep sê Hier is 'n toegeruste woonwa en twee tente as jy mense wil saamnooi om hulle aan die kamplewe voor te stel. >



Umfula-oord

Parys



Umfula is die Zoeloe-woord vir "rivier" – hier kamp jy op die boomryke oewer van die breë Vaalrivier wat voor jou verby vloei. Jy kan egter nie sommer net opdaag nie. Jy moet lief's 'n maand voor die tyd bespreek.

Dis nie omdat hier min staanplek is nie; trouens, daar is altesame 38 staanplekke en as jy nie op 'n betrokke naweekplek kry nie, is dit eerder 'n aanduiding van presies hoe gewild die kampplek is.

Die meeste van die staanplekke is op kikoejoe, in die koelte van inheemse bome. Hier en daar, soos by staanplek nr. 12, 15, 16 en 23, gooi die bome soveel koelte dat die gras nie behoorlik kan groei nie. By vyf van die staanplekke (nr. 17, 18, 29, 32 en 33) is daar nie koeltebome nie, en as jy nie jou sonroom ingepak het nie, gaan jy behoorlik braai... van vroeg tot laat.

Hier by Umfula is hengel meer as net 'n bysaak. Die oewer staan vol visstokke en hengelaars stap gereeld af water toe om te kyk of daar al iets aan die hoek is. As jy hierheen wil kom om vis te vang is die oewerstaanplekke, nr. 11-15, die beste opsie.

As jy jouself heeltemal eenkant wil hou en nie omgee om 'n entjie te stap tot by die ablusieblok nie, is nr. 34-38 vir jou. Hier kan jy van jou stoep af hengel, maar skaduwee is skraps. Staanplek nr. 2 en 3 is die grootstes en van hulle af het jy 'n uitsig oor die veld.

As die hele familie kom saam kamp, is staanplek nr. 20-24 'n goeie plek om laer te trek.

Vier van die kampplekse vyf buitekrane is by die braaiplekke. Die ander kraan is buite die ablusieblok. Die staanplekke deel vier-vier 'n kragpunt en lig, en 'n verlengkoord van 20m is lank genoeg om krag tot by die

staanplek die verste van die kragpunt af aan te lê.

As jy met jou rug na die rivier toe staan, is die ablusieblok, met aparte badkamers vir mans en vroue, regs bo in die kampplek.

Die badkamers is 'n siersteengebou met teëls in die stort- en badhokkies en bo die wasbakke.

Bo by die ingangshek is die onspanningsgedeelte waar jy kan swem en kuier terwyl die kroos speel.

In die kroeg by die ontvangskantoor kan jy op die grootskerm kyk hoe jou span hulle opponente kafdra. Hier is drie swembaddens bymekaar: 'n kinderswembad wat minder as twee liniaallengtes diep is, een wat effens dieper is, en die groot swembad wat sowat 1,2 m diep is.

Naby die kroeg is daar ook 'n springkasteel, trampolien, klouterraam, vlugbalbaan en minigholfaan.

Kampplek 38 staanplekke op gras met krag. Braaiers en krane is ver van sommige staanplekke. Vullisdromme word gedeel.

Ablusiegeriewe

1 ablusiegebou met aparte badkamers vir mans en vroue. Die storthokkies is klein.

Prys R400 p.n. vir tot 6 mense (R300 p.n. in die week).

Kontak ☎ 082 312 4123

✉ info@umfula.net

🌐 umfula.net

Hoe lyk die pad? Teerpad. Die laaste 700 m tot by ontvangs is goeie grondpad.

GPS S26.86228 E27.46855

Weg Ry & Sleep sê

Bespreek vroegtydig, anders gaan jy nie plek kry nie. >



Klein Paradys Caravan Park

Geleë naby aan Pretoria en Johannesburg. Klein Paradys is 'n ideale wegbreekplek vir karavaantoeriste wat graag uit die stad wil kom en die skoonheid van die natuur wil herontdek. Stap deur die oord se eksklusiewe tuin van Eden. Weelderige plantegroei, rustige damuitsigte, vermaak en puik fasiliteite vir die kinders sal verseker dat jy weer verklik en vars sal voel. Plons in die koue en verhitte swembaddens en

moenie jou raket vergeet vir 'n potjie tennis nie. Roei op die dam, vang 'n grote van die damwal af op die weelderige grasperk met rustige uitsigte oor die dam. Daar's baie om te doen vir kinders, wat 'n glygeut, speelgrond kano's, trampoliens, tennisbane, mini-gholf, sprinkelpark, skaak en spoedglybaan insluit.

GEEN troeteldiere toegelaat.
Dagbesoekers baie welkom.

Kontak die oord vir enige navrae • Die oord is toe in Junie en Julie.
(kantoor is nog oop)

012 252 1938 / 012 252 4625 • bookings@kleinparadys.com

www.kleinparadys.com



BUSH 'N BUCK PRIVATE GAME FARM

PRIVAAT WILDSPLAAS



Breek weg vir 'n naweek

- 15 selfsorgeenhede (6 van die chalets het elkeen 'n private Jacuzzi)
- 58 karavaanstaanplekke is met gras bedek en elektries omhein
 - 2 kouewater-swembaddens, 1 warmwater-swembad onderdak en 1 kinderswembad.
 - Mini-gholf, tennisbaan, vlugbal, gholf-oefenbof.
 - 9 wildspesies wat besigtig kan word, per fiets of met gholfkarretjie wat te huur is @ R100.00 per uur vir 2 persone
 - Wye verskeidenheid van voëls te sien vir die voëlkyker



Tel. 082 772 4747 • Faks 086 238 9577 • www.bushnbuck.co.za





ATKV-Buffelspoort

Mooinooi



Die kampplek met die Magaliesberg in die agterplaas is stampvol oor naweke, maar terwyl die son skyn, sien jy nie 'n siel tussen die woonwaens en tente nie. Van die kampplek af is dit eenrigtingverkeer vir voetgangers, reguit water toe.

Die blou glasveselwaterwurm klonkel byna twee verdiepings hoog die lug in en elke paar sekondes spoeg die waterbaan 'n mens in die vlak swembadje by sy onderpunt uit. Soos wat die son sak, pak die swemmers die groot migrasie terug kamp toe aan.

Hier is vier kampe - A, B, C, en D. Die Sterkstroomspruit verdeel die kampterrein in twee, en soos jy van die ontvangskant af inry, lê kamp A en B regs en links voor die spruit en C en D aan die oorkant. Die D-kamp se 30 staanplekke is elkeen onder 'n skadunet.

Al die staanplekke in die oord is geplavei (nie almal waterpas nie), met 'n kraan by die kragpunt ('n driepuntpropsoort in die C-kamp en die blou woonwag by die res). Elke staanplek het ook sy eie staalbraaiplek; hou in gedagte die braai se voete is in beton vasgegiet wanneer jy kamp opslaan. Die meeste van die braaiplekke staan ongemaaklik naby aan die pad voor jou staanplek.

Hier is baie bome in die kampterrein, maar nie al die staanplekke kry ewe veel skaduwee nie. Buiten vir die stuk plaveisel, is die res van die kampoppervlak grond - hier is omtrent geen gras by die staanplekke nie.

Elke kamp het sy eie ablusieblok, en in die A-kamp is daar twee. Dit is netjies, en die klein storthokkies het elkeen 'n swaaideur van glas. Tussen die mans- en vrouekant is opwasgedeeltes.

Reg langs die grootpad lê 'n negeputjiegholfbaan. Dit is 'n plat stuk aarde met lieflike setperke en steel 'n hoekie van die 63 ha-oord. Onthou om jou eie stokke te bring. Die 18 putjie-minigholfbaan is net voor die onderdakwarmwater-swembad oor 'n paar terrasse onder koeltebome uitgelê. Kampeers speel gratis.

Die kinderplaas is oorkant die gholfbaan, maar dit word nie goed aangedui nie.

Die oord het 'n grasdakgebou met ses borrelbaddens in. Jy mag saam met drie vriende, of nog een volwassene en drie kinders op 'n slag in 'n bad sit en week.

Die onderdakwarmwater-swembad lyk of dit 'n groot skool se kinders op een slag kan vat. Aan die verste kant is 'n vlak plasplek vir die kleintjies en in die middel aan die kant van die diep swembad is 'n toestel wat gestremdes in en uit die water help.

Kampplek 250 staanplekke in 4 kampe.

Ablusiegeriewe 6 ablusieblokke. Die badkamers is netjies en die klein storthokkies het elkeen 'n swaaideur van glas.

Prys Buite seisoen: R204 p.p. p.n.en R513 oor naweke (R248 en R571 met skadunet). Tussen R612 en R825 tydens onderskeie vakansies.

Kontak ☎ 014 572 1000

✉ buffelspoort@atkv.org.za

Hoe lyk die pad? Teer.

GPS S25.76163 E27.48691

Weg Ry & Sleep sê Dit is 'n gewilde oord naby Gauteng waar jy en hope kampeers een ding in gemeen het: om met 'n swembroek en 'n dik laag Coppertone te kom ontspan.

Bosveld-Oase

Brits



Sommer onmiddellik nadat jy deur die Bosveld-Oase se hek ry, sien 'n mens die eerste teken daar dat dit tyd is om dinge rustiger te vat. Die bordjie wat die 15 km/h spoedgrens aandui, staan by die hek en die spoedgrens geld regdeur die kamp.

Die kampterrein is net groot genoeg om nie te besig en beknop te wees nie, en net klein genoeg om steeds 'n lekker atmosfeer te hê.

Die meerderheid van die 51 staanplekke lê in 'n halwe sirkel weerskante van twee geplaveide paaie terwyl die res langs die onderste punt van die halwe sirkel lê.

Die dik mat kikoejoegras is elke kampeerder se droom. Elke staanplek plus die kuierdele om die swembad-dens het lowergroen gras.

By elke staanplek is 'n halwedrombraaier of 'n ronde ploegskaartipe, elkeen met

'n rooster. As jy saam met 'n klompie vriende kom kamp en baie tjoppies moet braai, vra sommer by voorbaat vir 'n drombraaier.

Die meeste kragpunte is nie verder as 20 m van die staanplek af nie, maar hier en daar is 'n plek waar jy jou ekstra verlengkoord gaan nodig hê. Elke staanplek het ook sy eie groot vullisdrom met 'n swartsak binne en 'n toeknipdeksel. Van die oord se personeel kom maak die dromme en braaiers elke oggend skoon.

Hier is twee ablusieblokke – 'n kleiner een tussen die warm en koue swembad, en 'n groter een aan die bopunt van die kamplek. Elkeen het 'n mans- en vrouekant met 'n gesinsbadkamer en opwasplek tussenin.

Hier is 'n koue buitelugswembad en 'n verhitte een onderdak as jy wil lyf natmaak. Die verhitte swembad se water kom nie uit 'n na-

tuurlike bron nie, maar word verhit tot 32°C – jy kan jou maklik verbeel jy is in 'n eksotiese Turkse bad.

As jy genoeg gehad het van lyf natmaak, kan jy oorstap na die dammetjie en gaan lyn natmaak. Hier kan jy karp, kurper en swartbaars vang, maar jy moet hulle teruggooi.

Aan die oorkant van die ontvangsgebou is 'n restaurant en kroeg. Die kroeg het 'n grootskermtelevisie met DSTV sodat jy nie daai kritiese Superrugbywedstryde hoef mis te loop nie.

Buiten gewone snoepie-items soos koeldrank, roomys, lekkers en tjips, hou die kampwinkeltjie by die ontvangskantoor ook bevrore vleis en noodsaaklike kruideniers- en toiletware aan, ingeval jy iets vergeet het.



Kamplek 51 groot, gelyk staanplekke met krag en dik kikoejoegras en heelwat bome.

Ablusiegeriewe Skoon, geteelde vloere en mure en groot storte.

Prys R350 (buite seisoen) tot R630 p.n. per staanplek vir 6 mense in seisoenstyd. 'n Eenmalige administrasietarief van R50 word gehef.

Kontak ☎ 072 215 2114

✉ info@bosveldoasebrits.co.za

🌐 bosveldoasebrits.co.za

Hoe lyk die pad? Die N4-snelweg tot by die Brits-afrif het van Pretoria af twee bane wat later 'n enkelbaantweerigingpad word. Daar is twee tolhekke op die snelweg. Ná die Brits-afrif is dit 'n enkelbaantweerigingteerpad sonder 'n skouer, met die laaste 1,3 km goeie grondpad.

GPS S25.52615 E27.82616

Weg Ry & Sleep sê

Bosveld-Oase is 'n gesinsoord, maar hengelaars sal dit ook geniet hier. >





Klein-Paradys

Brits



Dit klink te goed om waar te wees: 'n Oord met die naam "Klein-Paradys", skaars 'n uur se ry van die stad af. Maar al hoef jy nie ver te ry van Pretoria of Johannesburg af nie, voel dit of jy sommer myle ver weg is van jou alledaagse lewe met al sy probleme.

Die gewone staanplekke is aan die kant waar jy die oord binnery, maar die spogbuurt lê aan die ander kant van die water. Hiér het elke staanplek sy eie badkamer. Die private badkamers word gehuisves in vyf geboutjies met die staanplekke tussenin.

Die gewone staanplekke is ook geen rede tot klagte nie. 'n Groot ablusieblok staan omtrent in die middel van die kampterrein. Hier het jy nou wel nie jou eie spieël en wasbak nie, maar die badkamer het marmerblaaie met ordentlike wasbakke en ruim storthokkies.

'n Ekstra gerief langs die groter badkamer is 'n klein gebou wat twee gesinsbadkamers huisves en ook geskik is vir mense in 'n rolstoel. By elke badkamer is daar 'n inrystort, bad, toilet en wasbak.

Aan al twee kante van die dam het elke staanplek sy eie plaveisel, plus 'n losstaande braaier met 'n rooster. Jy het ook 'n kragpunt (driepuntsok by die gewone staanplekke; blou woonwasok by die private badkamers) en 'n kraan naby. En omtrent elke staanplek het sy eie lappie groen gras.

Hengel is sinoniem met Klein-Paradys – as jy dus lus voel om 'n swartbaars aan die hoek uit te trek, of dalk 'n karp, gaan jy hier jou kans kry. As jy eerder bo-op die water wil rondry, kan jy 'n kajak nader trek. Hier lê hordes van hulle aan wal wat jy en jou gesin kan gebruik net wanneer julle wil.

Op die punt langs die gewone staanplekke is twee

swembaddens – een koud en een warm. Die kunsmatige rotse rondom die swembaddens skep 'n pragtige atmosfeer – dit kon net sowel die ware Jakob gewees het.

As 'n mens een ding by 'n oord kan uitsonder wat amper soos 'n koorspen die ware welstand van die plek meet, is dit die toestand van die minigholfbaan. By baie oorde staan hulle net en verweer in wind en weer, maar by Klein-Paradys kan ander oordeienaars gerus maar met die oë kom steel. Hier is ook 'n tennisbaan langsaan.

As jy verder stap van die minigholfbaan af, kom jy by 'n omheinde tuin uit. Dis Klein-Paradys se Tuin van Eden. Lowergroen grasperke lê voor jou, onder welige kareebome en 'n oorvloed varings.

Oorkant die ou swembaddens is 'n winkeltjie waar jy die nodigste kan koop: van die dag se koerant tot roomys.

Kampplek 61 gewone staanplekke met koelte en gras – 20 onder skadunet en 20 met eie badkamers. **Ablusiegeriewe** Netjies en skoon.

Prys Gewone staanplekke: R980 per naweek (4 mense). R640 per staanplek in vakansietyd. Staanplekke met 'n eie badkamer kos R1 260 per naweek. Langnaweke en skoolvakansies: R810 p.n.

Kontak ☎ 012 252 1938
✉ bookings@kleinparadys.com
✉ kleinparadys.com

Hoe lyk die pad? Die laaste 500 m is grondpad.

GPS S25.508998
E27.734931

Weg Ry & Sleep sê
'n Veilige kampplek naby die stad, met hope te doen vir die hele gesin.

Dube-reservaat

Brits



Wanneer jy deur Dube se hoofhek ry, weet jy dadelik jy is in die Bosveld... wildwêreld. Die grondpaadjie na die kampplek toe kronkel deur ruie veld en dis asof die Bosveldbome vir jou 'n erewag vorm.

'n Motorhek hou die wild buite die kampplek, en rondom die 130 staanplekke – wat 'n netjiese binnesirkel maak – is 'n elektriese heining.

Die kamp is teen 'n effense helling uitgelê, en sommige van die staanplekke is meer skuins as ander.

Jy kan die kamp in drie verdeel: Die plekke links is sonder gras; in die middel is 'n deel wat kol-kol gras het; en op die onderste gedeelte die naaste aan die kouewater-swembad groei die kikoejoe welig. Die grasstaanplekke is die gewildste – hier staan die

ouens bankvas onder van die grootste bome in die kamp. Maar as jy hier wil staan, moet jy vroeg wees, want jy kan nie vooraf 'n spesifieke staanplek bespreek nie.

Die meeste van die staanplekke het 'n mate van koelte in die somermaande en almal 'n blou woonwasok vir krag. Jy het 'n losstaande braaier met 'n rooster, en jou kraan en vullisdrom (wat jy met jou bure deel) is naby.

Dube het vyf ablusieblokke wat in grootte en uitleg verskil, maar almal het die basiese dinge: storte met glasdeure en spieëls, wasbakke met spieëls en hake, rubbermatjies en 'n plastiekstoel of bankie vir jou pakkaas. Die ablusieblokke is deurentyd skoon en jy kry luukses soos vloeiende handseep by die wasbakke. Die vertrekke is afgerond met marmerblaaie – selfs by die

opwasplek vir jou skottelgoed. (Hier is ook 'n hoekie ingerig waar jy swartpote en roosters kan skoonmaak.)

As jy by Dube verveeld raak, is dit jnet ou eie skuld, want as jy al die aktiwiteite in die oord op die proef moet stel, gaan daar min tyd wees vir stilsit.

Die deel om die kouewater-swembad, op die punt die verste van die ingang af, is 'n lekker uitspanplek as die son die kwik opjaag. Kinders sê nie sommer nee vir die lafenis nie, terwyl Pa-hulle rustig op 'n lêstoel in die son kan lê en bak.

Die swembad is rond en in twee verdeel: 'n groter kant wat 1,5 m diep is, met die ander kant omtrent 'n meter. Rondom die swemplek is plaveisel en 'n stukkie nagemaakte gras wat laatmiddag 'n bietjie koelte kry.

Die onderdakswembad-kompleks lê aan die linkerkant net nadat jy deur die hek ry.

Kampplek 130 staanplekke met bome, krag, plek-plek gras, en losstaande braaiers.

Ablusiegeriewe 5 ablusieblokke – silwerskoon met marmerblaaie by die wasbakke en teëls tot teen die dak.

Prys R400-R600 per staanplek (4 mense).

Kontak 073 171 8331

info@dubegame.co.za

dubegame.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad met effense sinkplaatdele.

GPS S25.474484
E27.810585

Weg Ry & Sleep sê Dube het vier sterre van die graderingsowerheid. >





Bush 'n Buck

Brits



Die kampelek by Bush 'n Buck is só netjies 'n mens wil skoon krielwrig raak. Die staanplekke is weerskante van twee reguit paaie, netjies langs mekaar soos 'n wafferse kompanie soldate.

Die ontvangsgebou is net links van die ingangshek. Die staanplekke is netjies afgebak met kniehoogte stompe wat in die grond geplant is.

Elke staanplek het 'n eie kraan. (Van die krane is gemerk vir drinkwater en ander vir tuinwater.)

Elke staanplek is duidelik genommer langs 'n lig op 'n hoë paal, en elkeen het 'n los staalbraai en vullisdrom. Die lieflike groen gras is netjies geknip as 'n troepie se poenskop ná sy eerste kennismaking met die weermag se

haarkappers. Die bome is klein en net staanplek nr. 11 het 'n ordentlike koelteboom. Hier is vier badkamers reg oor die kampelek versprei – dit maak nie saak waar jy kamp nie, jy is altyd binne loopafstand van 'n badkamer. (Hier is nie simbole vir mans en vroue nie; al vier badkamergeboue bestaan uit 'n klompie private gesinsbadkamers – vier van hulle het baddens en die res storte.) Elke badkamer het sy eie donkie wat sorg vir warm water en daar is ook 'n opwasplek langs elkeen van die badkamers.

Daar is 'n algehele ryverbod in die oord. Jy mag met jou kar tot by jou kampelek ry, maar nie verder nie; ook nie om te gaan wild kyk nie.

Langs die ontvangsgebou is 'n lang gebou vol gholfkaretjies. Elkeen is by 'n muurprop

ingeprop om die batterye te herlaai. As jy wil gaan rondrits, moet jy een van dié karetjies huur. Jy bespreek dit by die ontvangsgebou.

Wanneer jy by die karetjie-

garage kom, staan jou karetjie sommer al reg en jy ontvang 'n les van 'n halwe minuut. Die gholfkaretjie ry soos 'n outomatiese kar – regs is die versneller en links die rempedaal.

Kampelek 47 plat staanplekke op gras met krag (driepuntprop) en min koelte.

Ablusiegeriewe 17 private badkamers naby aan al die staanplekke.

Kontak ☎ 082 772 4747

✉ info@bushnbuck.co.za

✉ bushnbuck.co.za

Prys R410-R480 per staanplek (met 5 mense). Pensioentrekkers en kinders kry afslag.

Hoe lyk die pad? Dis teer-


pad tot by die oord. Wees net gewaarsku: Die R511 en die ou Thabazimbipad ná Manzi Maningi is vrot van die slaggate. Binne-in Bush 'n Buck is dit verder grondpad, maar baie mooi.

GPS S25.374499 E27.587810

Weg Ry & Sleep sê 'n Stil kampelek sonder tierlantyntjies waar die personeel elke kampeerder op die hande dra.

Mountain Sanctuary-park

Mooinooi



As jy die N4 van Pretoria na Rustenburg vat, lê die Magaliesberg die hele pad lank links van jou uitgestrek. Net verby Mooinooi draai jy af berg se kant toe, verby die Buffelspoortdam, en 10 km verder draai die Maanhaar-randpad af na die Mountain Sanctuary-park.

Die laaste 6 km na die park is grondpad wat goed sinkplaat gery en op plekke sanderig is. Met 'n gewone woonwa gaan jy op eiers moet aankruie om alles heel te hou. As jy 'n swaargelaaiete wa sleep met 'n kar wat met die voorwiele trek, kan van die steiltes teen die berg uit jou ook kniehalter. Maar, net voor jy dink jy kom nie die laaste bultjie uit nie, is jy by die ontvangskantoor.

Stap vooraf deur die kampplek om te kyk waar jy wil staan. Van die staanplekke is op gras en ander op harde grond. Die meeste is met

regop geplante pale afgebaken; elk ook met 'n nommer.

As jy staanplek met krag wil hê, moet jy mooi uitsoek. Ongeveer in die middel van die kampplek is twee kragpaaltjies, elk met vier driepuntsokke op.

'n Handjie vol van die staanplekke het koelte en by elkeen is 'n aapbestande vullisdrom en 'n drom vir glas. Al die staanplekke het braaiers met roosters, maar die krane moet jy deel.

Die badkamers is agter die kantoor by die ingang na die kampplek. Op die punt van die lang gebou is toilette en aan die een kant van die blok is vier klein badkamertjies op 'n ry vir die mans en aan die ander kant die vrouebadkamers. Die klein badkamers het elk 'n toilet, wasbak en spieël.

Die uitsigte oor die Magaliesberg is die groot attraksie hier. Links van die ingang na die staanplekke begin een van die staproetes.

Jy kan met die betaalslag by die kantoor vir 'n voet-slaankaart vra. Aan die begin van die voetslaanpad virk die pad regs na Grotto (grotte) en links na die Slide Pools (glykklippe). Die mooiste roete is om eers tot by die glykklippe en daarna tot by die grotte te stap. Die paadjie is duidelik tot jy by die glykklippe aankom. Van hier af word die paadjie onduidelik en jy moet stroomlangs hou tot by die grotte.

Soos jy vorder, word jy deur uitsonderlike rotsformasies en natuurtonele omring. Hier is poele in die stroom waarin jy kan plons in die somerdae en 'n Rest Camp-bordjie wys vir jou die pad bergaf terug na die kampplek toe.

Die Grotto is nou reg voor jou, in 'n digbegroeide seur in die berg.

Dis 'n klein oerwoud met groot poele, en as jy kos saamdra, kan jy hier die pieknietafel dek met 'n natuurgordyn om jou.

Kampplek 30 staanplekke met min koelte; die meeste afgebaken.

Ablusiegeriewe Private badkamers vir mans en vroue.

Prys R140-R190 p.p. in die week (R70-R100 vir kinders o.12); R500 vir 2 mense per naweek en R700 met krag; R140-R190 ekstra vir die volgende volwassene.

Kontak ☎ 014 534 0114

✉ owen@mountain-sanctuary.co.za


🌐 mountain-sanctuary.co.za


Hoe lyk die pad? Die laaste 5,8 km is 'n slegte grondpad met steil bulte.

GPS S25.835916
E27.475830

Weg Ry & Sleep sê

Jy gaan spyt wees as jy nie jou kamera ingepak het nie.





Tshikwalo-lodge

Hammanskraal



Die Tshikwalo-lodge is in die Dinokeng-reservaat en die kampterrein 'n plek waar jy ná 'n dag se wildryk jou vuur bou, 'n koel lafenis in die hand kry en die natuur in stilte geniet terwyl die kinders in die swembad baljaar.

Die kampterrein se 25 staanplekke is om 'n sirkelpad uitgelê, en jy kamp oorwegend op gras en in die meeste gevalle onder die koelte van tambotiebome. Van die agterste staanplekke se koelte is skrapser; probeer voor kamp, nader aan die swembad of in die binnekring.

Die staanplekke is groot genoeg vir 'n Exclusive, maar op sommige van hulle hang die boomtakke laag en jy sal mooi moet kyk wanneer jy intrek om nie jou wa seer te maak nie. Elke staanplek het 'n gewone huissokkragpunt terwyl jy 'n kraan en vullisdrom met drie van jou bure

deel. Jy kry jou eie staalbraaier met 'n verstelbare rooster.

Die lodge bied wildritte aan, maar as jy nie op 'n wildrit is nie, gaan jy – veral in die warmer maande – waarskynlik die meeste van jou tyd in en om die swembad deurbring. Die aspirant-Chad le Clos in jou gesin sal nou wel nie hier kan oefen vir die 100 m-vlinanderslag nie, maar die water is blou en skoon en jy kan ordentlik afkoel.

Rondom die swembad is leunstoel en sonsambrele waar jy agteroor kan sit en 'n skelm middagslapie deurwerk terwyl die res van jou gesin in die water baljaar.

Vir badtyd staan die ablusieblok links van jou soos jy by die oord inry; dié siersteengebou het aparte geriewe vir mans en vroue.

Die badkamers is netjies geteël van die vloer tot teen die dak en dit word goed onderhou en daagliks skoon-

gemaak. By die mans is vier storte, vier wasbakke met spieëls, drie toilette en twee urinale. Die vroue het ses storte, een bad, ses wasbakke met spieëls, ses toilette, een vollengte spieël en 'n hoekie waar jy jou hare kan droogblaas en jou gesig kan inkleur. Jy stort agter 'n stortgordyn en elke storthokkie het 'n bankie en hake agter die deur.

'n Mens is nie altyd lus vir kosmaak nie, veral nie as jy heeldag op die spoor was van Dinokeng se olifante nie. By Tshikwalo se restaurant kan jy jou op 'n dek kom tuismaak wat op 'n watergat uitkyk en iets te ete en drink geniet.

Die restaurant bedien drie etes per dag, alles van die spyskaart af. As die koeldrank op is of jy is lus vir 'n vinnige roomys langs die swembad, sal jy by die ontvangskantoor geholpe raak. Hulle verkoop ook hout en ys hier.

Kampplek 20 staanplekke met 'n staalbraaier met 'n rooster, kraan en kragpunt. 5 staanplekke het nie elektrisiteit nie.

Ablusiegeriewe 1 groot ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue. Skoon en netjies.

Prys R650 per staanplek (6 mense). R200 ekstra as jy jou lugreëling wil aanskakel.

Kontak ☎ 060 988 0990 of 010 594 0457 📧 reservations@tshikwalo.co.za 🌐 tshikwalogamelodge.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 1 km is 'n goeie grondpad.

GPS S25.368917 E28.345050

Weg Ry & Sleep sê
Jou vriende en familie kan vir die dag kom kuier teen R100 p.p.

Willemsrus

Hamanskraal



Willemsrus se kamphek is sowat 12 km binne die Dinokeng-reservaat se hek – die eerste 10 km is teerpad, maar dan tref jy grondpad, waarvan die eerste deel 'n stamperige sinkplaatpad is.

Die ligging van elkeen van die 25 staanplekke is met sorg gekies. Die bestuur het besluit om die veld so min as moontlik te versteur en die grasveld en bome tussen die staanplekke te behou. Baie staanplekke word met die uitsondering van die toegangspaadjie heeltemal omring deur grasveld – dis om die bosgevoel te behou. Hulle het ook alle uitheemse bome uitgehaal en vervang met inheemse bome soos wil-desering, papierbas, wildevy, apiesdoring en huilboerboon. Hulle plant ook voortdurend nuwe bome aan.

Die 10 x 10 m-staanplekke het almal gras en elkeen het sy

eie bekoring. As jy die skoon-familie saambring, is nr. 24 net die plek. Dié is groter as die ander en drie woonwaens kan hier staan. Die swembad is naby genoeg sodat jy 'n ogie kan hou terwyl die kleingoed in die water baljaar. Dié staanplek het ook sy eie boma.

Die staanplekke langs die draad het 'n goeie uitsig oor die veld, en jy kan die wild van jou stoep af dophou. As jy verkies om naby ablusiegeriewe te kamp maar nietemin 'n bietjie privaatheid wil hê, is staanplek nr. 17 jou beste keuse. Nr. 4, 5 en 6 het grasveld rondom en jy het 'n uitsig oor een van die twee watergate, maar hier is geen koelte nie. Nr. 14 het wel 'n bietjie koelte en kyk uit op die ander watergat. Dinokeng se olifante kom maak gereeld 'n draai by die watergate.

Staanplek nr. 18 en 19 is lekker privaat agter die eerste ablusieblok, terwyl nr. 1, 2 en

3 'n buitestort deel – hier is ook 'n boma tussen die bome. Staanplek nr. 2 het die beste uitsig en die meeste privaatheid van die drie. Staanplek nr. 7 het die beste van drie wêrelde, want hier is privaatheid, koelte én jy staan in die hoek reg langs die grensdraad.

Die staanplekke het almal 'n kragpunt met 'n blou woonwasok, 'n kraan, 'n braaier op wiele met 'n rooster, en 'n vullisdrom. 'n Verlengkoord van 20 m sal voldoende wees.

Die swembad is in die middel van die kampterrein, regoor die ontvangskantoor. Hy't nou nie Olimpiese afmetings nie – net 5 x 15 m. En die vlak kant is maar 50 cm diep – heel veilig vir die kleingoed – terwyl die diep kant 1,35 m is.

Willemsrus se ablusieblokke is só luuks jy kan jou maklik verbeel jy het by 'n deftige hotel ingeboek. Die twee ablusieblokke, waarvan nr. 1 die groter een is, het dieselfde afwerking, binne én buite.

Kampplek 25 staanplekke met gras, gedeeltelike skadu, krag, braaiers met roosters, krane en vullisdromme.

Ablusiegeriewe 2 luukse ablusiegeboue met aparte geriewe vir mans en vroue.

Pryse Gewone naweke R490 p.n.; langnaweke en skoolvakansies R590 p.n. (hoogstens 4 mense). Die bomastaanplekke is onderskeidelik R470 en R590. Kontak hulle vir tariewe in die week.

Kontak ☎ 081 702 2989


✉ info@willemsrus.co.za

🌐 willemsrus.co.za

Hoe lyk die pad? Meestal teerpad. Die laaste 3,5 km is grondpad waarvan 2 km sinkplaat is met skerp klippe.

GPS S25.369199 E28.386670 (ontvangskantoor)

Weg Ry & Sleep sê Die kampplek is goed uitgelê met 'n bosgevoel en werklik luukse badkamers. ➤





Dinokeng-oord

Hammanskraal



Die Dinokeng-oord is een van daardie plekke waar jy jou kinders net by jou staanplek gaan sien as hulle honger is. Dis 'n veilige omgewing waar jy hulle met gemoedsrus saam met die ander kinders in die oord kan laat speel terwyl jy jou tamaai blokraaiselboek takel of jou wildfoto's op Facebook laai.

Met die swembaddens, waterglyplank, trampoliens en klimrame gaan kinders nie maklik verveeld raak nie.

Hier is 40 genommerde staanplekke wat in amperse blokke oor die kampterrein uitgelê is. Die meeste van die staanplekke het gras en koelte, maar daar is tog sommige waar jy in die son staan. Die eienaars het kaaft- en koersbome geplant, maar dié boompies is nog jonk.

By die meeste staanplekke is daar struik tussen jou en die bure wat vir 'n mate van

privaatheid sorg. Jy gaan jou buurman egter vanaand in die oë moet kyk omdat julle die betonbraai tussen julle staanplekke deel. Jy staan diékant en braai en hy aan sy kant, en elkeen het sy eie rooster. Die pakplek om die braaier raak skraps as albei van julle gelyk braai; sit dus 'n klein kamptafel langs jou neer.

Op jou staanplek kry jy ook 'n betontafel en -bankies waar jy en jou gesin kan aansit.

As jy en 'n klomp vriende saam kamp – of daar sak een van die berugte donderstorms uit – kan jy jou vuur gaan maak in die gemeenskaplike braaiplek in die lapa by die swembad. Hier is gawe braaiplek met roosters en selfs houtbankies wat van dwarsleërs gemaak is.

As jou kop die volgende oggend te swaar is om die skottelskaar aan te steek, kan jy jou gesin by die oord se restaurant gaan bederf met

'n ontbyt. Hier word geregte soos spek en eiers voorgesit vir die allerbelangrikste maaltyd van die dag.

Jy kan ook by die restaurant vir jou bykosse soos paptert, slaai of pap-en-sous vir jou braaivleis bestel. Reël dit met die ontvangspersoon wanneer jy jou kampplek bespreek.

Hier is drie ablusieblokke in die kampterrein, en vier private ablusieblokke is net anderdag klaar gebou.

Die grootste ablusieblok, met aparte badkamers vir mans en vroue, is by die swembadkompleks. Dié badkamers is skoon en netjies met moderne teëls.

Die ander twee ablusieblokke staan op die naaste en verste punte van die kampplek se ingang. Dit het ook aparte geriewe vir mans en vroue en elke badkamer bestaan net uit 'n stort, wasbak en toilet. Die geriewe word daaglik skoon-gemaak en netjies gehou.

Kampplek 40 staanplekke, die meeste met koelte, met 'n betonbraaier (met 'n rooster) en gedeelde kraan en kragpunte.

Ablusiegeriewe 3 ablusieblokke – 'n grote en 2 kleintjies.

Prys R400-R500 p.n. per staanplek vir 4 mense. Elke bykomende kampeerder moet R100-R120 p.n. betaal.

Kontak ☎ 063 771 6856 of 060 970 5990 📧 info@dinokengresort.co.za

📍 dinokengresort.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad.

GPS S25.344270 E28.405763

Weg Ry & Sleep sê

Onthou jou stapskoene en bergfiets. Hier is fiets-én staproetes wat jy kan gaan pak.

Almega-woonwapark

Hamanskraal



By Almega word jy omring deur die Bosveld, met meer luukshede as waarvoor jou deursneekampeerder kan vra.

Jy kry hier ook daardie persoonlike aandag wat kampeerders so na aan die hart lê. André Geyser ontmoet jou by die hek en ry vooruit om jou staanplek vir jou te gaan wys en jou te vertel hoe sake hier inmekaarsteek. Hy sê jy kan enige tyd die plaas buite die kampterrein te voet óf op 'n fiets gaan verken en kyk of jy wild soos koedoe, blesbok, rooibok, waterbok, eland, njala, swartwildebees en rooihartbees kan sien. Hy laat jou nie toe om self te ry nie, maar elke Saterdag laai hy vroegaand die kampterrein se kinders (en 'n grootmens of twee) op sy bakkie en gaan wys vir hulle die diere.

Jy moet jou paklysie twee keer nagaan wanneer jy hier kom kamp, want hier is nie 'n winkel of restaurant of dié klas van ding nie.

Die staanplekke wil-wil so groot soos 'n tennisbaan wees, en buite die groen gras, koel-tebome en private ablusiegeriewe kry jy ook 'n blousokkragpunt en halfdrombraaier (met 'n rooster) wat op 'n ronde plaveiblad staangemaak is. Jou staanplek is 'n heerlike oop spasie waar jy 'n kombers op die gras kan oopgooi of jou kampstoel kan plant en onder die bome met jou boek kan gaan lê. Maak net seker jy dra jou sandale of plakkies. Dis hoofsaaklik doringbome wat vir die koelte sorg, en hier en daar lê 'n doringtakkie wat jou soos 'n matroos sal laat klink wanneer jy met jou kaal voet op hom trap.

Almega se swembad is in die vorm van 'n kitaar, en naby die swembad is 'n klimraam waar die kleintjies na hartelus kan speel.

Selfs die kieskeurigste kampeerder gaan moeilik vir luukser ablusiegeriewe kan vra. Daar is een ablusieblok vir elke vier staanplekke en dié is in vier gedeeltes om vir jou 'n eie private hoekie te gee.

In jou eie badkamer is 'n wasbak, toilet, twee spieëls, twee kragpunte, 'n bankie en 'n bielie van 'n stort met 'n verstelbare storkop waarmee jy kies hoe die water spuit. Langs die stort is 'n groot afdroogdeel met 'n bankie en hangplek vir jou handdoek. Buite die deur is jou opwasplek met twee wasbakke en 'n vullisdrom wat jy met die staanplek langs jou deel.

Kampplek 32 staanplekke met krag en 'n vullisdrom, braaier, gras en koelte. Nog 8 staanplekke behoort teen einde April beskikbaar te wees.

Ablusiegeriewe Jou eie klein badkamer en opwasplek wat daaglik skoongemaak word.

Prys R300-R550 p.n. per staanplek vir 4 mense afhanklik van wanneer jy kamp. Bykomende mense (tot 'n maksimum van 8) betaal R75-R100 p.p.d.

Kontak ☎ 082 452 0269 of 079 476 6821 📧 andre@almegakamp.co.za 🌐 almegakamp.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek en 'n goeie sandpad tot by jou staanplek.

GPS S25.339933 E28.385683

Weg Ry & Sleep sê Jou badkamer het nie 'n bad nie – as jy met 'n kleintjie kamp, moet jy 'n bababad of skottel saambring.



VANG 'N VISSIE

BY FOREVER


Is jy die koning van die viswaters? Wel, Forever is ongetwyfeld een van die top visvang bestemmings wat op elke visserman se lysie behoort te wees. Bring jou visstok en kom slaan tent op langs die rivier of dam by enigeen van ons top vakansiebestemmings.

WANT, OU MAAT, HIER BYT DIE VISSIE HEELJAAR LANK – DIS VERSEKER! Vang van karp, barber tot forel by Mount Sheba, A Forever Lodge! Kontak gerus die individuele oord om uit te vind watter visspesies daar swem.



FOREVER


RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS



Forever is een van die top vakansiegroepe in die land, met meer as **20 VAKANSIEBESTEMMINGS** wat wyd en suid oor die hoof provinsies verspreid lê. Forever Retreats spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.


BESPREEK VANDAG NOG 'N LEKKER VISVANG-VAKANSIE BY ENIGE FOREVER VAKANSIEOORD:

Loskopdam, A Forever Resort | Plettenberg, A Forever Resort | Swadini, A Forever Resort | Blyde Canyon, A Forever Resort | Gariep, A Forever Resort | Mount Sheba, A Forever Lodge



BESPREEK VANDAG AANLYN!
www.foreversa.co.za





Olifantsrivier-lodge

Middelburg



Olifantsrivier is 'n goedontwikkelde drierivier. Met jou aankoms, ná 12 km grondpad, land jy aan by 'n ontvangsgedeelte wat dalk 'n paar bekender oorde erg jaloers sal maak. Van hier af sien jy 'n lowergroen gras-kombers wat om die koue swembad kring, en aan jou regterkant die kompleks waarin die nuwe warmwaterswembad lê. Links is 'n buffetrestaurant en die konferensiesentrum, wat die oord se goue eiers lê. Van hier af ry jy 'n bietjie dieper die oord in, verby 'n klompie rondawels en ses chalets. Dan kronkel die pad af na 45 staanplekke langs die rivier.

Die kampeerplekke is almal toegerus met 220V-krag, en hoewel daar heelwat groot bome in die oord is, is die meeste van die kampeerplekke sonder veel skaduwee.

Daar is nie afsonderlike braaigeriewe by elke staanplek

nie, net die gemeenskaplike piekniekterrein nader aan die dam. Dis net so 50-80 m van die verste kampeerplek af, maar as jy eerder by jou woonwa wil braai, bring daai Weber of draagbare braaitjie wat in die motorhuis lê.

By die ablusiegeriewe skort egter niks nie. Dit is skoon, netjies en goed toegerus.

Jou kroos gaan beslis nie sit en tone tel by Olifantsrivier nie. Hier is 'n buiteswembad, vlugbalbaan, klimraam en 'n sandput, plus 'n ruim grasdaklapa langsaan van waar jy 'n oë oor die kroos kan hou.

Die swembad is mooi toegebou, maar met groot vensters sodat jy darem nog die uitsig kan geniet en die atmosfeer van die oord ervaar terwyl jy hier lê en bak. En as die Cheetahs weer hulle slag moet wys teen 'n span soos die Bulle, kan jy van hier af opstap kroeg toe om te kyk wie sit met die stert tussen die bene.

Die restaurant, reg langs die kroeg, is sekerlik een van die beste dinge by die oord. G'n wonder die bestuur het nie voorsiening gemaak vir eetgeriewe by die rondawels reg langs die restaurant nie.

Hier is 'n lekker dam waar jy kan visvang óf op 'n kano of trapboot kan rondvaar terwyl

die kleingoed perdry. Of die tieners kan op mekaar korrel op die verfbalbaan terwyl jy en jou wederhelfte vir 'n lang, rustige wandeling gaan of jou 4x4-staal wys op die omgewing se roetes. Ontspan maar eers 'n rukkie onder die stoepant en besluit waarvoor julle lus het.

Kampeerplek 40 groot staanplekke op taamlike gelyk grond, met krag. Net 'n paar het skaduwee.

Ablusiegeriewe Skoon geteelde vloere, mure en storte. Van die storte het afkortings met 'n eie wasbak en toilet.

Prys R220 per staanplek; R80 p.p. (maksimum 6 mense)

Kontak 013 243 9401/2, 082 892 3029 of 072 151 6518

olirivlo@mweb.co.za;

olifants-river-lodge.co.za

Hoe lyk die pad? Snelweg, goeie teerpad en dan 12 km grondpad. Dié stuk pad is al sinkplaat gery, maar is breed en sonder verrassings. Wees egter bedag op die vragmotors en voetgangers op die R575 verby die steenkoolmyn.

GPS S25.762059 E29.313202

Weg Ry & Sleep sê
Die restaurantontbyt is rërig waarde vir geld.
Probeer dit gerus. >

Jou unieke BOSVELD WEGBREEK in die hartjie van die Hoëveld



Gerieflik geleë binne 200km vanaf Johannesburg, Pretoria, Polokwane, Hazyview, Standerton, Nelspruit en die Kruger Nasionale Park, op die R555 tussen Middelburg en Emalahleni.

Huisves 245 mense, vanaf unieke rondawels en cabanas tot luukse villas, selfsorg of bed & ontbyt. Kampering neem 'n addisionele 200 mense.

Visvang, voëlkyk, staproetes, wildritte, twee swembaddens waarvan een onder dak en warm is, trapboodjies, mini quads, begeleide perdrutte en voldoende ruimte vir fietsry.

25% PENSIOENARIS AFSLAG

nie geldig tydens lang naweke en skool vakansies




013 243 9401
082 892 3029

info@olifantsriverlodge.co.za

 **Olifants River Lodge**



www.olifants-river-lodge.co.za



Forever Loskopdam

Middelburg



Vir baie mense is Middelburg in Mpumalanga 'n dorp waarby jy vinnig verbyry om so gou as moontlik by Schoemansklouf uit te kom. Want dan is Nelspruit nie meer te ver nie en anderkant dit wag die Krugerwildtuin.

Maar, draai 'n slag af en ry deur die dorp – jy sal verras wees. Die natuurlike middelpunt van dié kontrei is die Loskopdam en die Forever-oord op sy oewer.

Het jy al ooit uit 'n boot wild gekyk? Hier's jou kans. Die Loskopnatuurservaat met sy seekoeie, kameelperde, luiperds en nog sowat 60 ander wildspesies strek al langs die dam se westelike oewer af. Jy kan met jou eie bootjie rondry, of op een van die oord se wildritte (of is dit nou wildvaarte?) gaan.

By Loskop kom maak die

manne graag lyn nat, want in die dieptes skuil daar karp, blinkvis, katvis en moddervis. Terwyl jy wag dat 'n vis byt, kan jy die bome rondom die dam met 'n verkyker vir voëls fynkam. As jy nie 'n boot het nie, kan jy sommer die koelboks onder 'n sambreel op die oewer staanmaak en vir Boeta stuur om nog 'n sakkie ys van die winkel af te bring as die visse maar traag is.

Hierdie is 'n groot oord wat bedoel is vir gesinsvakansies of 'n gesellige kuier saam met jou vriende en dus is hier volop vermaak. Jy het 'n keuse tussen 'n verhitte of 'n koue swembad, minigolf, vlugbal, tennissbane, 'n speelplek vir die kinders, springmatte, pool-tafels, verfbal en wildritte.

Die restaurant se Sondagmiddagbuffet is só gewild dat dagbesoekers spesiaal daarvoor hierheen kom.

Die kampterrein lê teen 'n natuurlike helling en daarom is party staanplekke ongelyk en jy moet ook kies tussen 'n mooi uitsig en hoe naby jy aan die naaste ablusieblok wil uitspan.

Selfs jou vissermansvriende

wat nie van kamp hou nie, sal tuis voel in die oord – Loskopdam se vissermanshuise vir twee mense, of een van die houthutte op die terrein, sal hulle tuis laat voel met 'n paar stokke en aassakke vir atmosfeer.

Kamptrekkers 252 staanplekke waarvan 146 met krag is en 106 daarsonder.

Ablusiegeriewe 7 netjiese ablusieblokke wat heeltemal voldoende is vir die spitsydverkeer.

Prys Staanplek met krag: R150-R255 p.n. per staanplek, afhangend van die seisoen. Sonder krag: R100-R165 plus R90 p.p. Hoogstens 8 mense word per staanplek toegelaat en staanplekke word nie vooraf toegewys nie.

Kontak ☎ 013 262 3075

✉ loskopres@foreversa.co.za

✉ foreverloskop.co.za

Hoe lyk die pad? Die padwerk op die N11 tussen Groblersdal en Middelburg is klaar; jy hoef dus nie meer vroeër te ry nie.

GPS S25.423295 E29.386570

Weg Ry & Sleep sê

As jy in die Noorde woon, is die dam vir 'n gesin 'n goeie alternatief vir branders oor die Desember vakansie.

Elandskloof-forelplaas

Dullstroom



As jou idee van 'n vakansie ver verwyderd is van die geroesemoes van 'n groot gesinsoord en meer 'n toneel behels waar jy rustig langs die water staan en met 'n forel onderhandel om oewer toe te kom, moet jy in die rigting van die Elandskloof-forelplaas mik.

Die oord lê 15 km buite Dullstroom (in Belfast se koers) en is 'n groot gunsteling onder forelhengelaars. Buiten kunsvliegengel is dit ook 'n ordentlike kampplek met heelwat te doen vir die hengelaars in jou gesin. Jy kan kom perdry, op 'n wildrit gaan, bergfiets trap of van die 200 voëlspesies kom aftik.

Die chalets staan voor teen die water, met die woonwag, wat in twee dele verdeel is, daaragter.

Die nuwer deel van die kampterrein lê reg voor jou soos jy by die oord inry, terwyl jy links draai na die ouer deel

toe. By die ouer deel is daar staanplek vir nagenoeg 15 waens of tente en hier kamp jy op gras, in die koelte en meer beskut teen die wind. Die staanplekke hier het elkeen sy eie kraan en kragpunt (gewone huissok) en as jy nie 'n braaier met jou aankoms sien nie, vra net vir die oordpersoneel en een word vinnig by jou en die wa afgelewer.

In dié deel is vier ablusie-blokke, waarvan drie vir mans én vroue se gebruik is. Die vierde blok is die grootste en het aparte geriewe. 'n Mens kan sien die gemesselde geboue staan al 'n rukkie, maar dit word nietemin skoon en netjies gehou.

Langs die ou kampterrein is die winkel en speelparkie. Dié is basies met swaai, 'n klim-raam en 'n ou trekker waarop die kinders kan kammaboer. Alles in die speelparkie word goed onderhou.

Aan die ander kant van die

kampterrein is die verhitte onderdakswembad en jacuzzi, en langs dié is die restaurant en kroeg. Jy moet egter vooraf reël as jy in die restaurant wil eet.

In die nuwer kampterrein is daar plek vir 50-60 waens op 'n groot grasperk. Die staanplekke is nie afgebaken nie en jy is hier effens aan die elemente oorgelewer.

Terwyl die jong witstinkhout- en eikebome nog groei, moet jy maar jou silwerseil, gazebo en somer jou wind-skerm ook saambring. Hier kry jy 'n kragpunt, vullisdrom en braaier, en krane staan deur die kampterrein versprei.

Hier is een ablusieblok wat uit vier badkamers bestaan. Die geriewe is netjies, van die vloer tot by die dak geteël en word elke dag skoongemaak.

Weerskante van die gebou is die opwasplekke vir jou skotelgoed en aan elke kant is twee dubbelwasbakke.

Kampplek In 2 dele verdeel – een met staanplek vir 15 waens met gras en koelte, die ander met nagenoeg 50 staanplekke op gras maar sonder koelte.

Ablusiegeriewe Skoon en netjies.

Prys R75 p.p.p.d. Jy kan ná 2 nm. inboek en die oord is nie streng oor hoe laat jy weer moet ry nie.

Kontak ☎ 013 254 0136 of 082 875 8851

✉ info@elandskloof.co.za

🌐 elandskloof.co.za

Hoe lyk die pad? Die

laaste 5 km tot by die kantoor is grondpad.


Van die ontvangskantoor tot by die oord is 3 km skaflike grondpad.

GPS S25.522463

E30.127344

Weg Ry & Sleep sê

Die hengeltarief is nie by jou kampgeld ingesluit nie. Dit kos 'n bykomende R100 p.p.p.d. as jy kom visvang. >





Forever Badplaas

Carolina



As jy jou kinders vra om 'n lysie te maak van die dinge wat 'n suksesvolle kamp-vakansie verseker, sal "goed om te doen", "maats" en "lekker weer" waarskynlik boaan daar-die lys wees.

By Badplaas, so te sê halfpad tussen Barberton en Carolina, trek jy 'n regmerkies langs elkeen van jou verwagtinge vir 'n goeie gesinsoord.

Goed om te doen? Ja, hier is amper te veel om te doen. Die warmwaterswembaddens (hier is koues ook), die waterwurm, die glybane, die foefieslaaid, die minigholfbaan, die speletjiesarkade, die rinkelbaan waar jy met binnebande in 'n beton-voor af dryf, die verfbalbaan, die knortjor, die 9putjie-gholfbaan, die rolbalbaan, die museum, die wildritte en perdry. En dan praat ons nie eens van die hidro waar Oupa sy seer knie in die water van 42°C kan gaan regdokter nie.

O ja, hier is goed om te doen.

Maats? Sonder twyfel. Badplaas is een van die gewildste oorde in die land en jy is so te sê verseker dat hier oor naweke en skoolvakansies mense gaan wees. En jy kan ook met taamlike sekerheid sê dat hier van jou eie kinders se portuur gaan wees – dit gaan nie 'n honderd jaar wees voor jy oor middagete 'n ekstra worsbroodjie of drie vir nuwe maatjies gaan moet maak nie.

Lekker weer? In die kol. Hier in die suide van Mpumalanga is van die gematigste weer in Suid-Afrika. Goed, die mense wat hier rond woon, verskil natuurlik met dié stelling en sweer dit word bitterkoud in die winter, maar vir die res van ons is die weer die grootste deel van die jaar heel gangbaar. 'n Mens kan maar in vrede in die winter hier 'n plekie bespreek sonder om jou te bekommer dat die koue jou in die tent vasgekeer gaan hou.

Die woonwapark is in 'n A-en B-kamp verdeel, en tussen die twee kampe is daar amper 300 staanplekke waaruit jy kan kies. Hier is nie regtig gras om oor huis toe te skryf nie; maak dus seker jy bring jou grondseil saam.

Jou gazebo en silwerseil kan vir jou besoek aan Badplaas maar in die motorhuis bly, want so te sê elke staanplek het koelte in oorsig. Die staanplekke is vir almal se gerief genommer, maar nie met paaltjies of muurtjies afgebaken nie. Dit is egter duidelik genoeg om te sien waar jou staanplek eindig en jou buurman s'n begin.

Jy kry 'n blousokkragpunt, staanbraaier met rooster en vullisdrom. Van die roosters is egter al effens afgeleef en dit sal nie skade doen om jou eie toeknyprooster saam te bring nie, net ingeval. Daar is ook 'n kraan vir ongeveer elke vier staanplekke.

Kamptrek 289 genommerde staanplekke met krag, 'n vullisdrom en braaiplek. Die meeste het koelte, maar hier is min tot geen gras.

Ablusiegeriewe 6 groot, moderne ablusieblokke.

Prys R105-R170 per staanplek en R110-R150 p.p.p.n., afhangend van wanneer jy kamp (gratis vir kinders o.3).

Kontak ☎ 017 844 8000
✉ badplaas@foreversa.co.za
✉ foreverbadplaas.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S25.954608
E30.563594

Weg Ry & Sleep sê
Kinders jonger as 3 word ongelukkig nie in die hidro toegelaat nie.

Berg-en-Dal

Malelane



Buiten Malelane is Berg-en-Dal die suidelikste kamp in die Kruger – en as jy van die Vrystaat of KwaZulu-Natal af kom, ook die naaste.

Moenie verbaas wees as jy 'n paar renosters raakloop nog voor jy die kamp binnery nie.

'n Deel van die ontvangskantoor is hoeka 'n klein renostermuseum waar jy meer kan leer oor dié kwesbare diere. Soos jy die renostervtrek instap, wag 'n lewensgroot nagmaakte swartrenoster jou in. Hier kan jy alles beloer van die oerdier se geskiedenis (en 'n skaalmodel van die skelet wat uit hout gekerf is) tot misbolle.

Agter dié gebou is die Renosterstaproe, wat jou teen die heiningdraad langs die Matjuldudam vat (steeds in die kamp). Vir gesiggestremdes is 'n heuphoë kabel al langs die roete gespan. Kort-

kort is daar 'n inligtingbordjie (met 'n Braille-gedeelte) waar jy stop en 'n interessante feit oor die omgewing lees.

Volgens die kaart wat jy by die ontvangskantoor kry, loop die roete reg om die kamp, maar die eerste deel langs die dam af is goed uitgetrap en klaar die moeite werd om te stap. Selfs 'n raserige hadida lyk vir 'n slag mooi waar hy anderkant die draad langs die water staan. Agter die dam teen die rantjie stap 'n paar olifante. Die bome aan die ander kant lyk te koddig met hulle draadkroe: elektriese heinings is rondom boomstamme gespan naby aan die heining – dit is seker om wilde katte uit te hou.

Met die inryslag kan jy vir jou 'n staanplek links of regs uitkies, maar die staanplekke teen die grensdraad af is die gewildste. As jy egter verder ry, loop die pad dood in die

smal strook waar minder kampeerders inpas. Dit is meer privaat en ook langs die draad.

Die vreemde vlermuishuise wat hoog op stelte staan in die kamplek, trek nogal die aandag. Die kassiere in die kafee verduidelik dat dit 'n manier is om dié outjies uit die chalets se dakke te hou. As 'n mens die mis onder die "wonings" sien, sal jy sweer daar het 'n kolonie rotte daar bo ingetrek.

Links, net voor jy die kamplek binnery, is die swembad. Dit is groot en, gemeet aan die ander kampe, beslis een van die mooistes – hoewel die pyklimraam ietwat tingerig en klein is.

Hier het die bome in die kamp naambordjies. Elders sal jy miskien een of twee bome sien met 'n bordjie op, maar hier kyk jy in enige rigting teen 'n bordjie vas: blinkblaarkanniedood, voëlsitboom...

Kamplek 82 staanplekke op harde grond met heelwat koelte.

Ablusiegeriewe 3 badkamergeboue met storthokkies, agter (ietwat vreemde) kroeg-tipe swaaidere. Hulle is 'n bietjie oud en die teëlwerk is lankal uit die mode.


Pryse R285 tot R355.


Kontak 013 735 6106/7

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpas

GPS S25.426701
E31.449776

Weg Ry & Sleep sê Die ligging maak dit dalk minder gewild, maar dis een van die beter Krugerkampe. >





Skukuza

Hazyview



Skukuza is die Kruger-wildtuin se hoofkamp. Hier kan jy jou met 'n paar dinge besig hou wat jy nie by ander kampe sal raakloop nie. Neem maar vir lief met die feit dat hier baie mense is (asook miljuisende voëls wat sit en sing en rond-skarrel in die bome).

Soos jy inry, is hier nie parkeerplek vir jou kar en wa voor die ontvangskantoor nie. Ry net verby die gebou; links agter is 'n groot oop parkeerplek waar jy kan wag terwyl jou wederhelfte die papierwerk afhandel. Die staanplekke lê links en regs van 'n teerpad waarmee jy die kamp binnery. Albei kante is uitgelê teen 'n bultjie af met 'n badkamer alkant bo. Links kamp jy op gelykgemaakte terrasse, gebou met driekwartmaan-beton-

blokke, en aan die ander kant hou gemesselde klipmure die staanoppervlakke stewig. Van die staanplekke is ruim, maar hier en daar gaan jou Exclusive nie inpas nie.

Moenie wonder wat het met die ou ronde vullisdromme gebeur nie. Hulle is almal skoonveld. Wees op die uitkyk vir 'n groen kas met twee deure wat nogal herinner aan jou army-kas. Dié is die vullisdromme. Kyk eers voor jy weggooi: Links is vir die herwinbare items soos glas en blikkies, en regs vir die res.

Die linkerkantse kampeerders staan die naaste aan die swembad, wat 'n beskeie grootte is as jy die status van Skukuza in ag neem.

Agter die swemplek, weg van die kamp af, kan jy 'n draai maak by die treinmuseum waar

'n lokomotief staan, kompleet aan 'n wa gehaak. Die perron maak nou deel uit van die restaurant. *(Dit word tans opgeknop, maar is nie Skukuza se enigste eetplek nie. – Red.)*

Soos jy inry by Skukuza, lê nog 'n restaurant reg voor jou teen die Sabierivier. Hier kan jy ontspan op 'n houtdek van sowat 6 x 20 m, onder 'n groot koelteboom. Die Wac Campbell-museumhut lê op die paadjie terug kamp toe. Die

hut dateer uit 1929. Binne-in word die geskiedenis van dié deel van die park teen die mure uitgebeeld, en hier staan ook 'n ou riempiesbed of twee.

As jy by 'n dokter moet uitkom, hou heeltemal links soos jy inry by Skukuza. Langs die dokters kan jy die skares vermy by nog 'n swembad waarvan minder mense weet.

Langs die ontvangsvertrek is 'n volwaardige tak van FNB plus 'n poskantoor.

Kampplek 100 plat staanplekke op grond.

Ablusiegeriewe letwat oud en beknopt.

Prys R285-R355 p.n. per staanplek (eerste 2 mense, daarna R88 p.p.), plus 'n bewaringstarief van

R82 p.p.p.d. (R41 vir kinders).

Kontak ☎ 013 735 4196

🌐 sanparks.org

GPS S24.995833 E31.592059

Weg Ry & Sleep sê Skukuza is 'n klein kampdorp.

Kiaat-bungalows-en-woonwapark

Hazyview



Die pad tot by die Kiaat-bungalows-en-woonwapark vleg die laaste kilometer of wat deur 'n woonbuurt van Hazyview, en jy mag aanvanklik dink jy gaan in die dorp kamp. Maar voor jy jou kom kry, lê die dorp agter jou en 'n stuk of 20 ganse verwelkom jou voor die kampplek.

Die staanplekke is in twee groepe verdeel: die A- en B-kamp. Direk regs waar jy inry, is die A-kamp met vyf staanplekke. Die paadjie kronkel verder oor die erf tot by die B-kamp met nege staanplekke.

Dit voel of jy in iemand se tuin kom afpak, en 'n netjieser tuin sien 'n mens nie somer nie.

Die B-kamp se verste staanplekke van die kantoor af lê op 'n effense helling en is tweetwee met hulle rugkante na mekaar toe gegroepeer. Die pare staanplekke die verste van die hek af is 'n aks laer op hulle

eie klein terras. Elke staanplek is gemerk met 'n nommer en die naam en prentjie van 'n voël.

Tussen elke paar staanplekke staan 'n kraan wat jy en jou buurman deel. 'n Mens wonder hoekom alle kampplekke maar nie hulle krane só prakseer nie, met 'n keramiekbak onder op die grond reg rondom die kraanpyp.

Jy het 'n blou woonwasok naby jou staanplek en braai jou tjops op 'n losstaande staalbraaier. Naby jou staanplek is 'n vullisdrom.

Weerskante van elke paar staanplekke is netjiese blombeddings. Die tuin kan nie beter nie, maar jy moet maar vrede maak met die son, want hier is nie koeltebome op jou staanplek nie.

Die A-kamp se staanplekke lyk presies soos die B-kamp s'n, maar is apart en nie in pare nie – en hulle is effens kleiner. Elke staanplek word met struikie

afgeskort. Langs die B-kamp is 'n swembad met badkamers langsaan. Buite die badkamers, onder die dak, is opwas- en klerewasbakke. Hier is ook 'n yskas vir jou gebruik en kratte vol hout waar jy stukke kan uithaal vir jou braaivuur.

Die badkamers is pynlik netjies en jy voel sommer tuis. Op die wasbakblad met keramiekwasbakke is selfs 'n houer vol opgevoude skoon waslappe vir jou hande. Bo die blad is 'n spieël. Oorkant die wasbakke is die storthokkies, elkeen met 'n trappie om jou voete maklik te skrop en skuur.

Die A-kamp se badkamers is regoor die kantoor en lyk presies soos die B-kamp s'n.

Die Kiaat-woonwapark is nie 'n tipiese vakansieoord met 'n minigolfbaan, waterwurm en allerlei speelplek nie.

Die kinders kan swem, en naby die B-kamp se badkamers is 'n klouterbaan met 'n swaai en glyplank.

Kampplek 14 pynlik netjiese staanplekke met amper geen koelte nie.

Ablusiegeriewe Super-skoon en naby jou staanplek.

Prys R250 per staanplek vir die eerste 2 mense, plus R60 p.p.p.n. daarna (R30 vir kinders).

Kontak 013 737 7402 of 083 605 8845 info@kiaatbungalows.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 300 m is 'n netjiese grondpad.

GPS S25.027351
E31.151105

Weg Ry & Sleep sê

Die A-kamp se staanplekke is aan die klein kant terwyl die B-kamp meer as genoeg plek het vir 'n groot wa. >





Forever Mount Sheba

Pelgrimsrus



Mount Sheba is die teenpool van Forever se Blyde-canyon (oorkantste blad). Dis 'n kampplek wat bedoel is vir mense wat eerder rustigheid en afsondering bo elektrisiteit verkies. 'n Mens twyfel aanvanklik of jy met 'n boswoonwa soos die Gecko Extreme hier gaan inpas, maar die ontvangsvrou knip nie eens 'n oog nie en groet beleefd. Sy loer deur die venster en sê mense met nog groter waens kom ook hier kamp.

In die een hoek van die oord se kantoor staan drie vliegengelstokke. Die oordmense vra dat jy die vis wat jy vang, pan toe neem, want hulle reken nie almal weet hoe om 'n vis só versigtig te hanteer dat hy sal oorleef nadat jy hom gevang het nie.

Vra vir aanwysings tot by die kampplek voor jy die oord binnery, want dit is nie

gemerk nie. Ry met die teerpad om die oord tot waar jy 'n hoë rondawel met 'n grasdak sien.

Links van die pad loop 'n graspad tussen die bosse in – die paadjie is omtrent 30 m lank. Dit eindig op 'n blok gras van ongeveer 40 m lank en 25 m breed. Vyf van die staanplekke is links en die ander vyf regs.

Links is teen 'n walletjie en regs plat, en almal het gras. Die staanplekke is nie afgebaaken nie en waar jy die kampplek binnery, is twee krane, hier en daar staan 'n braaidrom, en reg rondom jou is menshoog bosse – en dis al.

Hier moet jy tevrede wees met 'n oop kol gras sonder krag of enige bome, en die badkamers is 'n dagreis ver. Hulle is langs die swembad en 'n goeie 120 m se stap weg.

Dit is ongerieflik, maar ten minste is dit so skoon soos dit hoort by 'n viersterhotel.

Hou jou oë oop vir die samango-ape. Hulle is hondmak. Wanneer jy soggens jou wa se deur oopmaak, sit die rakker daar en wag asof hy genooi is. Soos jy uitklim, klim hy nonchalant in (dis 'n ware storie). Hulle gryp darem nie soos 'n mens gewoon is van blouape nie, maar dit bly steeds 'n wilde dier.

As jy daarvan hou om in die berge te stap kan jy gerus 'n dag of wat langer hier oorsaan. Hier is nie minder nie as 11 staproetes in die berge uitgelê. Die stap tussen die welige plantegroei en hemelhoë bome is 'n belevens.

Al beskou jy loop as 'n straf, probeer selfs net die kortste roete: Die Olde Wagon-roete. (Die bordjie wat dit aanwys lees "Wagon Trial".) Dit is 'n 1,4 km-tog en jy loop selfs verby 'n ou geraamte van 'n ossewa. Dis 'n lieflike stukkie oerwoud.

Kampplek 10 staanplekke op gras sonder koelte of krag.

Ablusiegeriewe Ver van die kampplek af en daar's nie neersitplek in nie, maar verder kan jy dit deur 'n ring trek.

Prys R220 p.p.p.n vir die eerste 2 mense plus R55 elk vir die derde en vierde kampeerder.

Kontak ☎ 013 768 1241
📧 mount-sheba.co.za
📧 shebares@foreversa.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste sowat 10 km is slegte grond en -teerpad.

GPS S24.938900
E30.713158

Weg Ry & Sleep sê Februarie is reënmaand. Dit sê dan gemiddeld 21 uit die 28 dae.

Forever Blydecanyon

Pelgrimsrus



As jy 'n Marsman wil wys hoe 'n kampplek lyk, kom doen jy dit hier by Blydecanyon. Die staanplekke is groot (10 x 15 m) en is grondlangs afgebakken met 'n strook beton so breed soos 'n liniaal, sodat jy weet watter lappie aarde is joune. Die staanplekke is ook almal langs mekaar op 'n ry en dit voel nie of jy rus soek iewers in die besige voorstede met bure voor en agter jou nie. Die gras is dik en welig en lyk asof dit feitlik elke dag gesny word.

Die bome is lank en die onderste takke is hoog en uit die pad sodat jy heeltemal daaronder kan pas sonder dat die doringe jou tent verrinne- weer – soos dit met 'n ordentlike koelteboom hoort. Jy gaan ver soek om sulke groot koraalbome te sien. Elke staanplek het ook 'n klipgeboorde braaiplek aan die agterkant

– met die staanpleknommer langs, en 'n lig sodat die hoenderboudjies nie halfgaar op die etenstafel beland nie. Die blou prop vir krag is naby, maar vyf of ses staanplekke deel 'n waterkraan.

Daar is twee badkamergeboue, een in die middel van die kampplek en die ander op die verste punt. Die opwasplek vir die oggend se papbordjies is aan die manskant en aan die ander kant is 'n badkamer vir mense met 'n rolstoel.

Dis duidelik deeglik beplan, en die deur lyk soos 'n oproldeur van 'n motorhuis. Jy moet 'n R200-sleuteldeposito by die ontvangskantoor betaal vir die afstandbeheer waarmee jy die deur oop- en toemaak. Die verste badkamers lyk die selfde, maar hier is weer 'n waskamer met 'n tuimeldroër en wasmasjien waarvan die gebruik gratis is.

Langs die kantoor is die

winkel waar jy so te sê alles kan aanskaf: van kragproppe tot swemklere, vars groente, bevrore vleis en ys teen R14 'n sakkie. Hier is ook 'n kitsbank as jou kontant opraak. Langs die winkel is 'n groot en klein kouewaterswembad en oorkant die pad die speelplek met swaai, rondomtalies, wipplanke en dies meer. Daar is 'n soortgelyke speelplek by die eerste staanplekke links van die inrypad.

Die minigholfbaan is langs die swembad se speelplek. 'n Rondte kos R10 p.p. en jy moet ook 'n R50-deposito betaal wat jy aan die einde van die spel terugkry. Dis nou mits jy jou nie vererg het en 'n stok gebreek het of die balletjie weggemokker het nie.

Net buite die oord se hek is 'n drankwinkel. 'n Mens hoef jou ook nie oor brandstof te kommer nie, want hier is selfs 'n vulstasie.

Kampplek 30 staanplekke met gras en baie koelte.

Ablusiegeriewe So goed soos wat dit kan wees.

Prys R190-R245 p.n. per staanplek en R75-R135 p.p.n. afhangend van die seisoen (dit sluit kinders ouer as 6 jaar in). Tot 8 mense word per staanplek toegelaat en 'n ekstra voertuig kos R20 p.d.

Pensioentrekkers kry 20% afslag in die middel van die week. Vertrektyd is rondom 11 vm.

Kontak 0861 226 966

blyde@foreversa.co.za

foreverblydecanyon.co.za


Hoe lyk die pad? Regdeur teer.

GPS S24.582284

E30.770362

Weg Ry & Sleep sê

Dit is 'n driesteroord waar jy meer as waarde vir jou geld kry. >





Forever Swadini

Hoedspruit



Swadini is een van die mees bekroonde kampterreine in die land en is al deur die AA aangewys as die beste vakansieoord suid van die Limpopo. As jy eers jou staan kry hier aan die voet van die Blyderiviercanyon, sukkel 'n mens nie om te verstaan hoekom nie.

As jy lus is om die Groot Vyf te gaan soek is die Kruger se Orpenhek net 75 km ver, en as jy die canyon wil beleef soos nog nooit tevore nie, moet jy 'n bootrit op die Blydepoortdam bespreek. Die bootrit kos R150 p.p. (R75 vir kinders) en jy bespreek jou plek by die Avontuursentrum in die oord.

Maar jy hóéf nie by die oordhek uit te ry as jy op soek is na doendinge nie, want hier is meer as genoeg in die oord om jou en die kleintjies – en selfs jou skoonma – besig te hou. Jy kan een van twee

staproetes, die Koedoe en Blouaap, aandurf; in die koue- of warmwaterswembad baljaar; of ietsie in die restaurant of kroeg gaan geniet.

Jy kies vir jou een van 180 genommerde staanplekke in die woonwapark – hulle is in 'n lang strook langs die Blyderivier uitgelê. Byna 100 van die staanplekke het 'n plaveiselblad van 10 x 10 m – heeltemal voldoende om jou woonwa en tent op die gelykte te laat staan.

Die voorste staanplekke is so te sê op die oewer van die rivier; daar is net 'n elektriese heining tussen jou en die water. Nodeloos om te sê gaan daardie elektriese heining nie maklik 'n seekoei stuit nie; hou dus jou oë oop vir hulle, veral as die watervlak hoog is. En as jy nie op jou hoede is nie, sal die ape en bobbejane ook kom kyk wat hulle in die kieste kan stop.

Die agterste staanplekke is op 'n hoër terras uitgelê – van hier af het jy 'n goeie uitsig oor die berge. Elke staanplek is toegerus met 'n blousokkragpunt en vullisdrom, en jy kry 'n staanbraaier met rooster wanneer jy aanland.

Hier is ses groot ablusie-blokke in die kampterrein versprei, en nêrens stap jy verder as 100 m om jou tande te gaan borsel nie. Blok nr. 1, 3 en 5 is rolstoelvriendelik. Die opwasplek vir jou skottelgoed is aan die buitekant aan albei kante van die blok en elke blok het ook wasgoedgeriewe met 'n wasmasjien en tuimeldroer (wat met ruilmunte werk) en 'n strykplank.

By die oordwinkel kry jy enigets van vleis en groente tot speelpoppe, braaibakke, 'n Bloubul-stoelkussing en 'n sonhoed met Swadini se wapen daarop. Langsaan is 'n klein drankwinkel.

Kampplek 180 genommerde staanplekke met krag, 'n vullisdrom en braaier. Digby 100 van hulle het 'n plaveiselblad en die meeste is in die koelte.

Ablusiegeriewe 6 groot, moderne ablusieblokke. Drie van hulle is rolstoelvriendelik.

Prys R50-R186 p.n. per staanplek en R60-R97 p.p.p.n.

Kontak ☎ 015 795 5141 (oord) of 012 423 5600 (sentrale besprekings)
✉ swadinires@foreversa.co.za
📞 foreverswadini.co.za

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S24.517035 E30.810084

Weg Ry & Sleep sê
Wagter en Wollie moet
tuis bly.

Satara

Hoedspruit



Satara is een van die Krugerwildtuin se gewildste kampe. Reusagtige koorsbome staan omtrent op die voorstoep van die restaurant langs die ontvangsgebou. Dit is ook hier, reg langs die grensdraad, waar jy 'n vrugtesap kan wegslaan terwyl jy die diere aan die ander kant dophou. 'n Klomp blouwildebeeste en sebras drentel hier rond asof hulle op soek is na 'n herder wat hulle vergeet het.

Voor die kantoor is die parkeerplekke. As jy hier intrek met jou wa, is die kans goed dat jy 'n verkeersknoop gaan veroorsaak. Regs, waar jy die kamp binnery, is die dagbesoekers se ingang. Hier is 'n groot parkeerterrein waar jy kan stop en oorstap om aan te meld.

Hou drie dinge in gedagte by die kampplek: Kyk waar staan die kragpunt; is daar nog

'n gaatjie oop langs die grensdraad; en is daar plek heel regs naby die nuwe badkamers?

Die kragpunte is 'n soort houtpaalkonstruksie waar 'n lig, kraan en vullisdrom staan. Waar jy by die kamp inry, is daar nog 'n badkamer. Daar's ook een heel links, maar hulle is ouer. By die linkerkantse ablusie kan jy jou kassettoilet leegmaak. Hier is ook 'n volledige badkamer vir gestremdes. Die regterkantse badkamer spog met nuwerwetse afwerking en het selfs 'n gesinstort en 'n ruim badkamer vir gestremdes aan die oorkant.

Die staanplekke teen die heiningdraad is baie gewild. Jy kan onder jou stoeptent sit, met die diereryk se eie "werklikheids-TV" wat direk voor jou afspeel. Een gesin het selfs hulle stoeplig só gedraai dat hulle snags diere kan dophou.

As jy die wild nóg nader

wil sien, gaan soek die twee skopsuittjies in die heel regterkantse hoek van die woonwastaanplek soos jy inry; hulle woon elk in sy eie boom.

Soos die donkerter nader kruip, kan jy gereed maak vir 'n groot stem in die bos. Omtrent in die middel van Satara kan jy inloer by die amfiteater waar natuurfleks wys. As jy besluit om eerder die vleis gaar te kry by die kamp, kan jy steeds jou ore spits en luisster – die klank trek nogal ver. Ná inkruityd hoor jy 'n paar naguiltjies met ongekende deursettingsvermoë – jy kan behoorlik jou horlosie instel vir hoe stiptelik die ouens hulle roep afwissel.

Soos die nag aanstap, word dit die groot menere se beurt: Leeus grom, brul en raas, en dit klink asof een van die manne enige oomblik by die woonwa gaan inbars.

Kampplek 88 staanplekke met krag en 15 daaronder. Staanplekke is afgebaken op 'n plat vlakte met rooierige grond.

Ablusiegeriewe 3 badkamers. Die heel regterkantse een is nuut en spoggerig.

Prys R285-R355 p.n. per staanplek vir die eerste 2, daarna R88 (plus 'n bewaaringstarief van R41-R82 p.p.p.d.)

Kontak 013 735 6306/7

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S24.392958
E31.779670

Weg Ry & Sleep sê
'n Krugerkamp waar jy langs die vleisvreters kan vleisbraai.





'n Oase in jou midde

Minder as 'n uur se ry vanaf die Oos Rand



KAMP TARIEWE

R100 per staanplek
R50 per persoon (maksimum 6)
Voorskool Kinders - **Gratis**
R50 per troeteldier

Onderhewig aan verandering

Kom en ervaar 76 gras staanplekke, 1 gemeenskaplike groep staanplek **tot en met 50 karavane**, vele tent staanplekke, moderne familie ablusie blok, swembaddens, 45 grasdak chalets, 5 restaurante, 3.5 km staproete, 5km MBT baan en 2 visvang damme **met 19 verskillende vis spesies**

Loopafstand vanaf Lake Umuzi Waterfront, Aquazone waterpark met 5 verskillende glybane en die **GROOTSTE** klim en klouterraam in Afrika!

welcome@lakeumuzi.co.za | 087 233 5082 | 017 631 3441 / 52



Vooruitsigte vir 2018

10 Maart

Kosmos 3-in-1 Marathon

17 Maart

Eish!! St Patrick's day

24 Maart

Cosmos 3-in-1 MBT

7 April

Eish!! Craft Beer Festival

14 April

Boesies Wedding Expo

27-29 April

Misty Waters Music Festival

6 Mei

Moedersdag naweek

17 Junie

Vadersdag Naweek

**28 September
- 7 Oktober**

Umuzi Week of Festivals

Umuzi
KAMP OASE

ONTSNAP & ONTSPAN BY

FOREVER COUNTRY HOUSES & LODGES

As jy smag na 'n wegbreek of vakansie in die middel van nêrens, kom kuier gerus by Forever se **FAMILIE-VRIENDELIKE COUNTRY HOUSES & LODGES** – omring deur ongerepte natuurskoon en stilte. Verloor jouself in die skoonheid van Moeder Natuur, en gryp die geleentheid aan om die omgewing te voet, op 'n perd se rug, of op jou bergfiets te verken.



FOREVER

RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

Forever is een van die top vakansiegroepe in die land, met meer as **20 VAKANSIEBESTEMMINGS** wat wyd en suid oor die hoof provinsies verspreid lê. Forever Retreats spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.



BESPREEK VANDAG NOG 'N WEGBREEK VIR DIE HELE GESIN, EN ONTSNAP NA ENIGE VAN FOREVER SE VERSTEEKTE VAKANSIEBESTEMMINGS:

Leopards Trail, A Forever Retreat | Ruby Cliff, A Forever Retreat | Silver Falls, A Forever Retreat | Rex's Ranch, A Forever Retreat



BESPREEK VANDAG AANLYN!
www.foreversa.co.za





Bontle-boskamp, Marakele- nasionale park

Thabazimbi

Bontle is 'n rustige kampplek waar jy saans wakker lê en luister na die geritsel van rooibokke wat hier nefeens jou tent wei. Hier is geen swembad, waterwurm of selfs wipplank nie. Dis beslis nie die beste plek as jy woeiwaters het nie, en troeteldiere is verbode. En daar is nie 'n winkel waar jy vuurmaakhout of proviand kan aanskaf nie; jy moet omtrent selfversorgend wees. Gelukkig is Thabazimbi skaars 10 minute van die hoofhek af.

Dis 'n boskamp sonder grensrade. Jy sal veilig wees solank jy naby jou staanplek en die ablusiegeriewe bly.

Die kampterrein is opgedeel in vier afdelings: Drie kampgebiede – Rhino, Tsessebe en Sable wat deur drie sirkelpaie bedien word – en die Bontle-safarikamp. Rhino lê die naaste aan 'n watergat; Tsessebe is effens verder van

die watergat af, maar het steeds 'n redelike uitsig oor die diere wat saans kom suip; en Sable is in 'n beboste deel met geen uitsig oor die watergat nie. Hier moet jy deurentyd waak teen astrante blouapies wat jou kos probeer vaslê. Die Bontle-safarikamp is 'n voltydse tentedorp.

Elke twee kampplekke deel een vullisdrom, twee driepunt-sokke en 'n helder lig wat jy saans self kan aan- of afskakel.

Die Waterberg-omgewing kan bloedig warm raak en 'n staanplek met skaduwee kan die verskil tussen 'n heerlike en uiters onaangename ervaring beteken. Daar is egter net een staanplek wat heel-dag in koelte gehul is: Rhino nr. 5. Dié staanplek is naby die watergat en het 'n bankie waarop jy kan sit.

Omdat Bontle nie besprekings vir spesifieke staanplekke aanvaar nie, moet jy hoop nr. 5 is beskikbaar wan-

neer julle in die kamp aankom. 'n Swembad sal 'n welkome toevoeging wees vir 'n bietjie Bosveld-lafenis.

Elkeen van die drie kampplekke het sy eie ablusieblok wat feitlik identies is. Die mansdeel het twee dubbele skottelgoedwasbakke en een vullisdrom. Die vrouedeel het dubbele wasgoedbakke en 'n strykkoppervlak met twee driepunt-sokke. Die twee geboue word geskei deur 'n bankie en 'n koelteboom en is sowat 5 m uitmekaar.

In die ablusiegeriewe is 'n toonbank met twee wasbakke en spieëls, 'n kleinerige stort en 'n toilet. Daar is ook 'n ruim stort met geriewe vir gestremdes asook 'n toilet vir gestremdes.

Jou staanplek word elke oggend deur personeellede besoek om die braaidrom skoon te maak, die grond te hark en die vullisdrom leeg te maak.



Kampplek 66 staanplekke, elk met elektrisiteit en 'n vullisdrom.

Ablusiegeriewe 3 geboue, skoon en netjies.

Prys R285-R355 p.n. per staanplek plus 'n bewaringstarief van R48 p.p.p.d.

Kontak ☎ 014 777 6928

🌐 sanparks.org/parks/marakele

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad.

GPS S24.522197 E27.494613

Weg Ry & Sleep sê

Bontle is klein en intiem en deel van die natuur, maar hier is min tot niks te doen vir kinders.

Mabalingwe-natuurreservaat

Bela-Bela



Die woonwapark het sy eerste gaste 'n raps meer as 20 jaar gelede ontvang, toe hier nog net rooibokke en koedoes gewei het. 'n Jaar later het die grootvoet uit die Krugerwildtuin hier aangekom, en vandag kan jy die hele Groot Vyf kom soek.

By die eerste hek waar jy Mabalingwe binnery, groet 'n wag in 'n uniform jou met 'n allemintige saluut. Nadat hy jou naam afgemerk het op sy lys, beduie hy jou regs na die woonwapark – dis omtrent 600 m verder met 'n teerpaadjie langs. Die ontvangsgebou is nog 120 m verder, deur die tweede hek aan die regterkant. Dis 'n groot grasdakgebou wat hoofsaaklik as winkel dien, en aan die pad se kant is die kantoor waar jy kom aan-

meld. Die staanplekke is min of meer in 'n sirkel rondom die ontvangsgebou uitgelê. Elke staanplek het 'n stuk plaveisel en almal is netjies plat. Langsaan is grond, en die enigste gras is langs die swembaddens. Jou kragpunt (huissok) en kraan is naby en die persoon maak gereeld die horde staalbraaiers skoon.

Dit lyk of die meeste van die bome in die kampterrein bladwisselend is, en dis 'n bedekte seën. In die winter kom die son deur, maar in die somer word die ergste hitte weggekeer. Die grootste koeldebome staan in 'n driehoek tussen die versterke badkamer, die ontvangskantoor en die hek.

Een van die twee badkamers is ook omtrent in die middel van die kamp, terwyl die ander een omtrent aan die

verste punt is van waar jy die park binnery. Die badkamers is laasjaar oorgedoen: Hier's nou ook twee gesinsbadkamers.

Die oordwinkel is goed ingerig en die groot koue swembad is omtrent op die winkel se stoep, met die verhitte een langsaan. Die warm swembad is omtrent so groot soos dié wat 'n mens by voorstedelike huise sien – dinge raak só beknop dat daar later skaars staanplek in die water is.

Jy mag gaan wildkyk in jou eie ryding, en die grondpaaie is goed genoeg dat die voertuig waarmee jy gesleep het, sal deug – selfs 'n gewone sedan. Dis gratis; al wat jy moet onthou, is die permit wat jy met jou aankoms by die ontvangskantoor saam met jou papierwerk kry.

Kampplek 67 plat staanplekke op plaveisel met heelwat bladwisselende koeldebome.

Ablusiegeriewe Nuutgebou: 2 blokke met baddens en storte, nog 1 net met storte, en dan 2 gesinsbadkamers.

Prys R130-R200 p.n. per staanplek afhangend van wanneer, plus R70-R115 p.p.p.n. (R50-R70 vir kinders).

Kontak ☎ 014 001 7010

📧 callcentre1@boschpoort.


co.za 📧 mabalingwe.gamereserve.co.za

Hoe lyk die pad? Teerpad tot teen die woonwapark.

GPS S24.849727 E28.042476

Weg Ry & Sleep sê Dit is een van die min oorde wat sy eie vulstasie het (langs die hoofhek). >





Koro-Koro

Bela-Bela



Die Bela-Bela-omgewing is letterlik die voordeur na die Bosveld wat van hier af deur die westelike deel van Botswana tot in die suide van Zimbabwe strek. Die kans is goed die Bosveld het 'n duisend jaar gelede gelyk soos hier by Koro-Koro – ongerep. Die ge-tik-tik-tik-klank van 'n sproeier verraaï 'n beskawing hier in die bos op 'n groen lap gras. Energieke vinkies rolsing hulle roepe opgewonde in die doringbome; 'n rooiborslaksman antwoord met sy roep – 'n diep, soet klank; en in 'n ander boom klink nog 'n rooiborslaksman soos 'n visstoktoeter-tjie. Voëls is hier volop – wees ook op die uitkyk vir die verskeie neushoringvoëls. Koro-Koro beteken hoeka “plek van die geelbekneushoringvoël”.

Twee derdes van die staanplekke is rondom die swembad op 'n uitgestrekte aaneen

grasperk uitgelê. As jy meer privaat wil kamp, is die res van die staanplekke 'n ent weg, dieper die bosse in op kleiner lappies gras.

Die staanplekke by die swembad het elk 'n gemesselde braai en daar is drombraaiers by die ander staanplekke. Ook langs die swembad is 'n groot grasdakgebou met agt deure aan weerskante. Dit lei na 16 private badkamertjies, elk met 'n aparte toilet, stort en 'n gesigspieël, en een vir gestremdes met 'n bad.

Hier is ook 'n aparte wasgoedkamer, maar dit is gesluit. Jy moet by die ontvangskantoor reël vir 'n was – dit is gewone wasmasjiene, en nie die soort wat met ruilmunte werk nie.

Hier staan ook hout- en staalklouterrame met swaaie en 'n trampolien vir die jonges. Die kinders kan ook met hulle fietse op die oord se lieflike grondpaaie rondkerjakkter.

'n Werker op sy dikwielfiets met 'n paar rooi weerkaatsers in die wielspeke en 'n ou saal – nog dié met die twee vet vere onder die sitplek – trap stadig deur die kamp. Hy groet beleefd met sy een hand en ry verder tot op 'n punt waar hy sy fiets op sy staander laat rus om 'n sproeier te skuif. Hy klim weer op sy fiets, maar stop eers weer om, op versoek van die kampeerders op die staanplek op die punt, die swembadseil weg te rol.

Die ontvangskantoor is sowat 200 m van die kampplek af in 'n groot grasdakgebou waar jy die nodigste kan koop: hout, roomys en selfs bier of 'n bottel wyn. Jy kan met 'n kredietkaart betaal, maar nie met jou tjekboek nie.

Die toetervoeël maak weer sy geluid agterlangs. “Kom outjies, kom kry julle nagereg,” sê 'n pa aan sy kroos in die bos oorkant. “Stadig Boeta, stadig...” sê hy weer.

Kampplek Hier is 31 plat staanplekke op gras met redelike koelte, ook met 'n kraan, blou woonwakragpunt en 'n lig.

Ablusiegeriewe 16 afsonderlike badkamertjies onder een dak langs die swembad (ook een vir gestremdes met 'n bad) en drie kleiner badkamers by die meer private staanplekke.

Prys R390-R590 per staanplek vir 4 mense. Afslag vir kinders en pensioentrekkers deur die week.

Kontak ☎ 082 908 4448 of 014 736 2100
✉ info@koro-koro.co.za
✉ koro-koro.co.za

GPS S24.874253 E28.127070

Weg Ry & Sleep sê Koro-Koro voel soos die hart van die Bosveld.

Forever Warmbad

Bela-Bela



Soos jy die oord binnery, weet jy dié mense verstaan slepers. Uit Voortrekkerstraat draai jy by 'n oprit in wat in 'n paar bane uitgemerk is. 'n Teken voor wys die ouens met woonwaens moet stilhou in die heel regterkantse baan voor jy aanstap kantoor toe.

Wanneer 'n mens eers deur die hek is, besef jy die omvang van die oord. Links is 'n soort renbaan; doer ski ouens op 'n dam; regs sit iemand op 'n kamstoel met 'n vissok; en nóg verderaan is mense wat hulle op 'n trapbootjie vermaak. Daar is swembaddens oral, plus waterwurms, eetplekke en nóg swembaddens – te veel vir die oog om in te neem.

Die pad loop met 'n boog in die kampplek se rigting, verby die afdraai na die chalets op jou linkerkant tot by 'n T-aan-sluiting waar jy vasry in die

dorp se hospitaal. Die oord is in 'n boontjievorm om die hospitaal uitgelê.

Buiten vir die luukse staanplekke naby aan die kantoor word die staanplekke nie toegeken nie. Jy kan dus jou eie kolletjie gaan uitsoek. Hier is altesame by die 300 staanplekke wat in groepe rondom 8 ablusieblokke uitgelê is. Die meeste staanplekke het koelte, is gelyk en omtrent almal het gras.

Die staanplekke is nie afgebaken nie, maar gemerk met 'n nommer op 'n driehoekie teenaan die pad.

Die staanplekke is 'n skaflike grootte en jy gaan lekker bly met jou gemiddelde wa, tent en kar. Die kragpunte sit in geel boksies op lae paaltjies en een boks bedien 2-3 staanplekke. Elke staanplek het sy eie braaiplek met roosters.

'n Kraan en vullisdrom moet jy met een of

twee van jou bure deel.

As die waterwurms in die waterpark nie 'n duik in jou adrenalienvlak maak nie, mik dan na die glybane langsaaan.

'n Mens skiet só vinnig hier af en tref die onderste bad met só 'n vaart dat jy eers moet seker maak jou swemklere sit nog waar dit hoort voor jy uitklim.

Vir 'n effens kalmer rit kan jy met 'n tjoep in 'n groter soort wurm teen die bult af spoel. Die kanaal met 'n paar draaie en versnellings kronkel teen die bult skuins agter die waterwurm af.

Die warmwaterbron waar die dorp sy naam gekry het, borrel tussen die hidro en die ontvangskantoor uit die aarde. Die Tswana-mense wat in die 19de eeu hier gewoon het, het die fontein glo "bela bela" genoem, wat beteken "die een wat op sy eie kook".

Kampplek 60 luukse en 225 gewone staanplekke waarvan die meeste gras en koelte het.

Ablusiegeriewe Byderwets en naby.

Prys Vanaf R120-R250 p.n. per staanplek afhangend van die staanplek en seisoen, plus R100-R200 p.p. Tot 8 mense word per staanplek toegelaat en kinders van 4 jaar en ouer tel as 'n kop. Oor naweke en skoolvakansies mag jy nie minder as 2 nagte bespreek nie.

Kontak ☎ 014 736 8500

✉ warmbaths@foreversa.


co.za ✉ foreverwarmbaths.


co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S24.885200 E28.291648

Weg Ry & Sleep sê As jy graag hier wil kamp, maar die skares wil misloop, kom maak 'n draai buite vaksietye of langnaweke. >





ATKV-Klein-Kariba

Bela-Bela



Moenie mislei word deur Klein-Kariba se naam nie: Dis 'n plek vir groot pret en lekker rus. Die staanplekke is weerskante van 'n betonpad soos 'n mens die kampplek van die ingang by die groot badkamers se kant af binnery. Die ongelyke nommers is regs en die ander links teen die koppie.

Die oord se werkers staan nader om te help kamp opslaan nog voor jy ordentlik kans gehad het om die neuswiel te laat sak.

Dit raak warm in dié geweste, maar al kry jy nie die beste staanplek nie, is jy so te sê gewaarborg van 'n koelteboom. Die meeste van die staanplekke het skaduwee – en die bome is nie gister geplant nie.

Van die staanplekke teen die koppie is effens skuins, maar die opritte is saam met die staanplekke geplavei. Die

oorkantse plekke het ook pla-veisel. 'n Kraan en kragpunt (blou sok) is naby en hier staan los staalbraai-plekke rond.

Hier is twee ablusieblokke. Die groter een van die twee is oorkant staanplek nr. 1. Tussen die mans- en vrouekant is die gesinsbadkamer waarin 'n hele kinderkransklas sal pas.

Binne-in die groter badkamer staan keramiekwasbakke bo-op 'n marmerblad en jy voel omtrent soos die kat se snor om jouself in dié netjiese opset in die spieël te sien. Die blad van die wasbak die verste van die deur af is laer sodat klein Frikkie ook kan bykom.

Die storthokkie is ruim genoeg vir 'n sumostoeier. Dis in twee verdeel, met 'n storkant en 'n droë kant langsaan waar jy op 'n geteelde sitplek kan sit terwyl jy jou sokkies aantrek. Hier is ook 'n klerehaak, handdoekreling en spieël. Die storkant is oop en het nie 'n gordyn of deur nie.

Die ander badkamergebou is omtrent in die middel van die staanplekke, en binne-in is alles dieselfde as in die groot badkamers.

Ongeveer 300 m anderkant die staanplekke kry jy die eerste warmwaterswembad. Net verby dié een is nog 'n groot warmwaterswembad waarvan die vorm 'n mens laat dink aan 'n atletiekbaan.

Langsaan is 'n plasplek vir kleuters onder 'n skadunet, een met sy eie glyplank. Aan die oorkant is die binnenshuise warm baddens.

Regoor die binnenshuise swembad is 'n winkel wat enigets van vars groente en bevrore vleis tot die dag se koerant verkoop. Binne die gebou is daar ook 'n aparte vertrek waar jy van Maandae tot Saterdag drinkgoed met 'n skop kan koop.

Nog 100 m verder die bult uit is 'n minigolfbaan wat goed in stand gehou word.

Kampplek 1 klein kamp met 14 staanplekke links van die groot ablusieblokke, en 62 staanplekke aan die ander kant hiervan. Koelte is volop en 'n deel van elke staanplek is geplavei.

Ablusiegeriewe Die Blou Bulle kan hier maar van die vloer af kom eet.

Prys R105-R820 p.n. vir tot 6 mense, afhangend van die seisoen en staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 2 nm. en 10 vm.

Kontak ☎ 014 736 9800

✉ kariba@atkv.org.za

🌐 atkvoorde.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S24.851074 E28.336181

Weg Ry & Sleep sê Alles is hier – bring net jou wa. ➤

Perfek vir gesinsvakansies!



ATKV-KLEIN-KARIBA




DIE BOSVELD BINNE JOU BEREIK.

Dis tyd vir **kwaliteit-familietyd** - met iets vir ieder en elk! Van sprankelende swembaddens en avontuur-aktiwiteite, tot mini-golf, staproetes, en natuurlik 'n Koswerf restaurant om elkeen se honger te stil, kan jy verseker wees dat 'n wegbreekkans by **ATKV-Klein-Kariba** nooit 'n vervelike oomblik het nie.



KLEIN-KARIBA

014 736 9800 | KARIBA@ATKV.ORG.ZA | WWW.KLEIN-KARIBA.CO.ZA



Bosfontein-woonwaaord

Bela-Bela



Net noord van Bela-Bela lê Deon en Martie Beukes se Bosfontein-woonwaaord op 'n klein plaas. Staanplekke word vooraf toegeken, maar in stiller tye wanneer die kamp nie te vol is nie, kan jy sommer op enige plek intrek en afhaak.

Die 55 genommerde staanplekke is rond en bont tussen bome uitgelê en Bosfontein se opslaanspan staan gereed om jou help.

Die kampterrein se uitleg werk goed vir 'n groep familie of vriende wat wil saam kamp. Die staanplekke is twee-twee, drie-drie en selfs tot ses saam gegroepeer tussen die bome.

Elke staanplek het 'n geplaveide blad van 6 x 6 treë wat groot genoeg is vir jou woonwa en stoepent. By van die staanplekke is genoeg plek langs die blad sodat jy jou wagent kan staanmaak.

Met al die inheemse bome

in die kampplek is hier in die somermaande volop koelte.

Op jou staanplek het jy 'n blousok-kragpunt, kraan en vullisdrom, en 'n braaier met 'n rooster wat elke dag skoon-gemaak word.

Bosfontein het een groot ablusiegebou met aparte mans- en vrouebadkamers en vier gesinsbadkamers in die middel. Die badkamers is deels geteel en gepleister.

In Bosfontein se swem-, speel- en eetgedeelte is genoeg om oud en jonk besig te hou. Die kinders kan met hulle fietse afsit na die speel-parkie by die kantoor en op 'n ou trekker, motorfiets en klimraam rondklouter.

Die koue swembad het 'n vlak kinderpoel met 'n klein glybaan. Langs dié swembad kan jy op welige gras in die son lê en bak of jou sit kry in een van die vier klein grasdaksuilings.

Terwyl die kinders bommies

maak of op die klimraam en trampolien langs die water baljaar, kan jy die braaivuur by een van drie geboude braaiers aansteek. Die klimraam is onder 'n grasdak en die speelplek is omhein sodat Kleinboet nie ongesiens die pad kan vat na die swembad se diep kant toe nie. Langs die speelplek is 'n vlugbalbaan en 'n swaai-brug oor 'n stroompie.

Die verhitte swembad (34°C) is links van die kouewaterswembad en speelparkie, in 'n grasdaklapa met seilkante.

Hier is 'n mans- en vrouebadkamer, elk met 'n stort, wasbak en toilet en genoeg plek om jou swemklere aan te trek. Regoor die warmwater-swembad is die kampwinkel, restaurant, 'n grootskerm-TV (met DSTv) en 'n tafeltennis- en pool-tafel.

Die winkel verkoop hout, vuuraanstekers, ys, lekker-goed, koeldrank, roomys en basiese kruideniersware.

Kampplek 55 skaduryke staanplekke.

Ablusiegeriewe Ruim, netjiese en skoon badkamers vir mans en vroue, plus 4 gesinsbadkamers.

Prys R400-R650 p.n. vir 4 mense, afhangend van die seisoen. R20 p.d. ekstra vir 'n gesinsbadkamer.

Kontak ☎ 083 741 9097 (Martie) of 083 308 9502 (Deon)

✉ info@bosfontein.co.za
✉ bosfontein.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 1 km is 'n netjiese grondpad.

GPS S24.821283 E28.388307

Weg Ry & Sleep sê

Dis 'n oord waar die eienaars persoonlike aandag gee.

Waterbergoord

Bela-Bela



Net soos 'n mens altyd kan plek maak vir nog één mens in 'n hysbak, is daar by Bela-Bela altyd plek vir nog 'n oord. Die oord is omtrent regoor Bosfontein net buite Bela-Bela; straataf van Klein-Kariba.

By die ontvangskantoor is 'n sirkelpad wat jou help om met jou wa om te draai, want die staanplekke is halfpad terug hek toe.

Jy kan kies tussen twee soorte kampplekke: meer in die oopte met jou eie badkamer, of in die bos op sand met 'n gemeenskaplike ablusieblok.

Hier voel dinge agterme-kaar. By die ontvangskantoor kry jy 'n oordplan waarop elke staanplek duidelik gemerk is en somer ook wys hoe groot elkeen is. Die eersgenoemde staanplekke is buitengewoon groot en wissel van 109 m² tot 262 m². Dis boonop só tussen

die bome versprei dat jy nie oor jou buurman se stormtousal strompel nie. Oral staan houthutte tussen die bome wat 'n mens laat dink aan 'n kleiner weergawe van Jopie Adam se houthuis. Dís jou eie badkamer. Buite die huisie is 'n kraan plus 'n woonwaprop vir krag, en die braai staan los op wietjies.

Die een kant van die houthuisie is die opwasdeel met 'n wasbak, en aan die ander kant is die badkamer.

Die bosstaanplekke is regoor die inrypad na die ander staanplekke. Hierdie staanplekke is kleiner as die ander (35-128 m²) maar elkeen het 'n kraan, vullisdrom en blou woonwasok. Onderlangs is dit meer sand as harde grond. Die kolle in die bos is op só 'n manier skoongemaak dat die staanplekke omtrent heeltemal privaat is. Wanneer jy hier staan, besef jy eers die volgende oggend wanneer jy

iemand in die badkamer raakloop, daar is nog kampeerdere aan hierdie kant.

Die rustigheid rondom die Waterbergoord lok 'n mens eintlik om net hier te kom afsaal en niks verder te doen nie, maar hier is genoeg te doen as jy sukkel om stil te sit. Langs die kantoor is 'n warm-waterswembad – terwyl jy in dié rigting stap, kan jy somer inloer by die winkel regoor die kantoor. Jy kan basiese dinge soos papierborde, lekkergoed, gasaanstekers en 'n Bic-pen vir jou blokkiesraaisel hier kry.

Langs die swembad is 'n grasdaklapa waar jy wegneemetes kan bestel, en op die verste punt van die kantoor af is 'n speletjieskamer met onder meer 'n pool- en 'n klein foos-tafel ('n soort handsokker-affêre).

Jou kroos kan die heeldag hier kerjakkor sonder om al hulle sakgeld te blaas, want die speletjies is gratis.

Kampplek 14 staanplekke in 'n oopte tussen koeltebome, en 18 staanplekke in die bos.

Ablusiegeriewe Van die staanplekke het private geriewe. Hier is ook 'n onver-beterlike gemeenskaplike ablusieblok (met 2 gesins-badkamers).

Prys R350-R450 p.n. per staanplek afhangend van die seisoen (vir tot 4 mense).

Kontak ☎ 087 802 8390


✉ info@waterbergresort.co.za
📍 waterbergresort.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 0,5 km is 'n baie netjiese grondpad; so ook die paad-jies in die oord.

GPS S24.843160 E28.361404

Weg Ry & Sleep sê Die treinspoor loop omtrent 250 m van die kampplek af verby, en wanneer hy laat-nag verbyrammel, voel dit asof hy deur jou tent gaan bars. ➤





Sondela-natuurreservaat

Bela-Bela



Wanneer 'n mens by Sondela se hoofhek aankom, staan twee sekerheidswagte nader. Die een loer na sy lys om seker te maak jy het wel bespreek, en die ander staan voor jou voertuig en skryf die registrasienommer af. Die papiertjie wat jy by laasgenoemde kry, word ook jou hekpas.

Die "kantoor" is eintlik 'n kroeg waar jy drank, roomys en koeldrank kan koop. Die aanmeld- en pannekoektafel is net tydelik daar om die naweek se gaste welkom te heet. In dieselfde vertrek staan ook 'n pool-tafel en tafeltennisblad.

Regoor die kroeg, wat ook as ontvangskantoor dien, is 'n loutwarm swembad met 'n vlak kant vir kinders.

Die swembadgedeelte is omhein met 'n paaltjiesheining wat ongeveer heuphoogte staan, met 'n geveerde hekkie weerskante wat vanself

toegaan sodra jy deurstap.

Die gewone staanplekke kring van hier af uit. Party van die staanplekke het plaveisel en ander weer net gras. Die staanplekke is nie afgebaken nie, maar drie of vier staanplekke deel die gesamentlike kragpunte (blou sok) en die krane staan ook hier. Oral is netjiese groen gras en koelte, en hier staan hordes los staalbraaiplekke rond.

Die ablusieblok, tussen die swembad en kroeggebou, is spoggerig, met 'n lang marmerblad waarop 'n klomp keramiekwasbakke staan.

Die private staanplekke, met hulle eie badkamers, het soos paddastoel opgeskiet aan die regterkant soos jy inry. Die "ou" Sondela was al klaar 'n gewilde plek, maar te oordeel na die aantal kampeersers wat die private staanplekke verkies, het die eienaars 'n goeie besluit geneem.

As jy by die private staan-

plekke kom kamp opslaan, het jy 'n 8 x 8 m-stuk plaveisel waarop 'n woonwa met sy volgrootte tent kan pas, en langsaan is jou eie badkamer.

Buite, langs die deur, is 'n blou krag sok sodat jy elektrisiteit tot by jou woonwa kan aanlê. Die opwasbakke vir skottelgoed is ook buite, met koue en warm water.

Die meeste van die private staanplekke het taamlke koelte, maar die klompie rondom die drie badkamergeboue aan die verste punt van waar jy binnery, het geen koelte nie.

Die gebied regoor die kampplek is die hoofkompleks en staan bekend as die plaaswerf – as jy sommer hier wil rondloop, loer gerus in. Daar is vier swembaddens, almal 'n ent weg van mekaar, en 'n wonderlike grasperk met 'n klein plasplek onder dak vir kleuters. Hier is ook 'n restaurant en 'n boomhuis waarvan elke kind maar net kan droom.

Kampplek 89 gewone staanplekke en 52 elk met 'n private badkamer.

Ablusiegeriewe Silwerskoon en luuks.

Prys Gewone staanplek R360-R720 vir 4 mense; private staanplek met eie badkamer R450-R905 vir 6.

Kontak ☎ 014 736 8900

✉ reservations@sondela.com

🌐 sondela.com

Hoe lyk die pad? Die laaste 4,6 km is 'n skaflke grondpad.

GPS S24.894973 E28.393352

Weg Ry & Sleep sê Die Sondela-woonwapark het 'n vierstergradering, en dis 'n veilige kampplek wat gemik is op gesinne. Maak minstens een keer in jou lewe 'n draai hier, al bly jy in watter uithoek van die land.

Matamba-boskamp

Vaalwater



Sowat 28 km van Vaalwater af in Lephalale se rigting draai 'n grondpad na links af. Ongeveer 1,8 km van die afdraai af is die ingangshek vir die Matamba-boskamp aan jou linkerkant. Die grondpad wat uit die R33-teerpad afdraai, is effens sanderig en plek-plek selfs sinkplaat gery, maar die kilometer of wat se ongerief is deur en deur die moeite werd vir wat voorlê. Die heiningdrade weerskante van die pad is steeds hoog – dis sekerlik om die wild binne te hou.

Die grondpaadjies binne Matamba is vir lang ente net twee spore en jy wurm tussen digte bosgroei deur. As jy 'n gewone padwa sleep, moet jy versigtig ry, want die wa se wiele gaan op die buitenste skouer van die spoor loop en hier en daar moet jy ook naby bome teenaan die spore verby.

Hier en daar groei 'n koelteboom op jou kampkol. Dis

'n oopte van sowat 25 x 25 m en in die middel is 'n betonblad waarop 'n rooster staan asook 'n drom wat middeldeur gesny is waarmee jy die kole moet smoor voor jy inkuip. Die staanplek is ruim – drie of vier boswaens kan maklik hier inpas. Eenkant staan 'n kraan asook 'n kragpunt (huissok) en die stapel hout is vir jou gebruik – pasella. Die bosgordyn is behoorlik togetrek en wanneer jy om jou kyk, is dit moeilik om te dink 'n mens kan enigsins dieper die bos in.

Hier is vier staanplekke en saam staan hulle as die Tau-kamp bekend – “tau” beteken in Tswana “leeu”. Die staanplekke is só ver van mekaar jy weet nie van die volgende kampeerders nie. Die staanplekke het voëlname, en langs die Drongo-staanplek kan jy net-net 'n grasdak-rondawel in die bosse sien. Dit is 'n stylvolle gemeenskaplike badkamer wat lyk

asof dit in 'n rykmanslodge vir oorsese toeriste hoort. Die rondawel bestaan uit twee vertrekke. Die een het 'n toilet en wasbak; in die ander is daar dieselfde geriewe maar heelwat meer ruimte waarin 'n gesin maklik kan regkom. Die stort is op die punt en oop.

Van die inrypaadjie af, net voor jy by die Drongo-staanplek kom, wys die personeel jou waar die opelugtoilet staan. Dit is omhein met regop paaltjies – dis só goed weggesteek, as die personeel dit nie vir jou uitgewys het nie, sou jy dit waarskynlik nooit raakgesien het nie.

Skaars 100 treë of wat verder met die paadjie aan is 'n grasdakgebou waarheen jy die jong klomp kan stuur om die skottelgoed skoon te kry. Hier staan ook 'n klein eetkamerstel as jy jou kampstoel wil verruil vir 'n aandete op 'n ander plek. Die swembad is ook duskant in die bosse.

Kampplek 4 plat staanplek in die bos met krag, en 1 groepstaanplek sonder krag. (Op die groepstaanplek moet minstens 4 volwassenes vir minstens 2 nagte oorsaai.)

Ablusiegeriewe Kan nie beter nie – stylvol tog aards.

Prys R270-R300 p.p.p.n. (R135-R150 vir kinders o.12), afhangende van watter kamp jy kies.




Kontak ☎ 083 653 1287 of 081 021 2522; ✉ matamba bushcamp@gmail.com
 ☎ matambabushcamp.co.za

Hoe lyk die pad? Die laaste 1,8 km is 'n grondpad (hier en daar sanderig en sinkplaat), maar dit pla nie as jy stadig sleep nie.

GPS S24.099926 E27.979807

Weg Ry & Sleep sê Daar is nie 'n beperking op hoeveel mense op een staanplek kamp nie – dis dus net reg vir 'n groep vriende. >





Edenpark

Mookgophong



Langs die kantoor lê Edenpark se oorspronklike staanplekke, met die nuwer boskamp 'n entjie verder oorkant die inrypad. Die twee kampplekke se staanplekke is eenders en tussen bome uitgelê – die enigste verskil is dat daar by die boskamp gras en bossies tussen die staanplekke is terwyl die ander plekke skoon-gemaak is. Die boskamp se staanplekke is ook verder van mekaar af.

Diekant is plaveisel op elke staanplek en dit is nie eens nodig om jou grondseil oop te gooi nie – die plaveisel strek van hoek tot hoek.

Hier by Edenpark hoef jy nie vroeg uit die kooi te wees om die badkamerverkeer mis te

loop nie, want elke staanplek het sy eie badkamer. Elke vertrek het 'n elektriese geiser, en saam met die papierwerk wat jy by die ontvangskantoor kry, is 'n ellelange brief oor die toestand van die munisipale krag waarop die oord staatmaak.

Op die stoep van die gebou is 'n wasbak vir die skottelgoed met 'n werkblad langs. By die wasbak is 'n driepuntprop vir die krag na jou woonwa.

Teen die buitemuur van die gebou aan die kant van jou staanplek is 'n stoeplig wat jy kan gebruik as jy meer lig nodig het.

Die natuur is die spil waarom dinge hier draai, maar as jy ander afleiding soek, is dit ook daar. Agter die kantoor is 'n kouwaterswembad met

'n vlak kant vir kinders. Dié vlak deel het 'n afskorting wat keer dat klein Wimpie per ongeluk in diep waters beland.

Langsaan is die speletjieskamer waarin 'n pool-tafel en tafeltennisblad staan. Hier is ook 'n TV. Langs die speletjieskamer is 'n karige parkie met twee glyplanke en twee swaai plus 'n trampolien.

Agter die kantoor – in dieselfde gebou – is 'n snoepie waar jy dinge soos koeldrank, verskeie soorte lekkergoed, hout en ys kan koop.

In die kampterrein, agter staanplek nr. 21, is 'n beskeie speelparkie met 'n swaai of twee en 'n omheinde kouwaterswembad wat skaars so groot soos 'n gewone huis-swembad is.

Kampplek 'n Ouer, oop deel met 16 staanplekke en 'n boskamp met 11 staanplekke. Altesame 4 staanplekke is ook eenkant afgesonderd vir kleinerige groepe. Hier is hope koelte en elke staanplek is geplavei (behalwe vir 2 in die ouer deel met gras).

Ablusiegeriewe Elke staanplek het teenaan 'n eie badkamer.

Prys Afhangend van die seisoen R270-R420 per staanplek (4 mense).

Kontak ☎ 087 820 7240 of 079 455 9320 📧 edenpark@pcwireless.co.za 🌐 edenpark.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot by die oord. Die grondpaaië in die oord is skaflik.

GPS S24.443836 E28.681462

Weg Ry & Sleep sê As die bos en braaiuur jou ding is, staan nader. Die graderingsowerheid gee die oord vyf sterre en jy kry jou waarde vir geld. >

VIND JOU NUWE KARAVAAN OF KAMPEERWA

En bewonder elke hoek en draai.



Besoek ons gebruikersvriendelike webwerf of Toep en vind jou volgende karavaan of kampeerwa in n kits sonder enige moeite. Maak ook gebruik van ons nuutste 360° Interior View funksie, en bewonder elke produk van binne. Verbeter jou soektog en vind jou ideale karavaan of kampeerwa by Carfind.co.za

The logo for Carfind.co.za, featuring a magnifying glass icon over the word 'Carfind' in blue, followed by '.co.za' in red and green.





ATKV-Eiland-spa

Tzaneen



Die Eilandspa is een van die ouer kampplekke in die Tzaneen-omgewing en gewis die gewildste. Die borrelende mineraalwater het 'n byna magiese aantrekkingskrag, en is op sigself 'n uitstekende rede om hier te kom kamp.

Nog 'n goeie rede, veral vir mense wat genoeg gehad het van afgeleefde ablusie-blokke, is die Eilandspa se badkamers wat opgeknop is – 'n proses wat meer behels het as net 'n paar nuwe teëls en 'n vars laag verf. Hier word selfs die handdoeke netjies voor die storte en op die marmerblaaie van die wasbakke uitgepak, en die spieëls is ewe spoggerig geraam.

Tussen die mans- en vroue-

kant is opwasplek vir skottelgoed, en daar is outomatiese wasmasjiene en tuimeldroërs wat werk met ruilmunte wat jy by die kafee kan koop.

Die staanplekke is nie op groen grasperke nie – nee, hier is fyn klippiesgrond aan die orde van die dag, met mopaniebome. Elke staanplek het sy eie kraan en woonwatipe kragpunt, en los staalbraaiers staan oral rond.

Die warm water wat uit die aarde borrel, bly die groot attraksie. Daar is twee groot buitewembaddens met warm water met tussenin 'n kleiner plaspoel vir die kinders. Die hidro is 'n toegeboude onderdakswembad waar jy so te sê die eerste gebruiker van die warm water diep uit die aarde is.

Aan die binnekant van die seshoekige vertrek kan jy sien dis nie vandag se kind nie. Die plafon tregter die hoogte in en die ruimte het 'n Romeinse gevoel met vier boë aan elk van die ses kante. Aan die een kant is 'n sauna waar jy kan gaan bak, en langsaan 'n vertrek waarin bolle stoom geblaas word. Al stap jy kurkdroog dié warm wolke binne, lyk dit binne 'n minuut of twee of iemand 'n emmer water oor jou uitgeskiet het. En as jy nog energie oor het, kan jy 'n draai maak in die gimnasium langsaan.

Die winkeltjie oorkant die hidro het enigiets van vars groente en vleis tot blikkieskos, vars brood, drank en hout; langsaan is ook 'n kroeg en restaurant.

Kampplek 300 meestal plat staanplekke op harde sandgrond en met taamlieke koelte. Die staanplekke word vooraf aan jou toegeken.

Ablusiegeriewe 5 superskoon en moderne ablusieblokke.

Prys R198 p.n. tot R613 afhangelend van watter spesifieke tyd en seisoen.

Kontak ☎ 015 386 8000

✉ eilandspa@atkv.org.za

✉ eilandspa.co.za

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S23.655844 E30.670867

Weg Ry & Sleep sê Dis 'n stil kampplek in die bos met van die beste badkamers in die land.

Forever Phalaborwa-safaripark

Phalaborwa



Die Phalaborwa-Safaripark is die naaste wat jy daaraan kan kom om die Kruger-wildtuin se diere as kampbure te hê sonder om in die park self kamp op te slaan. Dié kampplek is net 230 m voor die Kruger se hek aan die regterkant van Hendrik van Ecklaan (die R71). Pick n Pay, Loodse Slaghuis en Tops at Spar lê net sowat 4 km agtertoe in die middedorp.

In die wintermaande slaan afgetrede paartjies van bo tot onder in die Safaripark kamp op. Party kamp sommer vir weke aaneen en ry dag ná dag met hulle Wild Card die wildtuin in.

Jou staanplek in Safaripark is 'n goeie 10 x 15 m groot en jy kamp onder groot mopanies. Dis nie groen grasstaanplekke nie, maar harde Limpopo-rooigrond en jy moet maar die grondseil uitrol. En wees gewaarsku: Die grond

is só hard dat selfs Suid-Afrika se sterkman Gerrit Badenhorst gaan sukkel om die tentpenne in te slaan. Van die ouer kampeerders sê van hulle ry maar die boormasjien met 'n lekker lang boorpunt saam.

Jou braaiplek is 'n vierkantige bakbraaier en rooster op 'n ysterpaal wat in die rooi-grond geplant is. Jy en jou buurman deel 'n kragboks, kraan en 'n vullisdrom wat die oordpersoneel soggens kom leegmaak.

Die 47 staanplekke is om 'n groot sirkelpad uitgelê, met staanplekke aan weerskante van die pad. Binne die sirkel is geplaveide paadjies met klein lappale om jou pad in die donker na die ablusieblok makliker te maak. Naby die hek in die linkerhoek van die kampplek is 'n swembad en speelplek met 'n klimraam.

Vir die mense nader aan die hek is daar voor in die kampplek 'n grasdakablusieblok met aparte badkamers vir mans en vroue met 'n onderdakopwasplek aan die buitekant. Aan die onderpunt van die kampplek is 'n identiese badkamergebou en opwasplek vir die kampeerders wat verder af kamp opgeslaan het.

In die opwasplekke is kook-watertoestelle teen die muur waar jy koffiewater kan gaan haal. Jy hoef ook nie jou vuil T-hemde en kortbroeke met die hand te staan en was nie. By die oord se werkwinkel is 'n waskamer met twee wasmasjiene en 'n tuimeldroër. Dis gratis; jy moet net jou eie waspoeier en Sta-Soft bring. Albei badkamers het uitgooi- en skoonmaakplek vir kassettoilette.

En jy hoef nie net wildtuin toe te gaan nie. In en om Phalaborwa is heelwat doendinge waarmee jy ou kan besig hou.

Kampplek 47 groot staanplekke op rooi grond en onder groot mopaniebome, almal met krag en water.

Ablusiegeriewe 2 gerieflike badkamers en opwas-kamers bo en onder in die kampplek.

Prys Tussen R245 en R385 vir die eerste 2 mense, afhange van die seisoen, en daarna R75 vir elke ekstra kampeerder.

Kontak 015 781 7500

✉ safarires@foreversa.co.za


🌐 phalaborwasafaripark.co.za

Hoe lyk die pad? Al die pad teerpad.

GPS S23.94816 E31.16289

Weg Ry & Sleep sê Bring warm klere saam. Die wintersdae is warm, maar die aande koud. >





Tsendze

Phalaborwa



Tsendze in die Kruger-wildtuin is 'n kamp-plek waar 'n mens móét gaan inloer, al is dit net om met jou eie oë te sien waarom so baie kampeers dit as hulle gunsteling-kampplek uitsonder. Tsendze het nie sy eie ontvangskantoor nie; jy moet 'n paar kilometer verby hou tot by die Mopani-kamp om in te teken. By Tsendze is dinge agtermekaar, en elke staanplek is duidelik genommer. Die beampte waar jy inteken, benadruk ook dat jy op die staanplek moet kamp wat hulle aan jou toewys, want die plek kan volbespreek wees. (Terwyl jy in die Mopani-kamp draai, kan jy ook jou vars goed in die winkel aanvul en die dieseltank volmaak voor jy weer afsaal in die bos.)

Tsendze se borshoogte houtheek moet jy self oopmaak om die kamp binne te ry. Kyk maar goed rond voor iemand

uit die kar spring om die hek oop te maak, sodat 'n wilde dier jou nie buite die kamp onkant betrap nie. Met ons besoek was daar net 'n paar honderd meter van die afdraai na die kamp van die grootpad af 'n klompie olifante.

Aanwysingsbordjies wys watter afdraai jy moet neem na watter kampplek toe, en meer as een bord maak dit duidelik dat kragopwekkers nie welkom is nie.

Die staanplekke is groot skoongemaakte kolle in die bos, party heel privaat en ander effens nader aan mekaar, maar niemand is in niemand se pad nie. In die middel van die dag is dit doodstil in die kamp – dit voel omtrent soos 'n Sondagmiddag. Twee ouer kampeers sit langs mekaar en lees, maar is só verdiep in hulle boek dat hulle nie eens 'n wenkbrou lig terwyl ons op die kampplek langs hulle

nesskop nie. Die mense aan die ander kant sit ook met hulle neus in 'n boek, maar hulle lig vinnig die kop, groet en lees verder. Iets wat klink na 'n voël wat goed omgeëllie is, maak histories alarm terwyl ons hoekstutte grond vat. Dis in der waarheid 'n eekhorning wat op 'n boomstomp rondans, en dit lyk of hy dringend aandag soek by een van sy trawante.

'n Geelbekneushoringvoël vlieg nader en hop tot tussen ons voete. Hy pik van die toe-broodjie se krummels op wat op die grond beland, en 'n mens kry 'n onrustige gevoel, want jy weet dis taboe om diere te voer. Maar dié kalant is 'n ou hand, en nadat hy die meevaller oppik, vlieg hy terug tot op die naaste tak.

Hier is twee badkamers naby mekaar. Hulle lyk identies en is omtrent in die middel van die kamp.

Kampplek 30 gelyk staanplekke elk op 'n skoongemaakte deel in die bos met redelike koelte.

Ablusiegeriewe Netjies, goggaloos met buitelogstorte.

Kontak ☎ 012 428 9111
📧 sanparks.org 📞 reservations@sanparks.org

Prys R265-R305 vir die eerste 2 mense (afhangende van die seisoen), plus R82 p.p. daarna (R41 vir kinders). As jy nie 'n Wild Card het nie, moet jy ook 'n bewaringstarief van R76 p.p.d. betaal (R38 vir kinders).

GPS S23.556463 E31.444141

Weg Ry & Sleep sê As buffels, olifante en 'n goeie boskamp op jou lysie is, kan jy maar bespreek. >

ATKV-oorde

ATKV
oorde

'N BEKOSTIGBARE WEGBREEK VIR DIE HELE GESIN!

Pret en plesier vir die kinders, rus en vrede vir die grootmense en ongeëwenaarde natuurskoon vir die hele gesin – dit is wat jy kan verwag wanneer jy enige van die **sewe** uitsonderlike **ATKV-oorde** regoor Suid-Afrika besoek. Al ons oorde beskik oor goed toegeruste kampeerterreine sodat jy nader aan **Moeder Natuur** kan kom, sonder om gemak in te boet. Daar is ook gerieflike selfsorg-eenhede om van te kies. Alle akkommodasiekoste word per staanplek of eenheid bereken, so jy spaar altyd!



VAKANSIES | KONFERENSIES | TROUES | GROEPE



Gaan na ons webwerf vir meer inligting oor ons verskeie akkommodasie-opsies, asook al die opwindende aktiwiteite wat ons jou en jou gesin bied.

koswerf

SENTRALE BESPREKINGSKANTOOR: 011919 9092 | WWW.ATKVOORDE.CO.ZA | WWW.FACEBOOK.COM/ATKVOORDE





Shingwedzi

Phalaborwa



As jy ooit 'n kamp-waterpas uitvind, kan jy dit hier in die Krugerwildtuin kom kalibreer. Shingwedzi se staanplekke is op 'n plat stuk aarde op fyn klippiesgrond. Die plekke nader aan die swembad het heelwat groterige koelgebome naby aan mekaar, maar soos jy aanstap na die oorkant toe, staan die bome verder uitmekaar. Dit is dus die minder bedrywige kant, maar as jy laat opdaag, moet jy dalk tevrede wees met net die koelte van jou stoepdak. 'n Mens sien nie

dadelik die krane nie, maar kyk mooi. Hier is heelwat van hulle, maar hulle staan geplant reg teen die bome; mooi netjies uit die pad.

In die middel van die kamp staan die een badkamergebou, terwyl die ander badkamer aan die verste kant van die swembad is. Die waskamer is ook hier. 'n Vrou stap fluks van die oorkant met haar bondel om by die wasmasjien uit te kom, terwyl 'n ander een in 'n Prado spring en dieselfde afstand ry.

'n Entjie weg slaan nuwe

kampeersers tent op voor hulle kyk waar die kragpunt staan. Die man rol 'n 30 m-koord af, maar staan teleurgesteld en kyk hoe die koord dit nie maak nie. Hy gaan gawe in die bagasiebak rond en las nog 'n 10 m-koord by.

Oorkant hulle staan vyf mense om hulle stoepent se een hoekpaal, maar met daardie tien hande kry hulle nie die tent opgeslaan nie. Net toe dit lyk of die dak staan, trek die vrou aan die paal en die hele spul val plat soos 'n pannekoek voor die woonwa.

Kampplek 65 plat staanplekke op harde grond.

Ablusiegeriewe 2 geboue, skoner as skoon.

Prys R240-R400 per staanplek (afhangend van die seisoen, met of sonder krag asook watter staanplek) vir die eerste 2 mense, plus R88 per ekstra volwassene (R44 vir kinders van 2-11 jaar). As jy nie 'n Wild Card het nie, moet jy 'n verdere R82 p.p.d. betaal (R41 vir kinders).

Kontak ☎ 013 735 6806/7
✉ reservations@sanparks.org
🌐 sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S23.108362 E31.435456

Weg Ry & Sleep sê
'n Eenvoudige kampplek met alles wat saak maak.

Punda Maria

Louis Trichardt



Punda Maria was byna 'n eeu terug 'n veldwagterspos met kaptein J.J. Coetzer aan die stuur van sake. Van die eerste diere wat kaptein J.J. ná sy aankoms hier gesien het, was sebras. Die Swahilinaam vir 'n sebra is "punda malia" en die kaptein se vrou, Maria, het 'n voorliefde vir klere met swart en wit strepe gehad; toe noem hy dié plek Punda Maria.

Dis die Krugerwilduin se noordelike kamp en is teen die voet van 'n kliprantjie, weggesteek in die bosse. Soos jy na die hek toe aangery kom, lyk dit 'n bietjie soos 'n plaas-opstal met twee wit hekpile aan weerskante van die pad. Aan elke pilaar is 'n hek en hulle swaai na mekaar toe om die wilde diere saans uit te hou.

Een van die Kruger se gawe geriewe is die vulstasies by van die kampplekke, ook by

Punda Maria. Net nadat jy by die hek in is, staan die Totalpomp aan die linkerkant.

Die kantoorgebou is 'n drie-in-een-gebou met die ontvangsgedeelte, 'n restaurant met tafels en stoele wat lyk soos dié van 'n koshuiseetsaal, en 'n winkel. Die kantoor is regs in die gebou; teen die muur is 'n kaart waar jy met magneetplakkers vir ander besoekers kan wys watse diere jy gesien het. Punda Maria en die res van die wildtuin se kampwinkels stel 'n voorbeeld. Hier is alles wat 'n kampeerder nodig het.

Voor in die kamp, langs die heining, is 'n grasdakwildskuiling waar jy laatmiddag kan kom kyk hoe 'n olifant by 'n watergat sy lyf met modderwater bespat. Jy mag nie regs van dié gebou langs die heining kamp opslaan nie, maar 'n entjie verder op langs die heining – dis nou as niemand

jou voorgespring het nie.

In die kamp staan 'n klomp geplante staalbraaiers met roosters en ook 'n klompie los braaiers, en hier is genoeg vir almal. Van die braaiers het 'n ronde smoorplaat wat jy oor die kole sit as jy gaan inkruip.

Omtrent in die middel van die kampplek staan twee vierkantige kombuisgeboue so 100 m van mekaar af met onder meer wasbakke vir jou skottelgoed en elektriese tweeplaatstofies vir die slag wanneer jou gasstof nie wil saamwerk in die wind nie.

Die twee badkamers het min of meer dieselfde geriewe en word soos al die Krugerwildtuin se badkamers behoorlik skoongehou.

Die swembad is langs die badkamergebou wat in die omgewing van die kantoor lê, en dit is omhein sodat kleintjies nie per ongeluk in die water kan beland nie.

Kampplek 61 staanplekke, twee derdes daarvan met krag en heelwat koelte.

Ablusiegeriewe 2 skoon badkamergeboue.

Prys R240-R345 per staanplek (afhangend van die seisoen en met en sonder krag) vir die eerste 2 mense, plus R88 per ekstra volwassene (R44 vir kinders van 2-11 jaar). Plus 'n verdere R82 p.p.p.d. (R41 vir kinders) vir die bewaringstarief.

Kontak 013 735 6873

✉ reservations@sanparks.org



org 🌐 sanparks.org

Hoe lyk die pad? Teer tot in Punda Maria.

GPS S22.692036 E31.018024

Weg Ry & Sleep sê Punda Maria is een van die Kruger se stiller kampplekke. ➤





Forever Tshipise

Musina



Onder kampeersers het die naam Tshipise omtrent dieselfde trefkrag as Mike Tyson onder bokkers, maar met een verskil: Tshipise gaan nog vir 'n hele paar dekades kook.

Hier is 'n paar honderd staanplekke, maar selfs in die winter is omtrent die helfte van hulle beset. En as 'n mens kyk hoe die mense hier opslaan, is dit duidelik hulle oornag nie net nie. Nee, hier word die penne sommer vir 'n maand of twee ingeslaan.

Vroegoggend staan die stoom dik bo die warmwater-swembaddens, en jy sien die koppe van 'n klomp baaiers wat net-net bo die water uitsteek soos boeie in die diepsee. Byna roerloos sit hulle. Eenkant in die water staan 'n groot groep mans wat lyk

of hulle aan 'n paar ernstige praatjies herkou, en aan die ander kant is 'n klompie vroue wat geselsies maak.

Staanplekke verskil van kol tot kol waar dit in die oord lê. Party het lowergroen gras met koelte; party het net son; en ander het weer geen gras nie, maar baie koelte. Die staanplekke is merendeels plat en met kniehoogte pale afgebaken. Jou kragpunt ('n woonwasok) en kraan is gerieflik naby aan jou staanplek; as dit nie deel van jou staanplek is nie, is dit teenaan. Hier is hordes los staalbraai-plekke wat jy kan neersit waar jy dit verkies.

Maar wanneer jy jou staanplek kies, is dit veel belangriker om eers 'n ablusieblok te kies. As jy enigsins kan, probeer 'n staanplek naby nr. 1 kry. Net die badkamers is vyf sterre

werd. Aan die manskant is daar selfs vars blomme op die marmarblad langs die keramiekwasbakke. Die teëlwerk is modern, en die storthokkies ook prakties (al wat pla, is die hokkie se deur wat na die binnekant oopmaak).

Die opwasplek (vir skottelgoed en wasgoed) is agter die ablusieblok.

Reg agter die ontvangsgebou is 'n paar winkels wat die stad se gerief nader bring. Die algemene winkel verkoop al die noodsaaklike dinge – van vars groente en brood tot tydskrifte, roomys en 'n sweterjoel swemklere. Hier is ook 'n drankwinkel en slaghui, en op die restaurant se spyskaart is enigets van 'n omelet tot koningingarnale.

Die waskamer is ook hier. Die wasmasjiene en tuimeldroërs werk met R5-munte.

Kampplek 370 staanplekke, sommige met gras en koelte; ander met son en g'n gras.

Ablusiegeriewe 7 badkamergeboue en deur die bank skoon en netjies.

Prys R160-R270 p.n. per staanplek afhangend van die seisoen, plus R70-R90 p.p.

Kontak 015 539 0634

tshipiseres@foreversa.

co.za tshipise@forevertshipise.co.za

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S22.605996 E30.173337

Weg Ry & Sleep sê

'n Kampplek waar jy net jou woonwa heen moet sleep – verder is hier alles wat sorg vir 'n goeie kuier. >

SOSSUS OASIS CAMP SITE GATEWAY TO CAMPING COMFORT



Gerieflike kampeerterrein geleë by die ingangshek na Sossusvlei

12 Kampeerterreine - Elk met 'n geplaveide onderdak stoep, eie toilet- en stortgeriewe, kombuisie, braai asook kragpunte.

Swembad beskikbaar op terrein.

Binne loopafstand is 'n restaurant, Internet-kafee en 'n toegerusde winkel met versnaperinge, drankies, ys, kruidenersware, hout, geskenke, klere, brandstof asook 'n motorband-werkswinkel.

www.sossus-oasis.com | www.facebook.com/SossusOasis



ETOSHA VILLAGE CAMP SITE ENTRANCE TO NAMIBIA'S ANIMAL KINGDOM



Eksklusiewe kampeerterrein geleë by die Okaukuejo ingangshek na Etosha

Die 4 Individuele Kampeerterreine by Etosha Village is geleë in die inheemse Mopanie woud wat die Etosha Nasionale Park omring.

Die kampeerterreine beskik elk oor sy eie toilet- en stortgeriewe, kragpunte, lopende water, ligte en 'n braai.

Binne loopafstand is 'n restaurant, winkeltjie en swembad.

www.etosha-village.com | www.facebook.com/EtoshaVillage



Ander Akkommodasie Opsies beskikbaar in die Taleni Africa Portefeulje:



Eksklusiewe Hotel geleë in die Hartjie van Swakopmund

www.hotelzumkaiser.com | [/HotelZumKaiser](https://www.facebook.com/HotelZumKaiser)



Bekostigbare Akkommodasie by Etosha Nasionale Park

www.etosha-village.com | [/EtoshaVillage](https://www.facebook.com/EtoshaVillage)




Luukse Akkommodasie by die
ingangshek na die bekende Sossusvlei
www.sossusvleilodge.com | [/SossusvleiLodge](https://www.facebook.com/SossusvleiLodge)



Uitmuntende Selfsorg Akkommodasie
op die randjie van die Namib
www.desertquivercamp.com | [/DesertQuiverCamp](https://www.facebook.com/DesertQuiverCamp)



Beste Selfsorg Akkommodasie
in ongeëwenaarde woestynprag...
www.desertcamp.com | [/DesertCamp](https://www.facebook.com/DesertCamp)



Mazhou

Alldays



Die Mapungubwe-nasionale park is sowat 40 km lank en 7 km breed en lê in sy lengte teen die Limpopo-rivier af. Die Shasherivier is die grens tussen Botswana en Zimbabwe en vloei by Mapungubwe in die Limpopo in.

In die linkerkant, 40 km van die kantoor af, is Mapungubwe se enigste kampplek, Mazhou.

Dis 'n kreatiewe argitek wat die kantoor ontwerp het – die bruingerfde gebou met sy paledak pas mooi by die natuur in. Dié gebou sit langs die R572-teerpad wat van Musina af na Pont Drift loop, en jy moet eers hier aanmeld voor jy die pad verder tot by Mazhou kan vat.

Die parkeerterrein het net enkelparkeerplekke en is ook nie gerat vir sleepkombinasies nie. Soos jy met jou wa nader trek, beduie die hewag jou met armbewegings nader, amper soos 'n lughawe-am-

penaar wat vir 'n vlieënier wys waar om sy vliegtuig in te trek. Hy laat jou op 'n eiland met geel strepe stilhou – dan is jy uit die pad van ander mense terwyl jy jou sake in die kantoor afhandel. In die res van dié parkgedeelte word geen woonwaens toegelaat nie.

Die mense in die kantoor is fluks en gee vir jou 'n geko-pieerde parkkaart in twee dele wat jy langs mekaar moet pas. Die man agter die toonbank trek met 'n helderoranje merkepen 'n lyn op jou kaart en verduidelik hoe jy tot by Mazhou moet ry.

Elke staanplek het sy eie klein krag-en-waterstasie – 'n vierkantige betonblok wat met houtpale afgerond is – met 'n kraan, kragpunt (met 'n gewone huissock), lig en vullisdrom. Jy het 'n los staalbraaier wat jy kan skuif na waar jy hom op jou staanplek wil hê.

Die badkamergebou is

gerieflik in die middel van die kampplek, en jy en al die kampbure is almal omtrent ewe naby daaraan. As jy en van die ander kampbure egter dieselfde tyd badkamer toe stap, is dit 'n bietjie knap vir almal.

Dis twee reghoekige geboue langs mekaar met 'n kombuisgedeelte en badkamer vir gestremdes in die een gebou, en 'n badkamer met enkelgeriewe vir mans en vroue in die ander. In die kombuis is onder meer twee dubbelwasbakke vir skottelgoed en 'n elektriese tweekleefstoom om jou koffiewater te kook. Die twee toilette elk vir mans en vroue is op die punte van die badkamergebou en in die middel is 'n gaashek-ingang na twee gemeenskaplike wasbakke en twee afsonderlike storthokkies vir mans en vroue.

Die badkamers word meer as ordentlik skoon gehou.

Kampplek 10 gelyk

staanplekke wat wissel van klein tot baie groot met genoeg koelte.

Ablusiegeriewe Skoon, maar beknop as dit besig raak.

Prys R285-R330 p.n. vir die eerste 2 (afhangelend van die seisoen), plus R88 per ekstra volwassene (R44 vir kinders 2-11 jaar). Plus R48 p.p.p.d. (R24 vir kinders) vir die bewa-ringstarief.

Kontak ☎ 015 534 7923/4

📧 reservations@sanparks.org

🌐 sanparks.org

Hoe lyk die pad?

Die laaste 8,9 km is 'n taamlike goeie grondpad.

GPS S22.187839 E29.202149

Weg Ry & Sleep sê Dis een van Sanparke se minder bekende kampplekke, maar beslis 'n besoek werd. 📍

Jou tuin of oord se **grassny-vennoot**



Groot brandstoftenk | Uitstekende gewigverspreiding | Duursame gietyster-dek



Waarborg
24 maande/1 500 uur

Effektiewe grasperkversorging in 'n japtrap met die John Deere Ride-on en Zero-turn grassnyers.



JOHN DEERE

Vir meer inligting, kontak Carla Engelbrecht by 082 807 2479



Sluit aan by John Deere op Facebook



Volg John Deere op Twitter



Besoek John Deere op YouTube

www.deere.com/sub-saharan/en

africa@johndeere.com

Kliëntediens: 0800 983 821

Weg! Ry & Sleep Oordgids 2018

Ry&Bly



dibiki
vakansieoord ~ holiday resort
★★★★★






Kom kuier en kamp lekker by ons eksklusiewe privaat oord naby Hartenbos en die see. Ons het 30 staanplekke waarvan ses privaat ablusieriewe het. 20 staanplekke het plaveisel en DSTV-punte. Die netjiese selfsorg-chalets is ten volle toegerus en het braaieriewe. Almal geniet die lapa, swembad, trampolien, grootkerm-TV en kroegfasiliteit. Die Bakibiki-koffiewinkel bedien heerlike ontbyt en die beste wafels, pizza's, ens.

Tel: 044 695 1532 | Sel: 082 076 0088 |
E-pos: info@dibiki.co.za | Web: www.dibiki.co.za |
GPS-koördinate: 34° 06'55"S 22° 06'58"E

EDENPARK

★★★★★

EKSKLUSIEF - 5-ster-woonwa-oord

Met trots, spog ons met 31 eksklusiewe staanplekke. Elke staanplek beskik oorsy eie PRIVATE ABLUSIE, asook eie braaieriewe en kragpunte.

Die staanplekke is ruim en skaduryk – **PRAGTIG!**

ONS STREEF DAARNA OM U BESOEK BY ONS GENOTVOL & DENKWAARDIG TE MAAK. Ons Oord Is Ons Trots!

'n Bosveldervaring met 'n venskil – JY IS DIT WERD!

Besoek ons webblad vir naweek- en langnaweek-besprekings
E-pos: edenpark@pcwireless.co.za
Web: www.edenpark.co.za
Sel: 087 820 7240 | Sel: 079 455 9320 | Faks: 086 691 7559

LIMPOPO

NABOOMSPRUIT




Mabalingwe
GAME RESERVE
MGR Services (Pty) Ltd.



Mabalingwe - Dis 'n leefstyl!

Kom ontspan in ons luukse selfsorg huise met privaat swembad teen billike tariewe. Karavaanpark bestaan uit 70 elektriese staanplekke en 3 ablusieblokke met familie badkamers. Putt-putt en speelark vir kinders en 2 swembaddens waarvan 1 verhit is. 'n Goed toegeruste winkel is tot u beskikking met o.a aandenkings, wegneemetes & alledaagse benodigdhede. Die drankwinkel bedien die wêreldbekende R&R's - Tipo Tinto & Raspberry. Wildsritte neem jou om die Groot 5 van nader te beskou, asook ons jagluiperde, wildehonde, rooikatte en nog meer.

014 736 9000 / 014 001 7010 | info@boschpoort.co.za | www.mabalingwegamereserve.co.za

LIMPOPO



DRIE BERGE KARAVANPARK
081 608 3409 (Besprekings)
www.driebergekaravaanpark.co.za

• Geleë 7 km buite Brits • Die meeste karavaanstaanplekke is langs die Krokodilrivier tussen berge • Geniet die Bosveldatmosfeer, stilte, voëls en swembad • Gesinsbadkamers in die ablusieblokke
Tel: 083 608 3409 (8:00 – 13:00) | E-pos: drieberge@lantic.net
Web: www.driebergekaravaanpark.co.za

NOORDWES

BRITS



Umfula

5km uit Parys op die Fochville-pad

Umfula is geleë op die oewer van die Vaal rivier.
Swembaddens, sportkroeg & onthaal saal.
Speelpark, visvang en kaai vir bote
Selfsorg: 6 x 4-Bed chalets, 9 x 6-Bed chalets & 39 x staanplekke

Besprekings: 082 312 4123
Epos: info@umfula.net
Web: www.umfula.net
GPS: S26.51.74' – E27.28.11'





Willem's Rus
KAMPTEREIN



25 groot afsonderlike staanplekke. Dinokeng Groot 5-wildreservaat 35km noord van Pretoria

Tel: 081 702 2989 | info@willemsrus.co.za
www.willemsrus.co.za |

GAUTENG

PRETORIA

Kamp SOOS 'N KONING by Forever

Ag man, maar dis lekker om te kamp! Laataand spookstories vertel om die kampvuur, wakker word met lieflike voëlsang in jou ore, kampkoffie drink langs die kabbelende rivierwaters, visvang van sonop tot sononder... **IS DIT NIE TYD DAT JY 'N SLAG WEER GAAN TENT OPSLAAN NIE?**

FOREVER IS EEN VAN DIE TOP VAKANSIEGROEPE IN DIE LAND, MET MEER AS 20 VAKANSIEBESTEMMINGS WAT WYD EN SUID OOR DIE HOOF PROVINSIES VERSPREID LÊ. Forever se Kampterreine spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.

BESPREEK VANDAG NOG 'N LEKKER VISVANG-VAKANSIE BY ENIGE FOREVER VAKANSIEOORD:

Loskopdam, A Forever Resort | Plettenberg, A Forever Resort | Swadini, A Forever Resort |
Blyde Canyon, A Forever Resort | Gariep, A Forever Resort | Tshipise, A Forever Resort |
Badplaas, A Forever Resort | Warmbaths, A Forever Resort



BESPREEK VANDAG AANLYN!
www.foreversa.co.za



KINDER KASKENADES by Forever

'N VAKANSIE SONDER DIE KINDERS IS MOS DAREM NET NIE 'N VAKANSIE NIE! By Forever verwelkom ons kinders met ope arms, en bied ons 'n wye verskeidenheid aktiwiteite om die kleingoed vir ure lank besig te hou. Van putt-putt, vlugbal en tennis, tot "supertubes", swembaddens en vele meer! Boonop bied sekere **FOREVER BESTEMMINGS** vakansieprogramme gedurende die skoolvakansies aan – doen gerus navraag vir meer inligting

FOREVER is een van die top vakansiegroepe in die land, met meer as **20 VAKANSIEBESTEMMINGS** wat wyd en suid oor die hoof provinsies verspreid lê. **FOREVER VAKANSIEOORDE** spreek van pret, avontuur en 'n unieke warmte wat onmiddellik jou hart sal steel, en elke bestemming is omring deur 'n skatkis van aktiwiteite en attraksies wat wag om ontdek te word.

BESPREEK VANDAG NOG 'N WEGBREEK VIR DIE HELE GESIN!

Loskopdam, A Forever Resort | Plettenberg, A Forever Resort | Badplaas, A Forever Resort | Warmbaths, A Forever Resort | Swadini, A Forever Resort | Blyde Canyon, A Forever | Gariep, A Forever Resort | Tshipise, A Report



BESPREEK VANDAG AANLYN!
www.foreversa.co.za